# Graad 2

# TERMYN 3

# AFRIKAANS HUISTAAL

# Lesplanne

## VRYWARING/REDIGERING PROSES

Beste Kollegas,

Welkom by die NECT Huistaal Program!

Let asseblief daarop dat die NECT Huistaal Termyn 3 se material in n baie kort periode ontwikkel is.

As gevolg van hierdie rede, is dit moontlik dat daar in die toekoms vernaderinge sal wees in die program.

Ons sal ook graag vir julle wil betrek by die ontwikkeling van hierdie program en sal enige insette waardeer. Dit is n aaneenlopende proses van ontwikkeling en verbetering. Indien julle enige foute opmerk, volg asseblief die volgende proses om dit te rapporteur:

1. Stuur 'n e-pos aan die relevante presoon:
   xitsonga@homelanguage.co.za
   tshivenda@homelanguage.co.za
   sepedi@homelanguage.co.za
   siswati@homelanguage.co.za
   isizulu@homelanguage.co.za
   isindebele@homelanguage.co.za
   isixhosa@homelanguage.co.za
   sesotho@homelanguage.co.za
   setswana@homelanguage.co.za
   afrikaans@homelanguage.co.za
   english@homelanguage.co.za
2. In die onderwerp lyn, skryf die dokument se verwysing. Byvoorbeeld: GRAAD 3 TERMYN 3 LESPLAN BL 45–47.
3. Verduidelik dan die veranderinge wat julle graag onder ons aandag wil bring **OF** maak die vernaderinge op jou harde kopie, skandeer dit en heg dit aan die e-pos.
4. Indien julle 'n ernestige TAAL probleem ondervind wat julle onder ons aandag wil bring, skryf dan byvoorbeeld die volgende in die onderwerp lyn: BEWYSE VAN STREEKSDIALEK.
5. Skryf dan n volledige verslag oor die probleem.
6. Stuur asseblief alle e-posse met jou naam, rang by skool asook jou selnommer. Ons sal dan met jou in verbinding tree om die probleem te bespreek.
7. **Baie dankie vir jou kundigheid en bydrae tot hierdie program. Ons wil graag die beste en mees korrekte kopie vir alle tale aanbied.**

# Inhoud


Bestuursnotas v
Kernmetodologieë xii

**Week 1 Tema: Gemeenskap 1**
Maandag 3
Dinsdag 8
Woensdag 12
Donderdag 17
Vrydag 20

**Week 2 Tema: Gemeenskap 27**
Maandag 29
Dinsdag 34
Woensdag 39
Donderdag 45
Vrydag 49

**Week 3 Tema: Kreatiewe Denke 53**
Maandag 55
Dinsdag 60
Woensdag 64
Donderdag 70
Vrydag 74

**Week 4 Tema: Kreatiewe Denke 79**
Maandag 81
Dinsdag 86
Woensdag 91
Donderdag 97
Vrydag 101

**Week 5 Tema: Gesonde Eetgewoontes 105**
Maandag 107
Dinsdag 112
Woensdag 117
Donderdag 123
Vrydag 127

**Week 6 Tema: Gesonde Eetgewoontes** **131**
Maandag 133
Dinsdag 138
Woensdag 143
Donderdag 149
Vrydag 153

**Week 7 Tema: Bekommerd en Bang** **157**
Maandag 159
Dinsdag 164
Woensdag 169
Donderdag 175
Vrydag 179

**Week 8 Tema: Bekommerd en Bang** **183**
Maandag 185
Dinsdag 190
Woensdag 195
Donderdag 201
Vrydag 205

**Week 9 Tema: Ander Plekke** **209**
Maandag 211
Dinsdag 215
Woensdag 220
Donderdag 226
Vrydag 230

**Week 10 Tema: Ander Plekke** **235**
Maandag 237
Dinsdag 242
Woensdag 246
Donderdag 252
Vrydag 256

# Bestuursnotas

## Leeruitkomste

Hierdie termyn behoort die leerders die volgende uitkomste te bereik:

### LUISTER EN PRAAT

1. Leerders behoort 4 nuwe rympies of liedjies te ken.
2. Leerders behoort deel te neem aan klasbepsrekings om sodoende vorrige kennis te kan deel.
3. Leerders behoort gedeelde lees stories te bespreek deur 'n besprekeings-raamwerk te gebruik.
4. Leerders behoort eie stories op te kan maak, veral vir die kreatiewe storievertellingsaktiwiteit.
5. Leerders behoort te kan praat oor wat hulle geksryf het.
6. Leerders behoort die gebruik van die volgende klanke te vertsaan

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| gemeenskap | bestandeel | slag | plan | slim | skelm |
| bydra | versamel | fees | krisis | gif | besoedeling |
| omstandighede | perspektief | optimisties | verwoestende | krag | kragtig |
| leier | kreatief | verleë | verbeter | doel aanteken / telling | doel |
| vasbeslote | voortgaan | poging | oefen | roetine | handleiding |
| persepsie | suksesvol | aandag | generasie | kenner | professioneel |
| werkswinkel | akademie | gesond | ongesond | voedsaam | proteïene |
| spiere | fokus | lekkerny | heerlik | suiker | soet |
| adverteer | advertensie | uithangbord | vars | ontwerp | strooibiljet |
| entrepreneur | besigheid | kliënt | bekommerd | bekommer | bang |
| troos | vertrou | gehoor | kalm | loer | rusteloos |
| gesigmasker | virus | pandemie | handontsmettingsmiddel | sproei | herken |
| beskerm | sakdoek | afstand | opmerk | land | reis |
| besoek | poskaart | vakansie | waterval | strand | oseaan |
| jaloers | heimwee | duur | verbeelding | antieke | wonder |
| beskrywing | onthul | pragtige | keiser | vyand | gladiator |

## FONEMIESE BEWUSTHEID EN KLANKE

1 Leerders behoort klanke mondelings te kan identifiseer.
2 Leerders behoort die volgende klanke outomaties te herken.
3 Leerders behoort die volgnde klanke te kan meng en opbreek.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| a | s | t | p | n | o |
| m | d | i | g | k | u |
| e | l | b | h | y | r |

Leerders behoort die volgnde woorde in lettergrepe op te kan deel.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| n/a | | | | | |

## LEES

Leerders behoort die volgnde woorde te kan klank en die woord te vorm.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| tas | pas | pap | nat | pan | nek |
| son | pot | sop | mat | mas | mot |
| dam | dan | das | sin | pit | sit |
| gom | sog | dag | kap | kis | kam |
| sus | mus | kus | net | nek | pen |
| lig | lip | los | bak | bel | bes |
| hek | hak | hen | sy | hy | my |
| rym | rot | ram | rug | rek | |

Leerders behoort die volgende sigwoorde te kan lees.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| klip | gladde | dorp | heerlike | groente | jong |
| skryf | water | baklei | brief | groot | skop |
| groter | tussen | pakkies | dans | voete | jonk |
| besluit | gewild | skyfies | peusel | hoekom | gesondheid |
| ruik | hoenders | proteïne | ekstra | vars | pamflette |
| skrik | betaal | potlood | ouers | sorg | sakdoek |
| masker | spuit | hande | skoot | vakansie | hallo |
| eerste | storie | spandeer | besluit | Wonders | graagste |
| wêreld | bladsy | | | | |

Leerders behoort 'n teks te kan lees soos aangedui in die voorbeeld wat volg.

Mashudu is vandag tien jaar oud. Hy het geskenke gekry van al sy maats af. Een geskenk was 'n boek wat hy baie graag wou hê. Daar is bladsy na bladsy mooi prente oor die Sewe Wonders van die wêreld. Mashudu weet hy is nog te jonk om te gaan toer, maar eendag wil hy graag al die mooi plekke in die wêreld besoek.
Hy bêre sy boek in die kas en wag vir Pappa om by die huis te kom sodat hulle dit saam kan lees.
Die maats gaan nou eers smul aan die lekker koek wat mamma gebak het.

## BEGRIP

1. Leerders behoort n voorspelling van die teks te kan maak deur na die prente te kyk.
2. Leerders behoort detail oor 'n teks te kan herroep.
3. Leerders behoort die teks te kan hervertel.
4. Leerders behoort die teks in volgorde te kan hervertel.
5. Leerders behoort te verstaan wat dit beteken om 'n teks die visualiseer en koneksies en voorspellings te maak.
6. Leerders behoort oor die teks te kan gesels deur die besprekings-raamwerk te gebruik.
7. Leerders behoort begripsvrae oor die teks te kan beantwoord.
8. Leerders behoort die teks te kan opsom.

## SKRYFWERK

1. Leerders behoort 'n prentjie te kan teken wat n boodskap oordra.
2. Leerders behoort om een of twee byskrifte by die prentjie te kan voeg.
3. Leerders behoort 'n kort skryfraamwerk te kan gebruik.
4. Leerders behoort om 1 paragraaf te skryf aan die hand van 'n skryfraamwerk of plan.
5. Leerders behoort die volgende te kan skryf: 'n lys /'n brief

## GROEPBEGELEIDE LEES

1. Leerders behoort hardop, in 'n vaardigheidsgebaseerde groep, saam met die juffrou te kan lees.
2. Leerders behoort hulle woordeskat kennis, kontekstuele leidrade en hulle sigwoorde te kan gebruik as hulle lees.
3. Leerders behoort hulself te kan monitor aangaande woord herkenning en begrip.

## Materiaal en Hulpbronne Voorsien

**Let asseblief daarop dat alle hulpbronne die eiendom van die skool bly. Hulpbronne sal slegs een maal uitgereik word. Hulpbronne moet dus voldoende gekontroleer en opgepas word.**

Gedurende Termyn 3 word onderwysers van die volgende hulpbronne voorsien:

1 **Gekleurde vertoonborde × 4**
Gebruik hierdie borde om jou werk vir die week uit te stal. Elke week, vertoon jou: fonetiese klanke en woorde; hoë frekwensie woorde; tema woordeskat; illustrasies en skryfraamwerk.

2 **Handskrifkaarte**
Vertoon hierdie kaarte voor in die klaskamer, sodat hul duidelik vir leerders sigbaar is. Daar sal drukskrifkaarte aan Graad 1 en 2 onderwysers voorsien word. Daar sal drukskrif – en lopendeskrifkaarte aan Graad 2 en 3 onderwysers voorsien word.

3 **Termyn 3 Onderrigplan**
Gebruik die onderrigplan om te bepaal wat op ’n daaglikse basis aangeleer moet word. Die kernmetodologieë sal verduidelik hoe elke les aangebied moet word. Daar sal ’n oriëntasie program aangebied word vir die eerste twee weke van Termyn 3.

4 **Termyn 3 Kontrolelys**
Gebruik hierdie dokument om jou (ATP) (Gevorderde Onderwysplan – GOP) en Termynbeplanning te voltooi. Merk af en dateer elke les en assesseringsaktiwiteite soos dit voltooi is. Besin oor jou onderrig.

5 **Termyn 3 Grootboek**
Gebruik die Grootboek stories gedurende gedeelde lees lesse. Daar is agt stories vir die termyn – een storie vir elke week.

6 **Termyn 3 Hulpbronpakket**
Die Hulpbronpakket sluit die volgende items in:
- **Flitskaarte** word vir tema woordeskat; hoë frekwensie woorde; klanke en woorde voorsien. Knip hul uit en bêre dit op ordelike wyse. Gebruik hierdie flitskaarte op die vertoonborde.
- **Tema Woordeskat Illustrasies** word voorsien waar van toepassing. Knip hul uit en bêre dit op ordelike wyse. Gebruik hierdie flitskaarte op die vertoonborde.
- **Kreatiewe storieblaaie** word voorsien vir elke tema. Dit is ’n reeks van 3 of 4 prentjies wat ’n storie uitbeeld. Daar is 10 kopieë van elke werksblad – een per klein groepie. Maak asseblief meer afskrifte indien nodig.
- **Assesseringsrekordblaaie** word voorsien om leerders se resultate en kommentaar vir die termyn aan te teken.

7 **Termyn 3 Leeswerksblaaie × 8**
Agt leeswerksblaaie word voorsien vir die termyn – een vir elke week van Week 3 tot 10. Gebruik hierdie werksblaaie vir die hele klas gedurende groepbegeleide lees. Daar is 20 kopieë van elke leeswerksblad. Maak asseblief meer afskrifte indien nodig.

## Weeklikse roetine: 7 ure

1. Die gestruktureerde leerprogram volg dieselfde roetine elke week.
2. Dit maak dit makliker vir onderwysers en leerders om te volg.
3. Leerders kan voorberei vir die volgende aktiwiteit sodra hul die roetine ken.
4. Hierdie roetine is gebaseer op die KAVB minimum tyd vir Huistaal: 7 ure per week.
5. Hierdie roetine is ontwerp as deel van 'n tweetalige program, tesame met die PSRIP (Inisiëring program vir openbare sektor) EFAL (AEAT Afrikaans Eerste addisionele taal) gestruktureerde onderwysprogramme.
6. Stal asseblief hierdie roetine in jou klaskamer uit en probeer om dit uit jou kop te leer!

| **MAANDAG** | | **DINSDAG** | | **WOENSDAG** | | **DONDERDAG** | | **VRYDAG** | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Mondelinge Aktiwiteite | 15 | | | Mondelinge Aktiwiteite | 15 | | | Mondelinge Aktiwiteite | 15 |
| | | Klanke | 15 | Klanke | 15 | Klanke | 15 | Klanke | 15 |
| Handskrif | 15 | Handskrif | 15 | Handskrif | 15 | | | | |
| Gedeelde lees | 15 | Gedeelde lees | 15 | | | Gedeelde lees | 15 | Gedeelde lees | 15 |
| Handskrif | 30 | | | Handskrif | 30 | | | | |
| Groep begeleide lees | 30 | Groep begeleide lees | 30 | Groep begeleide lees | 30 | Groep begeleide lees | 30 | Groep begeleide lees | 30 |
| **1.45** | | **1.15** | | **1.45** | | **1.00** | | **1.15** | |

## Weeklikse voorbereiding

Dit is belangrik om te onthou dat dit Huistaal program die volume BEPLANNING vir onderwysers verminder het, maar dat VOORBEREIDING steeds vereis word! Sit een middag per week, tesame met jou kollegas (al die Grondslagfase Onderwysers), en doen jul voorbereiding saam.

**Wanneer jou voorbereiding gedoen word, onthou die volgende:**

1. Lees deur die lesplan vir die week.
2. Maak seker dat jy die metodologieë wat gebruik gaan word ken en verstaan. Indien nie, gaan na die afdeling getitel "Kernmetodologieë, en hersien dienooreenkomstig.
3. Volgende, maak seker watter flitskaarte en illustrasies nodig is vir die tema woordeskat, hoë frekwensie woorde, klank en die skryfraamwerk. Kry hierdie flitskaarte en illustrasies as volg gereed:
4. Knip die flitskaarte en illustrasie uit.
5. Probeer om hul op 'n karton of papier te plak.
6. Indien moontlik, lamineer of trek dit met plastiek oor.

7 Bêre die flitskaarte en les saam in ’n koevert, of hou dit bymekaar met ’n rekkie.
8 Kry enige ander hulpbronne wat jy mag benodig bymekaar, insluitend prentjies en werklike voorwerpe.
9 Maak seker dat jou Grootboek in orde is.
10 Lees deur enige aktiwiteite in die Departement van Onderwys Werkboek wat jy moet voltooi.
11 Oefen die skryfwerk lesse.
12 Maak seker dat jou Kontrolelys op datum is van die vorige week en besin oor jou vordering.

## Temas en Leesskedule

| WEEK NOMMER | TEMA | GEDEELDE LEES TEKS | LEES WERKSKAART |
|---|---|---|---|
| 1 | Gemeenskap | Ouma se klipsop | 1 |
| 2 | Gemeenskap | Mari Copeny: Vegter vir water | 2 |
| 3 | Kreatiewe Denke | Zweli maak ’n bal | 3 |
| 4 | Kreatiewe Denke | Superster Lloyd | 4 |
| 5 | Gesonde Eetgewoontes | Geen chips vir Lomusa | 5 |
| 6 | Gesonde Eetgewoontes | Vars eiers te koop | 6 |
| 7 | Gesonde Eetgewoontes | Zweli is bekommerd | 7 |
| 8 | Bekommerd en Bang | Khanani se nuwe masker | 8 |
| 9 | Ander Plekke | Die wintervakansie | 9 |
| 10 | Ander Plekke | Mashudu se reise | 10 |

## Termyn 3 Assesseringsprogram

Die assesseringsprogram is ontwerp in lyn met die Verkorte Afdeling 4 van die CAPS dokument. Dit kan agter in die **/TRACKER/** van elke kwartaal gevind word.

## Klaskamer Uitstallings

### VERTOONBORDE

1 As deel van die program sal jy van vier groot vertoonborde van verskillende kleure voorsien word.
2 Elke gekleurde bord sal gebruik word om ’n verskillende stel woorde van die week uit te stal.
3 Gebruik hierdie borde as volg:

a **Groen bord** – vertoon die tema woordeskat woorde en illustrasies van die week.
b **Blou bord** – vertoon die hoë frekwensie woorde vir die week.
c **Geel bord** –vertoon die klanke en woorde vir die week.
d **Pienk bord** – vertoon die skryfraamwerk vir die week.

4 Die woorde op die bord moet elke week vervang word.
5 Moet asseblief nie alle temawoordeskat en illustrasies vir die jaar op die borde los nie. Hierdie uitstalling moet verband hou met die tema waarmee jy besig is. As die hele klas vol woorde in illustrasies is raak dit oorweldigend en sal die leerders dit nie meer raaksien nie.
6 Haal woorde en illustrasies af en bêre dit op ’n geordende wyse.
7 Pas hierdie woorde op sodat jy hul weer kan gebruik in die volgende jaar.

## TEMATAFEL

1 Probeer om ’n tematafel in jou klas te skep.
2 Gebruik hierdie spasie om prentjies en voorwerpe wat betrekking het op die tema uit te stal.
3 Merk hierdie items, sodat leerders die woordeskat kan leer.

# Kernmetodologieë

## Klaskamer Bestuur

Sommige fundamentele klaskamer bestuursstrategieë is ingesluit as 'kern metodologieë'. Hierdie is strategieë wat regdeur die program gebruik word. Dit is dus belangrik om hul te bemeester.

***Doel:*** *Om tyd per taak, leerder gedrag en samewerking tussen leerders te verbeter. Om onderbrekings aan leerders te verminder. Om 'n element van speel om te leer in te stel.*

### SITPLEK EN KLEINGROEPIES

1. Dit is baie belangrik om tyd en noukeurige aandag te gee aan waar jy leerders laat sit in jou klaskamer.
2. Oorweeg die volgend belangrike punte wanneer jy dit doen:
   - **a** **Plaas leerder in gemengde vermoëns** – jy wil nie leerders wat sukkel bymekaar laat sit nie, of sterk leerders saam te laat sit nie. Meng die leerders sodat die hele klaskamer 'n gemengde vermoë spasie is.
   - **b** **Plaas leerders strategies om konflik of lawaai te voorkom**. Moet nie leerders wat mekaar pla bymekaar laat sit nie. Moenie leerders wat nie kan ophou praat bymekaar laat sit nie. Verhoed probleme deur sulke leerders te skei.
3. In die leerprogram is daar 'n paar aktiwiteite wat vereis dat leerders in kleingroepies moet werk.
4. Sulke groepies, bestaande uit 3–4 leerders, sit naby aan mekaar. Deur dit te doen kan leerders, wanneer jy vra dat hulle in hul 'kleingroepies' moet werk, die groepie vinnig en effektief vorm, sonder om te veel rond te beweeg.
5. Indien leerders in rye sit, is 'n maklike manier om klein groepies te vorm deur twee leerders in die voorste ry te laat omdraai na die twee leerders reg agter hulle in die tweede ry. So kan hulle 'n kleingroepie vinnig en effektief vorm.
6. Moenie dit aan die leerders oorlaat nie. Besluit hoe die klein groepies in jou klaskamer gevorm gaan word en leer die leerders om die groepe vinnig en rustig te vorm.
7. Maak veranderinge aan die groep indien jy sien dat die dinamiek in 'n groep nie werk nie – moet leerders nie forseer om saam te werk nie.

### BESTUUR VAN GROEPBESPREKINGS

1. In die leerprogram is daar 'n paar aktiwiteite wat vereis dat leerders groepbesprekings hou.
2. Leer leerders om dit as volg te doen:
   - **a** Eerstens moet leerders in hul kleingroepe kom.
   - **b** Tweedens moet die leerders oplet wat die besprekingsvrae of raamwerk is.

- **c** Dan moet elke leerder die kans gegun word om elke vraag te beantwoord, bv.:
    - Leerder 1 antwoord Vraag 1
    - Leerder 2 antwoord Vraag 1
    - Leerder 3 antwoord Vraag 1
    - Leerder 4 antwoord Vraag 1
    - Leerder 1 antwoord Vraag 2
    - Leerder 2 antwoord Vraag 2
    - Leerder 3 antwoord Vraag 2
    - Leerder 4 antwoord Vraag 2
    - Ensovoorts

**3** Dit mag ’n goeie idee wees om gebruik te maak van ’n ’praatstok /klip/ item’ om dit te beheer.
- **a** Gee aan elke groep ’n kleurvolle item soos ’n gekleurde stok of klip.
- **b** Die persoon wat die stok vashou, mag dan praat en almal anders in die groep moet luister.
- **c** Sodra die eerste leerder klaar gepraat het moet hy of sy die item aangee aan die volgende leerder, ensovoorts.

**4** Indien die groep moet terug rapporteer, kan hulle sodra almal geantwoord het, stem vir die beste antwoord vir elke vraag.

## LEES OORGANGSAKTIWITEITE

**1** Gedurende alle groepbegeleide lees les, moet onderwysers met twee groepe werk.

**2** Tussen groepe is dit belangrik om ‘aktiewe breuk’ te neem, voordat leerders gereed is om aan die volgende Leeswerksblad te werk.

**3** Doen dit as volg:
- **a** Wanneer jy klaar met Groep 1 gewerk het, stuur hulle terug na hulle tafels.
- **b** Roep die klas tot aandag.
- **c** Doen ’n Lees oorgangsaktiwiteit met die hele klas.
- **d** Laat die klas rustig word met die volgende Leeswerksblad.
- **e** Verduidelik die volgende aktiwiteit op die Leeswerksblad.
- **f** Herinner leerders dat hulle elke aktiwiteit waaraan hulle werk moet voltooi voordat hulle mag aanbeweeg na die volgende aktiwiteit – hulle moet teen hul eie tempo werk.
- **g** Roep Groep 2 om saam met jou te kom werk.

**4** Gedurende Termyn 3 stel ons voor dat jy die volgende 4 Lees oorgangsaktiwiteite gebruik:

### Aktiwiteit 1: Juffrou sê

1 Sê aan leerders om op te staan.
2 Verduidelik dat julle verskillende bewegings gaan doen, soos: vat aan jou kop; vlieg ’n vlieër; wikkel jou neus; spring drie keer; ens.
3 Indien jy sê, “Juffrou sê” moet die leerders die aksie uitvoer.
4 Indien jy nie sê “Juffrou sê” nie, moet die leerders stil staan.
5 Wanneer ’n leerder die aksie uitvoer wanneer jy nie gesê het “Juffrou sê” nie, is die leerder uit en moet gaan sit.
6 Die wenner is die laaste leerder wat bly staan.

### Aktiwiteit 2: Dans Partytjie

1 Sê aan leerders om op te staan.
2 Verduidelik dat jy musiek op jou foon gaan speel.
3 Sodra die leerders die musiek hoor, moet hulle dans.
4 Sodra jy die musiek afsit moet hulle vries.
5 Skakel die musiek ’n paar keer aan en af, sodat die leerders ’n paar keer kan dans en vries!

### Aktiwiteit 3: Wikkel, wikkel, vries

1 Sê aan die leerders om op te staan.
2 Sê: wikkel, wikkel, wikkel, wikkel, wikkel, wikkel, vries!
3 Leerders moet dit saam met jou sê en hul lyfies wikkel wanneer hulle sê ’wikkel’.
4 Wanneer hulle ’vries’ moet hulle doodstil staan en doodstil wees!
5 Herhaal dit ’n paar keer.

### Aktiwiteit 4: Ek en my stoel

1 Sê aan die leerders om langs hul stoele te staan. Daar moet ’n bietjie spasie rondom hulle wees.
2 Gee aan die leerders instruksies om te volg – hulle moet dit vinnig en stil doen.
3 Hierdie instruksies hou almal verband met die stoel en hul oefen so die gebruik van voorsetsels.
4 Gee instruksies soos:
   - staan agter jou stoel
   - tel jou stoel op
   - klim op jou stoel
   - klim bo-oor jou stoel
   - ens.

## Mondelinge Aktiwiteite

Aan die begin van die Huistaal lesse op Maandae, Woensdae en Vrydae sal julle mondelinge aktiwiteite doen. Hierdie is die luister – en praat aktiwiteite van die program. Dit is met oorleg ontwerp om aan die leerders geleentheid te gee om individueel te praat.

### Onderrig van Tema Woordeskat

***Doelwit:*** *Leerders se kognitiewe – konseptuele en akademiese woordeskat word uitgebrei, om sodoende leesbegrip en algemene kennis te verbeter. Leerders word beter toegerus met die taal wat vereis word om effektief in die Intermediêre fase te funksioneer.*

1. Leer 3 nuwe tema woordeskat woorde vir leerders.
2. Gebruik die metodiek 'PATS' om nuwe woordeskat aan te leer.
3. PATS is 'n akroniem vir Wys, Speel, Vertel en Sê.
4. Dit is nie altyd moontlik om al vier aksies vir elke temawoord te doen nie – doen slegs wat van toepassing is:
   a. WYS na 'n prent of werklike item, indien moontlik.
   b. Die temawoord word deur AKSIES uitgespeel.
   c. VERTEL die leerders wat die temawoord is en die betekenis daarvan.
   d. Sê die woord in 'n sin, en laat die leerders die woord na jou herhaal.
5. Wanneer jy die tema woordeskat vir die leerders geleer het, vertoon die woorde op die vertoonbord, tesame met die temawoord illustrasie.
6. Nie elke leerder sal die nuwe tema woordeskat onmiddellik ken nie. Onderwysers hoef nie hieroor bekommerd te wees nie, en moenie leerders die woorde baie kere laat herhaal nie!
7. Leerders sal na herhaalde kere die nuwe woordeskat teëkom gedurende die tema, en sal die geleentheid gegee word om hulle eie woordeskat outentiek te bou.

### Lied of Rympie

***Doelwit:*** *Leerders se kennis van die nuwe woordeskat word gekonsolideer. Leerders leer deur middel van spel.*

1. Die spesifieke lied of rympie wat jy met die leerders doen, is in die lesplan gelys.
2. Die leerders sal oor 'n gegewe tyd hierdie liedere en rympies leer ken, en hulle sal dit outomaties sing.
3. Alhoewel, wanneer dit aanvanklik bekend gestel word, is dit nodig dat jy die woorde, aksies en wysie (as daar een is), aan die leerders moet leer.
4. Leer die lied of rympie reël-vir-reël soos volg vir die leerders aan:

- **a** Sing of sê die hele lied of rympie vir die klas. Verduidelik die betekenis daarvan aan die leerders, indien nodig.
- **b** Sing of sê die eerste reël, en laat die leerders dit na jou herhaal.
- **c** Sing of sê die tweede reël, en laat die leerders dit na jou herhaal.
- **d** Sing of sê die eerste twee reëls saam, en laat die leerders dit na jou herhaal.

5. Gaan op hierdie wyse voort totdat jy die hele lied of rympie aan die leerders geleer het.
6. Gepaste aksies moet altyd by die lied en rympie ingesluit word.
7. Laat leerders toe om hulle geliefkoosde lied aan die einde van die dag te sing – hierdie is ŉ prettige manier om die nuwe taal wat hulle aangeleer het, vas te lê.

## Sing of rym

***Doelwit:*** *Konsolideer leerders se kennis van die nuwe woordeskat. Leerders leer deur spel.*


1. Die spesifieke lied of rympie wat jy met die leerders moet doen, is in die lesplan gelys
2. Leerders sal oor ʼn tyd hierdie liedere en rympies leer ken, en hulle sal dit outomaties sing.
3. Aanvanklik as dit aan die leerders bekendgestel word sal aksies en wysies aangeleer moet word.
4. Die lied en rympies moet reël-vir-reël aan die leerders geleer word, soos hieronder uiteengesit.
   - **a** Sing of sê die hele lied vir die klas. Indien nodig verduidelik die doel daarvan, aan die leerders.
   - **b** Sing of sê die eerste reël, en laat die leerders dit dan na jou herhaal.
   - **c** Sing of sê die tweede reël, en laat die leerders dit dan na jou herhaal.
   - **d** Sing of sê die eerste twee reëls saam, en laat die leerders dit dan na jou herhaal.
   - **e** Hou op hierdie manier aan, totdat jy die leerders die hele lied of rympie aangeleer het
5. Gepaste aksies moet altyd met die lied of rympie ingesluit word.
6. Laat leerders toe om aan die einde van die dag hulle geliefkoosde liedere of rympies te kies – dit is ʼn prettige manier om die nuwe taal wat hulle aangeleer het, vas te lê.

## Stel die Tema bekend: Assessering Vorige Kennis.

***Doelwit:*** *Stel die vooraf kennis leerders oor ŉ onderwerp vas, en bou op wat reeds oor daardie onderwerp bekend is. Die grafiese organisasie erken die kennis van die leerders en bou op wat reeds bekend oor die onderwerp en organisasie is. Gebruik geheuekaarte om die grafiese organisasie van kennis te ontwerp.*

1. In hierdie aktiwiteit, begin die onderwyser deur ʼn vinnige geheuekaart op die bord te skryf.
2. Die onderwyser trek ŉ sirkel op die bord met die naam van die tema in die middel.
3. Die onderwyser vra nou aan die leerders: Wat weet julle reeds van hierdie tema?

**4** Die onderwyser skryf die leerders se idees rondom die geheuekaart. Die onderwyser moet probeer om soortgelyke idees saam te groepeer byvoorbeeld, as die tema 'Vriendskap' is, mag jy dalk 'n geheuekaart hê wat soos hierdie lyk.




**5** In die tweede week van die siklus, sal die onderwyser die geheuekaart gebruik om leerders te help met hersiening en te reflekteer wat hulle in die eerste week van die siklus geleer het.

**6** Die onderwyser sal aan die leerders vra: Watter nuwe en interessante dinge het ons sover van hierdie tema geleer?

## Kreatiewe Storievertel Week 1

***Doelwit**: Gee leerders die geleentheid om 'n nuwe taal suiwer te gebruik, en om hulle kennis van 'n onderwerp en kreatiwiteit te gebruik om 'n betekenisvolle storie te bou. Bou leerders se volgorde vaardighede uit. Gee leerders die geleentheid om samewerkend en mede – samewerkend – in 'n klein groep te werk.*

**1** Hierdie aktiwiteit gee leerders die geleentheid om hulle verbeelding en kreatiwiteit te gebruik; hulle nuwe tema woordeskat en hulle volgorde vaardighede aan te wend om 'n nuwe storie te op te maak.

2 Sê aan leerders om na hulle kleingroepe te gaan.
3 Gee aan elke groep ’n afskrif van die kreatiewe storievertelbladsy vir die tema. Jy sal dit in die hulpbronpakket vind
4 Hierdie bladsye het ’n series van 3–4 prente wat gebruik kan word om ’n storie te bou wat met die tema verband hou.
5 Sê aan die leerders om aan ’n storie te dink wat by die prente pas.
6 Gee aan leerders ’n minuut of twee om oor hulle idees te dink.
7 Elke leerder in die groep moet ’n beurt kry om hulle weergawe van die storie te vertel.
8 Stap rond en luister na verskillende leerders soos hulle hulle stories vertel.
9 Neem die bladsye in en bêre dit sorgvuldig vir die volgende week.
10 Moedig leerders aan om hulle stories aan iemand anders by die huis te vertel.

## Kreatiewe storievertel week 2

***Doelwit**: Gee leerders die geleentheid om ŉ nuwe taal suiwer te gebruik, en hulle kennis en kreatiwiteit te gebruik om ’n betekenisvolle storie te bou. Bou leerders se volgorde vaardighede. Gee leerders die geleentheid om samewerkend en mede-samewerkend in ’n klein groep te werk.*

1 Sê aan leerders om na hulle kleingroepe te gaan.
2 Gee aan elke groep ’n afskrif van die kreatiewe storievertelbladsy van die tema.
3 Herinner leerders daaraan dat hulle die vorige week, hulle eie stories rondom die prente opgemaak het.
4 Gedurende hierdie week moet die leerders in ŉ groep werk om op ’n groepstorie te besluit.
5 Herinner leerders daaraan dat hulle stories kreatief moet wees, maar dat dit by die prente moet pas!
6 Maak seker jy het die hele klas se aandag.
7 Vra 1–2 verskillende groepe om hulle groepstories te deel.
8 Bedank leerders dat hulle hulle stories gedeel het.

## Bespreking van Gedeelde Lees Teks

***Doelwit:** Leer leerders kritiese denke en opsommingsvaardighede aan en gee hul die geleentheid om hierdie vaardighede te oefen en te ontwikkel. Bou leerders se selfvertroue op deur oorspronklike geleenthede te gee om te formuleer en aan opinies uitdrukking te gee, te evalueer, konneksies te maak en tot ŉ gevolgtrekking te kom.*
*Gee aan leerders die geleentheid om gesamentlik en mede-gesamentlik in ŉ klein groep te werk.*

1 Bespreking van die Gedeelde Lees Teks word op Vrydae gedoen.
2 Begin by die skryf van die besprekingsraamwerk op die bord.
3 Vervolgens lees en verduidelik die besprekingsraamwerk aan die leerders.

4 Leerders moet verstaan dat daar geen foute met antwoorde van oop en geslote vrae is nie – alle antwoorde en opinies word verwelkom.
5 Kry die klas se aandag aan die einde van die les.
6 In die laaste paar minute, vra verskillende leerders of ŉ spesifieke groep om hulle antwoorde te deel.
7 Bedank leerders vir hulle antwoorde en bydraes.
8 As antwoorde nie korrek is nie, of uitbreiding daarop benodig word, korrigeer die leerders of vra leidende vrae.

## Fonetiese Bewustheid & Klanke/Handskrif Graad 1 & 2 (totdat die fonetiese programme voltooi is)

Fonetiese Bewustheid & Klanke en Handskrif werk saam in hierdie programme.

### Konsolidasie: Maandae

***Doelwit:** Leerders se fonetiese bewustheid word informeel geassesseer en die herroeping van geleerde klanke en handskrif. Klanke en handskrif word geremidieër of konsolideer deur self-regstelling. Gebruik assesserings waarneming vir formele doeleindes.*

1. Op Maandae gedurende Handskrif, sal leerders hulle drukskrif oefen deur klanke, lettergrepe en woorde wat in vorige weke aangeleer is, te hersien.
2. Sê aan leerders om hulle boeke oop te maak. Leerders moet die datum skryf, sodra hulle daartoe in staat is.
3. Vervolgens sê aan leerders om hulle bladsy in die helfte te vou, en nommer van 1–5 in die kantlyn, en 6–10 in die middel van die bladsy. (Die aantal klanke, lettergrepe en woorde sal van les tot les verskil).
4. Sê aan leerders om die klank, lettergreep of woord neer te skryf soos jy dit sê – hulle moet langs die korrekte nommer skryf. Indien hulle nie die woord of klank kan skryf nie, moet hulle ’n koppelteken skryf –.
5. Herinner leerders daaraan dat hierdie ’n vinnige aktiwiteit is, om te sien of hulle kan onthou hoe om die klanke, lettergrepe en woorde wat hulle alreeds geleer het te kan skryf.
6. Sê aan leerders dat hulle hulle klanke en handskrif kontroleer.
   - Hulle moet kan sien of hulle weet hoe om ’n klank, lettergreep of woord korrek te skryf.
   - Hulle moet kan sien of hulle weet hoe om die letters behoorlik te vorm.
7. Vra die klanke, lettergrepe en woorde in die lesplan.
8. Die leerders neem ’n kleurpotlood om hulle eie werk te korrigeer.
9. Skryf die antwoorde korrek op die bord, sê die klanke terwyl jy die skryfproses verduidelik.

**10** Indien leerders sukkel om 'n klank te onthou of 'n letter te skryf, moet hulle in die week hieraan werk.
**11** Neem leerders se boeke aan die einde van die dag in, en maak 'n nota wie addisionele hulp benodig.

## Leer nuwe Klanke en Woorde aan: Dinsdae en Woensdae.

***Doelwit:*** *Leerders se fonemiese bewustheid word sistematies ontwikkel. Om duidelike en sistematies huistaal foneme en lettergrepe aan leerders te leer, en om die identifikasie en gebruik van geleerde foneme en lettergrepe in woorde te oefen.*

### Bekendstelling van die nuwe klank

1. Sê die klank en wys die flitskaart, byvoorbeeld: **/p/**
2. Sê die klank, die leerders herhaal die klank 3x.
3. Bespreek hoe die **/p/** klank <u>dieselfde</u> in Afrikaans en Engels is.
4. Vir enkelklanke wys leerders die klanke op die Alfabetkaart.
5. Vra aan leerders: Kan jy aan woorde dink wat die klank **/p/** gebruik?
6. Dinkskrum woorde met leerders, soos: **pote, pere, krap, prys**

### Bekendstelling van nuwe woorde

1. Sê elke woord hard en duidelik terwyl jy die flitskaart aan leerders wys: **pote, pere, krap, prys**
2. Vra die leerders om die woorde te herhaal terwyl klem gelê word op die teikenklank.
3. Plak die flitskaarte van die woorde op die Klanke Vertoonbord.

## Skryf nuwe Letter(s) en Woorde: Dinsdae en Woensdae

***Doelwit:*** *Om duidelik en sistematies die Leerders se vermoë om korrek en vlot grafeme wat ooreenstem met die aangeleerde foneme te kan beskryf.*

1. Leer die leerders om die drukskrifletter(s) korrek te vorm van die aangeleerde klanke.
2. Wys hoe om die klank op die bord te skryf – beskryf die vormingsproses soos jy skryf.
3. Sê aan linkshandige skrywers om hulle koppe op die lessenaar te lê.
4. Staan dan met jou rug na die klas en lig jou regterhand op.
5. Sê aan die regshandige leerders om in die lug te volg soos jy die letter(s) skryf.
6. Vervolgens herhaal die proses met die linkshandiges.
7. Sê dan aan die leerders om met 'n maat saam te werk en die klank om die beurt op mekaar se rug met hulle vingers te skryf.
8. Sê hierna aan die leerders om die klank met hulle vingers op hul lessenaars te skryf.
9. Heel laaste wys leerders nog eenkeer hoe om die letter(s) en woorde op die bord te vorm.

**10** Leerders moet hierna die klank /woorde/ sinne in hulle boeke skryf.
**11** Leerders moet die nuut geleerde klank in enige woord/sin wat geskryf is <u>onderstreep</u>.

## Segmentering en vermenging: Donderdae

***Doelwit:*** *Om duidelik en sistematies leerders se fonemiese bewustheid te ontwikkel,* en *hulle vaardigheid om alle aangeleerde foneme en lettergrepe te vermeng en segmenteer om sodoende onafhanklik te lees en skryf. Deur die herkenning van foneme en lettergrepe kan outomatisme verbeter word.*

**Ek...**

**1** Begin met 'n woord van die Dinsdag les.
**2** Sê die woord:
**3** Segmenteer die woord in individuele klanke:: **/p/ – /e/ – /r/ – /e/**
**4** Sê die eerste enkelklank van die woord: **/p/**
**5** Sê die tweede enkelklank van die woord: **/e/**
**6** Sê die derde enkelklank van die woord: **/r/**
**7** Sê die laaste enkelklank van die woord: **/e/**
**8** Skryf die woord op die bord: **pere**
**9** Deur jou voorbeeld, wys na die bord om klanke te vermeng om 'n woord te maak: **/p/ – /e/ – /r/ – /e/ = pere**
**10** Vervolgens sê die eerste lettergreep van die woord: **/pe/**
**11** Sê die tweede lettergreep van die woord: **/re/**
**12** Deur jou voorbeeld wys, na die bord om die lettergrepe saam te voeg om 'n woord te maak: **/pe/ – /re/**
**13** Herhaal dit met 'n woord van die Woensdag les.

**Ons...**

**1** Begin met 'n woord van die Dinsdag les.
**2** Sê die woord: **pote**
**3** Vra aan die leerders: Wat is die eerste enkelklank in die woord? **/p/**
**4** Vra aan die leerders: Wat is die tweede enkelklank in die woord? **/o/**
**5** Vra aan die leerders wat is die derde enkelklank in die woord? **/t/**
**6** Vra aan die leerders wat is die laaste enkelklank in die woord? **/e/**
**7** Vra die leerders om die woord in individuele klanke te segmenteer: **/p/ – /o/ – /t/ – e/**
**8** Skryf die woord op die bord: **pote**
**9** Gee opdrag aan die leerders om die klanke in die woord te segmenteer: **/p/ – /o – /t/ – /e/**
**10** Vra aan die leerders wat is die eerste lettergreep van die woord? **/po/**
**11** Vra aan die leerders wat is die laaste lettergreep van die woord? **/te/**

12 Sê aan die leerders om die lettergrepe saam te voeg om ’n woord te vorm:
**/po/ – /te/ = pote**
13 Herhaal hierdie proses met ’n woord uit die Woensdag les.

## Woordsoek: Vrydae

***Doelwit:*** *Gee aan leerders die geleentheid om hulle kennis van geleerde foneme te konsolideer. Die leerders kry geleentheid om die vaardigheid van vermenging te oefen om woorde te bou. Die herkenning van foneme word outomaties gedoen.*

Skryf die tabel op die bord wat vorige geleerde klanke sowel as klanke aangeleer op Dinsdag en Woensdag insluit.

| | | |
|---|---|---|
| **y** | **i** | **p** |
| **kr** | **d** | **a** |
| **pr** | **e** | **m** |

**Model:**

1 Herinner leerders aan die klanke van die week byvoorbeeld: **/kr/** en **/pr/.**
2 Hersien alle klanke en vermengings op die bord.
3 Verduidelik dat leerders drie minute sal hê om soveel woorde as moontlik te kan skryf en moet van die klanke en vermengings hierbo gebruik.
4 Wys aan leerders hoe om ’n woord te maak deur ’n teikenklank te gebruik: **/kl/ – /i/ – /m/**
5 Herinner leerders daaraan dat hulle ’n woord kan maak deur enige van die klanke te gebruik – hulle hoef nie **/kr/ of /y/** te gebruik nie.
6 Wys leerders hoe om ’n ander woord te maak: **/kr/ – /a/ – /p/**
7 Herinner leerders dat hulle woorde kan maak deur die teikenklanke te gebruik, soos **/kl – /i/ –/p**, of woorde sonder die teikenklank soos **dink.**

**Leerders doen:**

1 Sê aan die leerders om hulle boeke uit te haal en die opskrif te skryf: **kl, y**
2 Gee die instruksie dat die leerders moet begin skryf.
3 Gee leerders 3 minute om soveel as wat hulle kan nuwe woord te vind en te bou.
4 Laat leerders toe om hulle eie werk te korrigeer. Wys leerders hoe om hierdie woorde te bou ( en nog ander): **klink, klank, klap, pad, dam, mank, dink, klep, demp, prys**

# Fonemiese Bewustheid & Fonetiek/Handskrif

**Graad 2 & 3 (sodra die fonetiekprogramme voltooi is)**

Fonemiese Bewustheid & Fonetiek en Handskrif werk saam in hierdie programme.

## GRAAD 2 TERMYN 3–4

### HANDSKRIF

### Verander Woorde: Maandae

***Doelwit:*** Om *fonetiek – en handskrifkennis te remedieër en konsolideer deur selfkorreksie. Om leesvaardigheid te ontwikkel deur leerders te help om te fokus op en veranderinge in woorde en sinne te identifiseer, wat die betekenis van die woorde of sinne verander*

***Nota:*** *Aan die begin sal leerders hierdie aktiwiteit in DRUKSKRIF moet doen. Sodra die leerders genoeg kursiewe skrif ken, gee asseblief opdrag aan hulle om die aktiwiteit in KURSIEF te voltooi.*

**1** Op Maandae tydens Handskrif, oefen leerders hulle kursiewe skrif deur klanke en woorde wat in vorige weke aangeleer is, te hersien.
**2** Sê aan die leerders om hulle oefenboeke oop te maak en die datum te skryf.
**3** Vervolgens sê aan die leerders om van 1–5 in die kantlyn te skryf, en tussen elke nommer 'n lyn oor te slaan.
**4** Skryf die sin wat in die lesplan voorgeskryf is op die bord langs die nommer 1, bv.:
  **1** Ek wil my boek hê.
**5** Sê aan leerders om die sin in hulle boeke te kopieër.
**6** Vervolgens sê aan leerders om verskillende voornaamwoorde langs die nommers te skryf, bv.:
- Hy
- Sy
- Hulle
- Ons

**7** Sê aan die leerders om die sin oor te skryf, deur elkeen van hierdie voornaamwoorde te gebruik.
**8** Herinner leerders dat hierdie 'n vinnige aktiwiteit is, om te sien of hulle onthou om die klanke en woorde wat hulle alreeds geleer het, te kan skryf.
**9** Sê aan leerders dat hulle hulle eie klanke en handskrif nagaan.
**10** Aan die einde van die les skryf die sinne korrek op die bord, sê die klanke en verduidelik die kursiewe skryfproses terwyl jy dit doen.
**11** Vra die leerders daarna om enige patroon wat hulle kan sien, uit te wys, bv.: waar die sinne verander.
**12** Onderstreep enige patroon, soos:

- Hy wil <u>sy</u> boek hê.
- Sy wil <u>haar</u> boek hê.
- Hulle wil <u>hul</u> boek hê.
- Ons wil <u>ons</u> boek hê.

13 Sê aan die leerders om 'n kleurpotlood te neem om hulle eie werk te korrigeer.
14 Indien leerders gesukkel het om 'n klank te onthou of om 'n letter in kursief te skryf, moet hulle in die week daaraan werk.
15 Neem leerders se boeke aan die einde van die dag in, en maak 'n nota oor wie addisionele hulp benodig. Sommige leerders mag met klanke sukkel, terwyl ander sukkel om kursief te skryf!

## GRAAD 3 TERMYN 1–2

### HANDSKRIF

### Enkelvoud tot Meervoud Woorde: Maandae

***Doelwit:*** Om *fonetiek – en handskrifkennis te remedieër en konsolideer deur self korreksie. Om leesvaardigheid te ontwikkel deur leerders te help om te sien en fokus op die patrone van verandering in 'n sin, afhangende van die selfstandige naamwoord voorvoegsel.*

***Nota****: In die begin sal leerders hierdie aktiwiteit in DRUKSKRIF doen. So gou as wat leerders genoeg drukskrif ken, gee asseblief opdrag dat hulle die aktiwiteit in KURSIEF moet voltooi.*

1 Op Maandae tydens Handskrif, oefen leerders hulle <u>kursiewe handskrif</u> deur hersiening van klanke en woorde wat in die vorige weke geleer is
2 Sê aan leerders om hulle oefenboeke oop te maak en die datum en opskrif **<u>Enkelvoud – na Meervoudwoorde</u>**.
3 Vervolgens sê aan leerders om nommers 1–5 in die kantlyn te skryf en om lyne tussen die nommers oor te slaan
4 Herinner leerders dat hierdie 'n vinnige aktiwiteit is, om te sien of hulle onthou hoe om die klanke en woorde wat hulle reeds geleer het, te skryf.
5 Sê aan leerders dat hulle hulle eie klanke en handskrif nagaan.
6 Roep die enkelvoudwoorde in die lesplan uit. Leerders moet hierdie woorde soos volg langs die nommers skryf.
**<u>Enkelvoud na Meervoud Woorde</u>**
- bak
- hek
- sak
- gans
- kind

7 Vervolgens sê aan leerders om die woorde oor te skryf as meervoude.
8 In die laaste vyf minute van die les, skryf die woorde korrek op die bord, terwyl jy die klanke sê en beskryf die kursiewe skryfwyse proses soos jy dit doen.

9 Vra dan aan die leerders om enige patrone wat hulle kan sien, uit te wys, soos waar die woorde verander.

10 Onderstreep hierdie patrone, soos:

**Enkelvoud na Meervoud Woorde**

- bak
- bakke
- hek
- hekke
- sak
- sakke
- gans
- ganse
- kind
- kinders

11 Sê aan leerders om te dink oor hierdie patrone wanneer hulle lees of skryf.

12 Sê aan leerders om ’n kleurpotlood te neem en hulle eie werk te korrigeer.

13 Sê aan leerders dat indien hulle sukkel om ’n klank te onthou, of om ’n letter in kursief te skryf, hulle daaraan gedurende die week moet werk.

14 Neem leerders se boeke aan die einde van die dag in, en maak ’n nota oor wie addisionele hulp benodig. Sommige leerders mag sukkel met klanke, terwyl ander met kursiewe skrif mag sukkel!

## GRAAD 3 TERMYN 3–4

### HANDSKRIF

### Enkelvoud na Meervoud Sinne: Maandae

***Doelwit:*** Om *fonetiek – en handskrifkennis te remedieë**r** en konsolideer deur selfkorreksie. Om leesvaardigheid by leerders te ontwikkel deur leerders te help om te fokus op – en verandering van patrone in ’n sin afhangende van die voornaam voorvoegsel.*

***Nota**: Aan die begin sal leerders hierdie aktiwiteit in DRUKSKRIF moet doen. Sodra leerders genoeg weet van Kursiewe skrif, gee asseblief opdrag aan hulle om die aktiwiteit in KURSIEF te voltooi.*

1 Op Maandae gedurende Handskrif, oefen leerders hulle kursiewe skrif deur woorde wat in vorige weke geleer is, te hersien.

2 Sê aan leerders om hulle oefenboeke oop te maak en die datum te skryf met die opskrif **Enkelvoud na Meervoud Sinne**.

3 Vervolgens sê aan leerders om nommers 1–5 in die kantlyn te skryf, maar laat ’n lyn tussen elke nommer oop.

4 Herinner leerders daaraan dat hierdie ’n vinnige aktiwiteit is, om te sien of hulle onthou hoe om die woorde te skryf wat hulle reeds geleer het.

5 Sê aan leerders dat hulle hulle klanke en handskrif nagaan.
6 Roep die enkelvoudige sinne in die lesplan uit. Leerders moet hierdie sinne langs die nommers skryf, soos volg:

**Enkelvoud na Meervoud Sinne**

- a Die bak is op die tafel.
- b Die hek is toe.
- c Die sak is swaar.
- d Die gans eet.
- e Die kind speel

7 Vervolgens sê aan die leerders om die sinne in die meervoud te skryf.
8 In die laaste vyf minute van die les, skryf die sinne korrek op die bord, terwyl jy die klank sê en die kursiewe skryfproses verduidelik soos jy skryf.
9 Vra dan aan die leerders om enige patroon wat hulle kan sien, uit te wys, soos: waar woorde verander.
10 Onderstreep hierdie patrone, soos:

**Enkelvoud na Meervoud Sinne**

- a Die bak is op die tafel.
- b Die bak<u>ke</u> is op die tafel.
- c Die hek is toe.
- d Die hek<u>ke</u> is toe.
- e Die sak is swaar.
- f Die sak<u>ke</u> is swaar.
- g Die gans eet.
- h Die gans<u>e</u> eet.
- i Die kind speel.
- j Die kind<u>ers</u> speel.

11 Sê aan leerders om te dink oor hierdie patrone wanneer hulle lees of skryf.
12 Sê aan leerders om 'n kleurpotlood te neem en hulle eie werk te korrigeer.
13 Indien leerders gesukkel het om 'n klank te onthou of 'n letter in kursief te skryf, moet hulle dit gedurende die week oefen.
14 Neem leerders se boeke aan die einde van die dag in, en maak 'n nota oor wie addisionele hulp benodig. Sommige leerders mag sukkel met klanke, terwyl ander met kursiewe skrif mag sukkel!

**FONETIEK**

## Hersiening van klanke deur verdeling en vermenging: Dinsdae en Woensdae

***Doelwit:*** *Om uitdruklik en sistematies leerders se fonemiese bewustheid en vermoë om aangeleerde foneme en lettergrepe saam te voeg en te verdeel te ontwikkel, om sodoende onafhanklik te lees en skryf. Om herkenning van foneme deur outomatisme te vermeerder*

**Ek...**

1 Begin met 'n woord van die Dinsdag les.
2 Sê die woord: klank
3 Breek die woord op in klanke: **/kl/ – /a/ – /nk/**
4 Sê die eerste klank van die woord: **/kl/**
5 Sê die middelste klank van die woord: **/a/**
6 Sê die laaste klank van die woord: **/nk/**
7 Skryf die woord op die bord: **klank**
8 Wys na die klanke en voeg hulle saam om 'n woord te vorm: **/kl/ – /a/ – /nk/ = klank**
9 Herhaal dit met 'n woord van die Woensdag les.

**Ons...**

1 Begin met 'n woord uit die Dinsdag les.
2 Sê die woord: **krank**
3 Vra aan die leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/kr/**
4 Vra aan die leerders: Wat is die middelste klank van die woord? **/a/**
5 Vra aan die leerders: Wat is die laaste klank van die woord? **/nk/**
6 Skryf die woord op die bord: **krank**
7 Sê aan die leerders om saam met jou die klanke in die woord saam te voeg: **krank**
8 Herhaal hierdie met 'n woord van die Woensdag les.

**Jy...**

1 Sê aan leerders om hulle boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: kl woorde.
2 Vervolgens sê aan leerders om van 1–5 in die kantlyn te nommer.
3 Roep die vyf woorde van die lesplan uit.
4 Leerders moet hierdie woorde langs die korrekte nommer skryf. Hulle behoort hulle verdeling – en vermengingsvaardighede te gebruik om hierdie woorde te spel.
5 Leerders moet die teikenklanke in elke woord onderstreep.
6 In die laaste twee minute van die les, skryf die woorde korrek op die bord, en onderstreep die teikenklank.
7 Sê aan die leerders om met 'n kleurpotlood hulle eie werk te korrigeer.
8 Verduidelik aan leerders dat hulle sal leer om hierdie klank in KURSIEF in die volgende les te skryf.
9 Anders as die onderstreepte punt hierbo, is hierdie dieselfde as Gr1–2 Donderdae.

### HANDSKRIF

## Skryf Nuwe Letter(s) en Woorde: Dinsdae en Woensdae

***Doelwit:*** *Om uitdruklik en sistematies die leerders se vermoë om korrek en vlot grafeme te skryf wat korrespondeer met die aangeleerde foneme.*

1. Leer die leerders om korrek die kursiewe letter(s) te vorm vir die klank wat geleer is.
2. Leer die kleinletters sowel as die hoofletters vir elke letter.
3. Wys deur jou voorbeeld van die klank op die bord te skryf – verduidelik die lettervormingsproses soos jy skryf.
4. Sê aan linkshandige leerders om hulle koppe op die lessenaar te lê.
5. Staan dan met jou rug na die leerders en lig jou regterhand op.
6. Sê aan die regshandige leerders om jou te volg soos jy die letter(s) in die lug skryf.
7. Herhaal daarna hierdie proses met die linkshandige leerders.
8. Sê dan aan die leerders om saam met ’n maat te werk deur die klanke met hulle vingers op mekaar se rûe te skryf.
9. Vertel leerders hierna om die klank met hulle vingers op hulle lessenaars te skryf.
10. Laastens, wys leerders nog ’n keer hoe om die letter(s) en woorde op die bord te vorm.
11. Leerders moet dan die klanke /woorde/ sinne in hulle boeke skryf. .
12. Wanneer voorbeelde van woorde gewys word, lê klem op hoe die kursiewe letters bymekaar kom of aanmekaar geskryf word.
13. Leerders moet die klank in enige woorde/sinne wat geskryf word, onderstreep.
14. Anders as die onderstreepte punt hierbo, is hierdie dieselfde as Gr1–2 Vrydae.

### FONETIEK

## Letters Omruil: Donderdae

***Doelwit:*** *Om fonetiese kennis te remedieër of konsolideer. Om leesvaardighede te ontwikkel deur leerders te help om te fokus op en ’n enkele verandering in ’n woord te identifiseer wat die betekenis van die woord verander*

**Ek...**

1. Verduidelik dat ons vandag gaan oefen om na klein verskille in woorde te soek. Dit help ons om beter lesers te wees.
2. Skryf die twee woorde wat in die lesplan voorkom op die bord, soos b**ank, mank**
3. Verduidelik dat ons vandag gaan probeer om uit te vind watter klank verskillend is in die twee woorde.
4. Wys aan die leerders hoe om die verskil te vind, soos: **<u>b</u>ank, <u>m</u>ank**
5. Verduidelik die verskil, soos: die **/b/** en **/m/** klank is verskillend, maar alles verder in die woord is dieselfde!

**Ons...**

**Deel 1**

1 Skryf die twee woorde wat in die lesplan voorgeskryf is op die bord, soos: **vrug, vlug**
2 Vra die aan die leerders: wat is die verskil tussen hierdie twee woorde?
3 Roep 'n leerder om na vore te kom en die verskil tussen die twee woorde te onderstreep, byvoorbeeld: **vrug, vlug**
4 Verduidelik die verskil tussen die twee woorde.

**Deel 2**

1 Vervolgens, skryf die woord wat in die lesplan voorgeskryf word op die bord, soos **klank**
2 Vra aan die leerders: **Wat is die een klank wat jy in hierdie woord kan omruil om dit te verander na 'n verskillende woord?**
3 Skryf 'n lys van die leerders se idees op die bord, soos: **slank, flank, plank, blank, sak, pak**

**Julle...**

1 Skryf die woord wat in die lesplan voorgeskryf word op die bord: **klank**
2 Vra die leerders: **Wat is een klank wat jy in hierdie woord kan vervang om sodoende 'n ander woord te maak?**
3 Sê aan die leerders om soveel as moontlik ander woorde te maak as wat hulle kan, deur net een klank in die woord te vervang.
4 Aan die einde van die les, roep die leerders saam terug.
5 Roep die leerders om vorentoe na die bord te kom en een van hulle woorde te skryf.
6 Gaan deur die woorde en verduidelik watter klank is omgeruil.
7 **Vlug, vrug, slank, klank, bank, mank**

**FONETIEK**

## Woordsoek: Vrydae

***Doelwit:*** *Om geleentheid aan leerders te bied om hulle kennis van aangeleerde foneme te konsolideer. Om leerders toe te laat om hulle vaardighede van samevoeging om woorde te bou, te oefen. Om die herkenning van foneme met automatisme te verbeter.*

Skryf die tabel op die bord. Dit sluit vorige aangeleerde klanke in, sowel as die klanke geleer op Dinsdag en Woensdag. Dit sluit ook sommige voorvoegsels in:

| | | | |
|---|---|---|---|
| **-ank** | **i** | **p** | **-s** |
| **d** | **t** | **a** | **-ge** |
| **l** | **e** | **kr** | **o** |

**Wys deur jou voorbeeld**

1. Herinner leerders oor die klanke van die week: **/ank/** en **/kr/**
2. Hersien al die klanke en samevoegings op die bord.
3. Verduidelik dat leerders drie minute sal kry, om soveel woorde as wat hulle kan, te maak deur die klanke en samevoegings hierbo te gebruik.
4. Wys aan die leerders hoe om 'n woord te maak deur 'n teikenklank te gebruik, soos: /kl/ **– /a/ – /nk/ = klank**
5. Herinner leerders dat hulle 'n woord kan maak deur enige van die klanke te gebruik – hulle hoef nie klanke **/kl/** of **/rk/** te gebruik nie.
6. Wys leerders hoe om 'n ander woord te maak, soos: **/t/ – /a/ – /s/ = tas**
7. Herinner leerders dat hulle woorde kan maak deur die teikenklank te gebruik, soos **bank**, of woorde sonder die teikenklank te gebruik soos, **tas**.

**Leerders**

1. Sê aan leerders om hulle boeke oop te maak en die opskrif te skryf: **kl**, **kr**.
2. Sê dat leerders moet begin skryf.
3. Gee leerders 3 minute om soveel woorde as wat hulle kan, te vind en te bou.
4. Laat leerders toe om hulle eie werk te korrigeer. Wys leerders hoe om hierdie woorde (en nog meer) te bou: **bank, rank, slank, tjank, tronk, park, mark, vark, hark getref, gehurk, getjank**

**Anders as die onderstreepte punt hierbo, is hierdie dieselfde as Gr1–2 Vrydae.**

## Gedeelde lees met begripsstrategieë

'n Nuwe Gedeelde Lees storie word elke week gelees.

Gedeelde lees word as volg gedoen:

| | |
|---|---|
| Maandag: | Pre-lees |
| Dinsdag: | Eerste lees |
| Donderdag: | Tweede lees |
| Vrydag: | Nalees |

Vir hierdie Gedeelde Lees sessies, maak seker al die leerders sit rustig en dat hulle duidelik die grootboekprente kan sien. Herinner leerders wat jou verwagtinge is gedurende gedeelde leestyd, byvoorbeeld:

- Sit gemaklik en STIL
- Hou jou HANDE op jou skoot
- Hou jou oë en gedagtes by die boek
- Skakel jou KLANK af (wys met 'n handgebaar om hul lippe te seel)

***Die hoofdoel van Gedeelde Lees in hierdie program is as volg:***

**1** *Die leerders ervaar hoe dit voel om 'n hele storie te lees wat moeiliker is as die stories wat hulle al op hul eie kan lees. Omdat leerders nie bekommerd hoef te wees oor die tegniese deel van lees nie, kan hulle nou net konsentreer op die storielyn en die karakters. Die leerders kan die stories geniet en so 'n liefde vir lees ontwikkel.*

**2** *Soos wat die onderwyser die storie hardop lees, demonstreer sy toevallig leesvaardighede. Sy lees van die eerste tot die laaste bladsy, sy lees van bo tot onder van die bladsy, sy lees van links na regs, sy reageer volgens leestekens, sy lees vlot en teen 'n goeie pas. Sy lees met die nodige uitdrukking, dit gee betekenis aan die teks. Leerders leer toevallig baie vaardighede aan wanneer hulle 'n leser wat vlot lees dophou.*

**3** *Soos wat die onderwyser lees, lê sy betekenis neer deur: te wys na 'n deel van die prent, deur 'n handgebaar of aksie en deur met uitdrukking te lees. Die onderwyser voeg uitdruklik betekenis by, deur te stop en 'n woord of 'n frase te verduidelik. Deur na die onderwyser te luister en te kyk, leer die leerders nuwe leesvaardighede aan.*

**4** *Iets wat baie belangrik is gedurende Gedeelde Lees, is dat die onderwyser leerders moet leer hoe om te dink oor 'n storie en hoe om hul begrip van 'n storie te bou. In hierdie program het ons gekies om begripsvaardighede te bou deur die demonstrasie en leer van verskillende begripsstrategieë. Die volgende begripsstrategieë word gebruik:*

**5** *Kies om begripsvaardighede te demonstreer en te leer deur verskillende begripsstrategieë. Die volgende begripsstrategieë word gebruik:*
- *Voorspel*
- *Visualiseer*
- *Soek die teks*
- *Opsomming*
- *Dink oor die teks (wonder)*
- *Maak konneksies*
- *Maak afleidings*
- *Evalueer*

## BEGRIPSSTRATEGIEË

Onderstaande tabel verskaf inligting oor elke strategie.

| **Strategie 1: Voorspel** | |
|---|---|
| Verduideliking | Wanneer leerders voorspel, sê hulle wat hulle dink gaan gebeur in die storie.<br>Leerders kan voorspel wat gaan gebeur deur te kyk na die prente in die boek. Hulle kan ook voorspel wat volgende gaan gebeur nadat hulle 'n bladsy van die teks gelees het. Uiteindelik kan leerders voorspel hoe hulle dink die storie gaan eindig. |
| *Doel* | *Deur leerders te laat voorspel, kry jy hulle om te dink oor die storie voor hul dit nog gelees het. Leerders moet leidrade gebruik om uit te werk wie die karakters is en wat die hoofgebeure is wat gaan plaasvind. Deur te voorspel, ontwikkel leerders hul begripsvaardighede deur oor die storie na te dink.* |

| | |
|---|---|
| Stappe<br>*(Om te voorspel met prente)* | **1** Kyk na die prent.<br>**2** Vra leerders: Wat dink julle gebeur hier?<br>**3** Laat leerders dink oor die vraag.<br>**4** As leerders nie kan antwoord nie, gee ’n voorbeeld antwoord tot die vraag.<br>**5** Wys hoe die prente tot mekaar verband hou om die storie te bou. |
| Voorbeelde<br>*(Om met prente te voorspel)* | **1** Wat dink julle gebeur hier?<br>**2** Hoe dink julle voel die karakter? Hoekom?<br>**3** Wat dink julle gaan julle in die volgende prent sien? |
| Stappe<br>*(Om met teks te voorspel)* | **1** Lees ’n bladsy van die teks.<br>**2** Vra leerders: Wat dink julle gaan volgende gebeur?<br>**3** Laat leerders dink oor die vraag.<br>**4** As leerders nie kan antwoord nie, gee ’n voorbeeld antwoord tot die vraag. |
| Voorbeelde<br>*(Om met teks te voorspel)* | **1** Wat dink julle gaan volgende gebeur?<br>**2** Wat dink julle gaan die karakter volgende doen?<br>**3** Hoe dink julle gaan die storie eindig? |
| **Strategie 2: Visualiseer** | |
| Verduideliking | Wanneer leerders visualiseer moet hulle dink wat in die storie gebeur, soos ’n toneel in ’n fliek. Hulle moet probeer om die storie soos dit gebeur in hul gedagtes te sien. |
| *Doel* | *Visualisering help om betekenis te gee aan die woorde op die bladsy deur dit soos ’n toneel uit ’n fliek in die gedagtes van die leerder te plaas. Visualisering help ook vir leerders om te sien hoe gebeure in die teks met mekaar verband hou. Dit help hulle om begrip te bou en aan die storie as ’n geheel te dink, eerder as bladsy per bladsy.* |
| Stappe | **1** Lees die teks op die bladsy.<br>**2** Sê: Nou gaan ons die storie visualiseer asof ons na ’n fliek kyk.<br>**3** Vra die leerders om hulle oë toe te maak. Verduidelik aan leerders hulle moet luister na die woorde en hulle moet ’n fliek in hulle gedagtes maak.<br>**4** Lees weer die teks.<br>**5** Vertel die leerders wat jy gevisualiseer het. (Wys die vaardigheid.)<br>**6** Vra leerders: Wat het julle gesien? (Wat het in julle fliek gebeur?)<br>**7** Luister na leerders se antwoorde en bespreek dit. Maak seker dat leerders se antwoorde van toepassing is op wat in die storie gebeur het. |
| Voorbeelde | **1** Ek het gevisualiseer hoe Joe die resies wen. Ek kon sien hoe die sweet van sy voorkop af loop en oral spat. Ek kon sien hoe sy oë gefokus was op die eindpaal en hoe sy lyf so hard as moontlik gewerk het.<br>**2** Wat het julle gevisualiseer? Wat het in julle fliek gebeur? |
| **Strategie 3: Soek die teks** | |
| Verduideliking | Soek die teks vrae, is die mees basiese tipe van begripsvrae. Hierdie vrae vra leerders om te dink aan, of te kyk na die woorde op die bladsy en inligting te herroep. |
| *Doel* | *Hierdie vrae is om basies te kyk of daar begrip is vir die woorde op die bladsy.*<br>*Hierdie strategie wys leerders hoe om te identifiseer en te soek na ’n sleutelwoord wat hulle sal help om die antwoord op ’n vraag te kry.* |

| | |
|---|---|
| Stappe | **1** Lees die teks op die bladsy.<br>**2** Vra leerders 'n vraag oor inligting in die teks, byvoorbeeld: Wie wou Joe in die resies wen?<br>**3** Laat leerders die vraag antwoord.<br>**4** NOTA: Help leerders om die antwoord te vind deur 'n sleutelwoord uit te wys en om dan deur die teks te soek na hierdie sleutelwoord. Dit sal hulle gewoonlik lei na die antwoord. |
| Voorbeelde | **1** **<u>Wie</u>** wou Joe in die resies wen?<br>**2** **<u>Wat</u>** het Joe gedoen voor die resies?<br>**3** **<u>Wanneer</u>** het Joe geoefen vir die resies?<br>**4** **<u>Waar</u>** is die resies gehou? |
| **Strategie 4: Opsomming** | |
| Verduideliking | Wanneer leerders opsom, dink hulle aan wat gebeur het in die storie. Hulle kan ook aan ander goed dink, byvoorbeeld: waarvan hulle gehou het in die storie en wat hulle uit die storie geleer het. |
| *Doel* | *'n Opsomming wys dat leerders die storie verstaan het en dat hulle oor die storie gedink het. Om leerders te vra om 'n storie op te som, is die beste manier om hul begrip te toets.* |
| Stappe | **1** Lees die teks.<br>**2** Herinner leerders: Wanneer ons opsom, dink ons aan die belangrikste dele van die storie. Ons kan ook dink waarvan ons gehou het in die storie en wat ons uit die storie geleer het.<br>**3** Gee leerders 'n paar minute om te dink oor die storie.<br>**4** Vra leerders om na mekaar te draai en om hulle opsomming van die storie met mekaar te deel.<br>**5** Laastens kan jy leerders vra om hul opsomming neer te skryf, deur aan hulle riglyne te gee om hul hiermee te help. |
| Voorbeeld | Storie: Joe wen die resies.<br><br><u>Leerders kan die storie as volg opsom</u>:<br><br>**Hierdie storie gaan oor** 'n seun met die naam Joe, hy wil die vinnigste seun in die skool, Sizwe, wen in 'n resies. Joe oefen die heel tyd en uiteindelik wen hy vir Sizwe.<br><br>**Ek het van die deel gehou** waar Joe deur die wenpaal hardloop – dit was so opwindend.<br><br>**Ek het geleer** dat as jy hard probeer en nooit moed opgee nie, jy suksesvol kan wees. |
| **Strategie 5: Dink oor die teks (Wonder)** | |
| Verduideliking | Wanneer die onderwyser wonder, dink die onderwyser hardop oor die teks. Sy laat die leerders hoor wat sy dink oor die teks. |
| *Doel* | *Deur te wys hoe om te dink/wonder oor die teks, leer ons leerders twee dinge.*<br><br>*Eerstens, leer ons leerders dat goeie leerders nie net woorde lees nie, hulle dink altyd oor dit wat hulle lees. Tweedens, wys ons leerders watter tipe gedagtes goeie lesers het oor 'n teks.*<br><br>*Deur dit te doen wys ons lesers hoe om kreatief en krities te dink oor 'n teks.*<br><br>*Met tyd sal leerders begin om dit vir hulleself te doen.* |

| | |
|---|---|
| Stappe | **1** Lees die teks op die bladsy.<br>**2** Dink aan 'n vraag of 'n idee wat 'n vlot leser miskien mag hê oor die teks. (Idees word verskaf in die Eerste Lees en Tweede Lees blokke van die lesplan.)<br>**3** Sê: Ek sien/Ek let op ....<br>**4** Sê: Ek wonder ....?<br>**5** Leerders hoef **nie** die vraag te antwoord nie. |
| Voorbeeld | **Ek sien** hoe lag Sizwe vir Joe toe hy by die resies aankom. **Ek wonder** of dit vir Joe gaan ontstel? |
| **Strategie 6: Maak konneksies** | |
| Verduideliking | Wanneer leerders *konneksies maak*, vergelyk hulle die storie met hul eie lewens (teks na hulself), of na 'n ander teks (teks na teks), of na iets anders in die wêreld (teks na die wêreld). |
| *Doel* | *Om konneksies te maak help leerders om die teks dieper te verstaan deur dit te verbind met ander dinge wat hulle reeds ken of reeds ervaar het. Deur leerders te wys dat hul verskillende konneksies kan maak: teks tot 'n ander teks; teks tot hulself; tot hul eie lewens; teks tot die wêreld – ander inligting wat hul reeds ken van die wêreld.* |
| Stappe | **1** Lees die teks op die bladsy.<br>**2** Vra leerders 'n vraag, byvoorbeeld: Wanneer wou jy graag iets wen, soos Joe?<br>**3** Gebruik demonstrasie om 'n voorbeeld antwoord te gee, byvoorbeeld: Toe Joe die resies wou wen het dit my herinner hoe ek teen my suster op skool meegeding het. Sy het altyd volpunte gekry vir alles en my ouers was baie trots op haar. Ek wou hê my ouers moes so trots op my ook wees. |
| **Strategie 7: Maak afleidings** | |
| Verduideliking | Om 'n afleiding te maak gebruik jy dit wat jy reeds weet, saam met dit wat jy lees om 'n raaiskoot te maak oor iets in die storie. Dit is wat bedoel word met 'om tussen die lyne te lees'. Wanneer leerders 'n afleiding maak, maak hulle 'n raaiskoot oor iets in die storie.<br><br>Soms skryf die skrywer nie elke stukkie detail in 'n storie in nie. Die skrywer laat seker dele van die storie onvolledig, op hierdie manier kan lesers vir hulleself uitwerk wat gaan gebeur. |
| *Doel* | *Leerders moet sekere dele van die storie uitwerk deur afleidings te maak – hulle moet 'tussen die lyne lees'. Om dit te kan doen moet hulle gebruik wat geskryf is saam met dit wat hulle reeds weet om uit te werk wat nie spesifiek neergeskryf is nie.* |
| Stappe | **1** Lees die teks op die bladsy.<br>**2** Vra leerders: Wat weet julle hiervan? Wat sê die teks?<br>**3** Vra leerders: Wat kan ons nog hieroor raai? Is daar iets wat die teks ons nie vertel nie?<br>**4** Vra leerders: Wat kan ons aflei van Joe van die manier waarop hy oefen?<br>**5** Luister en **bespreek** leerders se antwoorde. Maak seker leerders se antwoorde is logies.<br>**6** As leerders sukkel, gee hulle 'n voorbeeld van 'n afleiding. Gebruik die volgende sin om hulle te help: Gebaseer op .... Ek dink .... |
| Voorbeeld | **Teks:**<br><br>My broer het aansoek gedoen om Universiteit toe te gaan. Toe ek by die huis kom het my broer 'n brief vasgehou en geglimlag. My ma het gehuil en gelag en hom vasgedruk. |

| | |
|---|---|
| | Afleiding:<br>Gebaseer op die feit dat my broer aansoek gedoen het om Universiteit toe te gaan en omdat hy 'n brief vasgehou en baie gelukkig gelyk het, kan ons raai dat sy aansoek suksesvol was. |
| **Strategie 8: Evalueer** | |
| Verduideliking | Wanneer ons 'n teks evalueer, maak ons 'n besluit oor 'n aspek van die teks. |
| *Doel* | *Leerders moet geleer word dat hulle altyd moet evalueer wat hulle lees en hulle moet hulle afleidings kan verduidelik.* |
| Stappe | **1** Lees die teks.<br>**2** Vra leerders om te evalueer en om hierdie evaluering te verduidelik. Byvoorbeeld: Dink jy x het die regte ding gedoen? Hoekom of hoekom nie?<br>**3** Luister na leerders se antwoorde en bespreek dit. Maak seker leerders se antwoorde is logies.<br>**4** Indien leerders sukkel, deel jou eie evaluasie as voorbeeld: **Ek dink** x het die regte ding gedoen **want** x |
| Voorbeeld | **Sommige evaluasie vrae kan begin met:**<br>**1** Dink jy .....<br>**2** Stem jy saam met ....<br>**3** Volgens jou opinie ......<br>**4** Het jy gehou van ....... |

Hier onder is 'n beskrywing van die kernmetodologieë van elk van die Gedeelde Lees lesse: Pre-Lees; Eerste Lees; Tweede Lees en Nalees. Lees hierdie beskrywings om 'n duidelike begrip te kry van die vloei van elke les.

## GEDEELDE LEES: PRE-LEES

### BEGRIPSSTRATEGIE: VOORSPEL

In die Pre-Lees bou ons begripsvaardighede om leerders te laat dink oor 'n storie voor hulle dit lees.

1. Sê vir leerders dat hulle vandag na die prente gaan kyk en dink oor die storie.
2. Sê vir leerders dat, gebaseer op wat hulle sien, hulle 'n voorspelling moet maak oor die storie. Dit beteken hulle moet die prente gebruik om te raai waaroor die storie gaan.
3. Verduidelik aan leerders dat hulle nie aan elke prent op sy eie moet dink nie. Hulle moet dink hoe elke prent by die volgende een aansluit. Hulle moet die prente as 'n geheel sien en op hierdie manier uitwerk waaroor die storie gaan.
4. Wys die leerders die buiteblad van die boek en lees die titel hardop.
5. Vra leerders: Wat dink julle gaan in die storie gebeur?
6. Volgende, kyk na elke prent in die boek en soos jy kyk vra die leerders:
   - **a** Wat sien jy in hierdie prent?
   - **b** Wat dink jy gebeur hier?
   - **c** Wat dink jy gaan in die teks gebeur?

7 As leerders vergeet om die prente met mekaar te verbind, herinner hulle om dit te doen. Byvoorbeeld: 'Kan julle onthou wat die seun in die vorige prent gedoen het? Wat doen hy nou? Wat dink julle is besig om te gebeur?'
8 Wanneer jy by die laaste prent kom, vra leerders: Hoe dink julle gaan die storie eindig (Indien toepaslik)?
9 Bedank leerders vir hulle voorspellings.
10 Indien jy tyd het, lees een maal deur die storie sonder om te stop.

## GEDEELDE LEES: EERSTE LEES

### BEGRIPSSTRATEGIE: DIE STRATEGIE WAT GEBRUIK MOET WORD IS IN DIE LESPLAN.

Tydens die Eerste Lees, bou ons eerstens begripsvaardighede deur die storie te lees en te verduidelik aan leerders. Ons demonstreer ook hoe om te dink oor die storie. Voor jy begin lees, verduidelik eers aan die leerders wat jy gaan doen. Sê iets soos: *'Klas, dit is nou tyd vir Gedeelde Lees. Onthou wanneer ons lees of luister na 'n storie is dit altyd belangrik om te dink aan die storie. Vandag gaan ek julle wys hoe om te dink oor die storie. Ek gaan dit doen deur (byvoorbeeld) te visualiseer wat in die storie gebeur. Dit beteken dat soos ek lees, ek 'n fliek van die storie in my gedagtes gaan maak.'*

1 Lees elke bladsy vlot en duidelik. Soos jy lees, gebruik handgebare, aksies en gesigsuitdrukkings en verander die toon van jou stem (uitdrukking) om die betekenis duideliker te maak.
2 Waar nodig, stop en verduidelik 'n woord of frase aan die leerders.
3 Op dieselfde tyd, gedurende die Eerste Lees, fokus ons ook op demonstrasies en die leer van begripsstrategieë aan leerders.
4 Aan die einde van elke bladsy sal jy twee gekleurde blokke sien, dit is gemerk Eerste Lees en Tweede Lees.
5 Sodra jy 'n bladsy aan leerders gelees het, stop en wys wat jy dink deur te sê wat in die blok vir Eerste Lees staan. Deur dit te doen, demonstreer jy hoe om te dink oor die storie. Dit is belangrik dat jy verstaan wat jy sê – as dit nie vir jou sin maak nie, sal dit ook nie vir die leerders sin maak nie.
6 Op die laaste bladsy van die storie is daar 'n paar vrae in die Eerste en Tweede Leesblokke.
7 Vra verskillende leerders om te antwoord.
8 Wys leerders dat daar meer as een korrekte antwoord op 'n vraag kan wees en dat leerders verskillende opsies het.

## GEDEELDE LEES: TWEEDE LEES

### BEGRIPSSTRATEGIE: DIE STRATEGIE WAT GEBRUIK MOET WORD IS GEÏDENTIFISEER IN DIE LESPLAN.

In die Tweede Lees bou ons voort op begripsvaardighede deur die storie aan leerders te lees en te demonstreer hoe om te dink oor die storie. Weereens, vertel aan die klas wat jy gaan doen. Sê iets soos*: 'Klas, dit is tyd vir Gedeelde Lees. Onthou wanneer ons 'n storie lees of luister is dit altyd belangrik om te dink oor die storie. Ek gaan dit doen deur (byvoorbeeld) te visualiseer wat gebeur in die storie. Dit beteken dat terwyl ek lees, ek 'n fliek in my gedagtes gaan maak.'*

1. Lees elke bladsy vlot en duidelik. Soos jy lees, gebruik handgebare, aksies en gesigsuitdrukkings en verander die toon van jou stem (uitdrukking) om die betekenis duideliker te maak.
2. Op dieselfde tyd, gedurende die Tweede Lees, moet jy demonstreer hoe om te dink oor die storie.
3. Aan die einde van elke bladsy sal jy twee gekleurde blokke sien, dit is gemerk Eerste Lees en Tweede Lees.
4. Sodra jy 'n bladsy aan leerders gelees het, stop en wys wat jy dink deur te sê wat in die blok staan vir Tweede Lees. Deur dit te doen, demonstreer jy hoe om te dink oor die storie. Dit is belangrik dat jy verstaan wat jy sê – as dit nie vir jou sin maak nie, sal dit ook nie vir die leerders sin maak nie.
5. Op die laaste bladsy van die storie is daar 'n paar vrae in die Eerste en Tweede Leesblokke.
6. Vra verskillende leerders om te antwoord.
7. Laastens, vra leerders om 'n vraag te formuleer oor die teks.
   - **a** Vra leerders om elkeen op hul eie te dink aan 'n vraag wat hulle kan vra oor die teks.
   - **b** Indien nodig, herinner leerders aan van die vraagwoorde of frases, byvoorbeeld: wie; wat; waar; hoe; hoekom; in jou opinie; dink jy; maak 'n lys; ens.
   - **c** Vra leerders om na mekaar te draai en hulle vrae met mekaar te deel.
   - **d** Vra dan 'n paar leerders om hulle vrae met die klas te deel.
   - **e** Gee ander leerders die kans om die vrae te beantwoord.

## GEDEELDE LEES: NALEES

Die doel van die Nalees aktiwiteit is om leerders die kans te gee om hulle begrip van die storie goed vas te lê. Sowel as om die nuwe taal wat hulle geleer het te oefen.

Gedurende die nalees, gaan jy een van vier aktiwiteite beoefen:

1. Illustreer die teks.
2. Voer die storie op.
3. 'n Mondelinge of geskrewe vertelling van die storie.
4. 'n Geskrewe begripstoets.

## ILLUSTREER DIE TEKS

1 Laat die leerders by hulle banke sit, met hulle boeke of ’n skoon vel papier, potlode en kryte.
2 Sê vir leerders dat hulle iets gaan visualiseer uit die teks. Herinner leerders dat wanneer hulle iets visualiseer, hulle moet dink hoe dit lyk, hoe dit ruik, hoe dit voel en hoe dit klink. Hulle moet ook dink hoe hulle voel oor die karakter, ’n gebeurtenis of ’n item in die teks.
3 Vra leerders om hul oë toe te maak en te ontspan. Lees die teks nog een maal vir hulle.
4 Vra dan vir leerders om hul oë oop te maak en iets uit die teks te teken wat hulle gevisualiseer het. Leerders kan byskrifte maak om reuk, smaak ens. te verduidelik.
5 Dan moet leerders die aanvang van ’n sin/sinne gebruik om ’n sin of twee te skryf oor wat hul gevisualiseer het.
6 Laastens, laat leerders na mekaar draai en met mekaar gesels oor wat hul gevisualiseer het.

## VOER DIE STORIE OP

1 Laat die leerders rustig op die mat, of op ’n stil plek buite sit.
2 Vertel vir leerders dat hulle vandag dele van die storie wat hulle gelees het gaan opvoer.
3 Hou die groot boek op. Lees die eerste bladsy.
4 Gee die leerders instruksies oor wat hulle moet opvoer. (In lesplan)
5 Voer die instruksies saam met die leerders uit.
6 Herhaal elke bladsy.
7 Leer leerders om te reageer op ’n teken dat hulle moet stil wees en luister wanneer jy ’n bladsy tussen aksies lees.


## ’N MONDELINGE OF GESKREWE VERTELLING VAN DIE STORIE.

1 Maak die leerders rustig om hulle aandag te kry.
2 Volg die stappe in die lesplan om ’n deel van die storie te herhaal aan die leerders.
3 Eerstens demonstreer jy ’n herhaling van iets uit die storie.
4 Volgende vra jy die leerders om te dink aan iets oor die storie, hulle moenie jou voorbeeld gebruik nie.
5 Dan moet leerders DRAAI EN GESELS en hulle herinnering met hul maat deel.
6 Laastens vra jy ’n paar leerders om hul herinnering van die storie met die res van die klas te deel.
7 Indien die les ’n geskrewe herinnering is, moet leerders hulle herinnering teken of skryf in hul skrifte.

## ’N GESKREWE BEGRIPSTOETS

1 Voor die les, skryf die titel van die teks as opskrif op die bord.
2 Volgende, skryf die begripstoetsvrae op die bord, saam met die aanvangswoorde om die sinne mee te begin vir die antwoorde. (Waar van toepassing.)
3 Gee die leerders instruksies om hul boeke oop te maak en die opskrif te skryf.

4 Sê vir leerders dat hulle vandag gaan dink oor die vrae en dan hulle antwoorde gaan neerskryf.
5 Lees saam met die leerders deur die vrae en verduidelik, indien nodig.
6 Sê vir leerders hulle hoef nie die vrae neer te skryf nie, slegs die antwoorde.
7 Loop deur die klas en help leerders wat sukkel.
8 Gedurende die laaste twee minute, gaan deur die antwoorde met die leerders en gee hulle kans om hulle eie werk na te sien.



## Groepbegeleide Lees

***Doelwit:*** *Om na elke leerder te luister wat individueel hardop lees. Om tegniese leesvaardighede te onderrig en die leerders se leesbegrip te ontwikkel. Om die res van die klas die geleentheid te gee om woordbouwoorde, hoë frekwensie woorde, sowel as kort ontsyferbare sinne te lees, kort begripsaktiwiteite voltooi en onafhanklik te skryf.*

Dit is baie belangrik dat jy ten minste een keer per week na elke leerling wat individueel lees, sal luister.

### WAT OM MET DIE RES VAN DIE KLAS TE DOEN:

1 Voordat jy met ’n groep met die begeleide groepslees begin, moet jy vooraf die res van die klas tot orde bring met hulle boeke en ontsyferbare Lees Werkkaarte.
2 Maak seker dat die werkkaarte beskerm word, deur van toevou lêers (flip files) of plastiese lêers gebruik te maak.
3 Oefen leerders op die roetine van Huistaal begeleide Groepslees soos volg:
   a Bring die klas tot orde met hulle lees werkkaarte.
   b Verduidelik die eerste werkkaarte aktiwiteit wat voltooi moet word.
   c Roep ’n groep om vir jou te kom lees.
   d Wanneer jy na elke leerder in die groep geluister het, stuur die groep terug na hulle sitplekke.
   e Gee opdrag aan die klas om ’n oordrag aktiwiteit te doen, soos: Juffrou sê: Dansparty; Wikkel, wikkel, fries; of My stoel en ek.
      - *Nota: 30 minute is ’n lang tyd vir jong leerders om te bly sit en stil en onafhanklik te werk. Om hierdie rede is dit belangrik om ’n oordrag aktiwiteit te doen om leerders die geleentheid te gun om ’n pouse te hê en iets prettig en fisies te doen.*
   f Bring die klas tot orde met hulle werkkaarte.
   g Verduidelik die volgende werkkaarte aktiwiteit wat voltooi moet word.
   h Roep ’n ander groep om vir jou te kom lees.
4 Dit is ’n goeie plan om ’n swak leser langs ’n sterker leser te laat sit, sodat soos leerders die werkkaarte lees, gelyke onderrig deur ’n eweknie kan plaasvind.

## STRUKTURE VAN DIE LEES WERKKAARTE:

1 Elke weeklikse werkkaart bestaan uit 10 aktiwiteite. Daar is 10 begeleide groepslees sessies per week. Alhoewel, elke groep kry 'n beurt om een maal per week saam met die onderwyseres te werk. Dit beteken dat leerders die Werkkaart aktiwiteite gedurende 9 sessies sal voltooi.

2 Simbole wat leerders daaraan herinner wat om elke dag te doen:

**a** Die mond herinner leerders om woorde te klank.

**b** Die oog herinner leerders dat hulle hierdie woorde op sig moet lees.

**c** Die enkel kind herinner leerders dat hulle op hul eie moet lees.

**d** Die twee kinders herinner leerders om saam met 'n maat te lees.

**e** Die hand wat 'n pen vashou herinner leerders dat hulle moet teken of skryf.

3 'n Meesterlys van alle geleerde fonetiese – en hoë frekwensie woorde word gehou. Nuwe stories word saamgestel deur die gebruik van fonetiese en hoë frekwensie woorde wat voorheen geleer is. Dit beteken dat leerders nooit woorde op die werkkaart teëkom wat hulle nog nie tevore gesien het nie.

## DIE AANWYSING VAN GROEPE EN TEKS SELEKSIE VIR BEGELEIDE GROEPSLEES

1 Gedurende die eerste twee weke van skool, luister na elke leerder se leeswerk individueel.

2 Gebruik die rubriek hieronder om die leerders volgens hulle bekwaamheid te sorteer.

3 Wys leerders toe aan dieselfde bekwaamheids groepe.

4 In hierdie programme is daar 10 tydgleuwe per week om na lees te luister. Dit beteken dat jy tot 10 groepe mag vorm. As jy minder as 10 groepe vorm, mag jy die ekstra tydgleuwe gebruik om met sukkelende lesers te werk. .

5 In jou Kontrolelys sal jy 'n vorm vind waarop die name van leerders per groep ingevul moet word, en 'n tabel waar jy kan rekord hou van wat elke groep gelees het.

6 **Neem asseblief kennis:** Hierdie rubriek verdeel leerders gebaseer op hulle tegniese lees vaardighede.

7 Indien daar baie leerders op dieselfde vlak is, mag jy leesbegrip as 'n verdere manier gebruik om die groep verder te verdeel.

8 **In 'n klas van 40 leerders, mag daar:**

- Geen vol groep op vlak 1 nie, legs 'n paar individuele leerders.
- 1 groep op vlak 2
- 2 of 3 groepe op vlak 3
- 2 of 3 groepe op vlak 4
- 1 of 2 groepe op vlak 5

| **Ek dink hierdie leerder lees op:**<br>**Vlak 1** | **Ek dink hierdie leerder lees op:**<br>**Vlak 2** | **Ek dink hierdie leerder lees op:**<br>**Vlak 3** | **Ek dink hierdie leerder lees op:**<br>**Vlak 4** | **Ek dink hierdie leerder lees op:**<br>**Vlak 5** |
|---|---|---|---|---|
| • Hierdie leerder ken geen of baie min woorde.<br>• Hierdie leerder blyk nie in staat te wees om baie letter-klank verhoudings te herken nie. | • Hierdie leerder ken slegs 'n paar gewone woorde.<br>• Hierdie leerder blyk nie in staat te wees om sommige letter-klank verhoudings te herken nie OF hierdie leerders benodig baie hulp om vorige<br>• ongesiene woorde te lees. | • Hierdie leerder ken baie algemene woorde.<br>• Hierdie leerder benodig hulp om vorige ongesiene woorde te ontsyfer. | • Hierdie leerder ken baie algemene woorde en kan die meeste van vorige ongesiene woorde ontsyfer.<br>• Hierdie leerder het soms hulp nodig om vorige uitdagende ongesiene woorde te ontsyfer. Hierdie leser lees ietwat vlot. | • Hierdie leerder ken baie algemene woorde.<br>• Hierdie leerder kan vorige ongesiene woorde ontsyfer.<br>• Hierdie leerder lees vlot en met intonasie.<br>• Hierdie is een van die beste lesers in die klas. |

## WAT OM MET ELKE GROEP TE DOEN TYDENS BEGELEIDE GROEPSLEES:

1. Roep 'n groep om vir jou te kom lees.
   a. Maak seker hulle het almal die korrekte teks.
   b. Plaas die groep in 'n sirkel.
   c. Herinner leerders aan die sigwoorde wat hulle vir die week geleer het. Wys aan die groep die flitskaarte van hierdie woorde en oefen om dit te lees.
   d. Gee hierna aan die leerders 'n paar minute om 'n gedeelte van die teks onafhanklik en in stilte te lees.
   e. Vra dan aan elke leerder om 'n gedeelte van die teks op sy of haar eie, hardop te lees.
2. Gedurende begeleide groepslees, is dit belangrik om te onthou:
   a. **Dui die hoë frekwensie woorde aan.** Herinner leerders dat daar sommige woorde is wat so dikwels voorkom, dat ons moet leer om dit te siglees.
   b. **Bou van ontsyfervaardighede.** As 'n leerder 'n woord nie kan lees nie, moenie die leerder sommer dadelik met die woord help nie. Moedig eerder die leerder aan om die woord te klank en dan die klanke saam te voeg om die woord te vorm.
   c. **Pryse en moedig leerders aan.** Maak van begeleide groepslees 'n positiewe ondervinding vir leerders en gebruik hierdie tyd om leerders se selfvertroue op te bou.

- **d** **Bou vlotheid van lees.** Help leerders om hulle leesvlotheid te verbeter  Sê aan leerders dat hulle lees moet klink asof hulle praat.  Demonstreer leesvlotheid aan leerders en laat hulle jou voorbeeld herhaal.
- **e** **Bou Leesbegrip.** Sê aan leerders dat hulle altyd moet dink waaroor hulle lees. Leer leerders om te wag, terug te gaan en dit wat hulle gelees het, weer te lees**,** indien hulle die spoor of die doel verloor het. Leer leerders om te visualiseer soos hulle lees – om 'n fliek in hulle koppe te bou oor dit wat hulle lees. Leer leerders om te probeer onthou wat hulle gelees het. Moedig leerders ook aan om te vra, indien daar iets is wat hulle nie verstaan nie.

### VERSORGING VAN DIE LEES WERKKAARTE:

1. Dit is 'n goeie plan om die werkkaarte in toevou lêers of plastiese saklêers te sit wanneer leerders dit gebruik.
2. Pas hierdie werkkaarte versigtig op en bêre dit behoorlik na gebruik.
3. Jy behoort dieselfde werkkaarte vir baie jare te kan gebruik, aangesien leerders nie daarop skryf nie. In plaas daarvan skryf hulle in hulle in hulle boeke.

## ALTERNATIEF TOT BEGELEIDE GROEPSLEES

Onthou dat die doel van Begeleide Groepslees is om na elke leerder se lees individueel te luister, om sodoende vir hulle tegniese leesvaardighede te help bou. Indien jy nie genoeg spasie in jou klaskamer hiervoor het nie, of as jy sukkel om die klas se gedrag te beheer terwyl jy na 'n groepslees luister, is daar 'n alternatief.

Bring al die leerders tot orde by hulle lessenaars gedurende Begeleide Groepslees met hulle lees werkkaarte. Doen dan die volgende:

1. Verduidelik die eerste werkkaart aktiwiteit wat hulle moet doen.
2. Roep daarna individuele leerders een op 'n keer na jou tafel om hardop vir jou te lees.
3. Luister na elke leerder wat van 'n toepaslike vlak teks lees.
4. Bou die leerder se tegniese leesvaardigheid.
5. Gee na 15 minute opdrag aan die klas om 'n oorgangsaktiwiteit te doen.
6. Bring leerders daarna tot orde in hulle sitplekke met hulle werkkaarte.
7. Verduidelik die volgende aktiwiteit wat hulle moet doen.
8. Gaan voort om individuele leerders na jou tafel te roep om hardop vir jou te lees.

Indien jy sou besluit om hierdie alternatiewe metode van luister na lees te gebruik, moet jy seker maak dat jy ten minste een maal per week na elke leerder sa luister.

# Prosesskryf

***Doel:*** *Om aan leerders 'n proses te leer om, met ondersteuning, hul oorspronklike gedagtes in skryfwerk om te sit. Om aan leerders te wys dat om deur 'n proses te werk, hul die geleentheid gegun word om hul gedagtes te verander, te verfyn en te verbeter, eerder as om 'dit die eerste keer reg te kry".*

Prosesskryf bestaan uit beplanning, rofwerk, redigering, publisering en aanbieding. Hierdie vier dele van die prosesskryf word, soos die leerders vaardiger word, oor die eerste drie grade aan hulle bekend gestel.

## BEPLAN SKRYFWERK

1. In hierdie program, fokus beplanning daarop om die leerders te leer hoe om te beplan deur die volgende te gebruik:
   - **a** 'n Lys
   - **b** 'n Breinkaart
2. Voordat leerders hul eie plan skep, moet jy dit volledig aan hul demonstreer, sodat hulle presies weet wat om te doen. Die lesplan sal jou lei hoe om dit te doen.
3. Verduidelik aan leerders dat jy altyd DINK waaroor jy gaan skryf. Jy moet gedagtes hardop verduidelik sodat leerders hul kan hoor.
4. Gebruik die beplanningsvoorbeeld om jou skryfwerkplan te skep.
5. Volgende, gee die leerders 'n paar minute om te dink oor dit waaroor hul gaan skryf.
6. Laat leerders toe om om te draai, te praat, en hul idees met 'n maat te deel.
7. Ten laaste, lei en ondersteun leerders wanneer hulle nou die beplanningsvoorbeeld gebruik om hul eie planne te voltooi.

## SKRYFROFWERK

1. Voordat die les begin, herskryf jou beplanningsraamwerk van MAANDAG op die bord. Skryf die skryfraamwerk voorbeeld op die bord.
2. Verduidelik volgende kortliks en demonstreer hoe leerders die plan gaan gebruik om hul rofwerk te skep.
3. Wys aan leerders die skryfraamwerk voorbeeld wat hul gaan help om dit te doen.
4. Loop rond in die klas en bied ondersteuning aan terwyl leerders hul rofwerk voltooi.

## REDIGERING VAN SKRYFWERK

1. Skryf die redigering kontrolelys van die lesplan op die bord.
2. Lees deur en verduidelik die kriteria aan die leerders.
3. Jy mag dalk aan die leerders wys hoe om algemene foute reg te maak.
4. Laat leerders toe om hul eie skryfwerk te redigeer en reg te maak deur die kontrolelys te gebruik.

### BIED DIE SKRYFWERK AAN EN GEE VERSLAG DAAROOR

1 Gee instruksie aan die leerders om die finale weergawe netjies oor te skryf.
2 Gee aan leerders die geleentheid om boeke uit te ruil en mekaar se skryfwerk te lees.
3 Gee aan verkillende leerders die geleentheid om hul skryfwerk te deel deur dit aan die hele klas voor te lees.
4 Vra sommige leerders om hul storie oor te skryf op 'n blanko papier, dit te illustreer en hul naam by te skryf. Vertoon die skryfwerk op die klaskamer se muur.
5 Neem die leerders se boeke in. Daar word slegs van jou verwag om formeel 2 stukke skryfwerk per termyn te merk deur die rubrieke wat voorsien word. Lees egter en lewer kommentaar op die leerders se finale stuk skryfwerk vir elke siklus.
6 Onthou weereens dat selfvertroue 'n belangrike deel van die ontwikkeling van skryfvaardighede is.

## Skryfstrategieë

***Doel:*** *Om die leerders met verskeie strategieë toe te rus wat sal dien as boublokke om hul in staat te stel om hul gedagtes in oorpronklike skryfwerk te verander.*

1 Volg die lesplanne om die skryfwerk opdrag vir elke week te voltooi.
2 Jy sal oplet dat dieselfde roetine altyd in die lesplanne gevolg word. Dit is om die leerders te help om te weet wat om te verwag in skryflesse. Dit help dan ook om hul selfvertroue te bou.
3 Jy sal oplet dat verskillende strategieë stadig aan leerders geleer word om hulle in staat te stel om sinraamwerke suksesvol te voltooi.
4 Die doel is vir leerders om uiteindelik hierdie strategieë outomaties te gebruik.
5 Hierdie strategieë help leerders om vol selfvertroue te voel oor hul skryfwerk en deur hulle te wys dat daar 'n reeks stappe is om te volg wanneer hulle skryf.

### STRATEGIE 1: ONDERWYSER DEMONSTREER EERS DIE SKRYFWERK

a Die onderwyser demonstreer eers die opdrag aan die klas (sy wys presies aan die klas wat hulle gaan doen).
b Die leerders kry 'n duidelike idee van die opdrag deur te sien wat die onderwyser doen.

**STRATEGIE 2: LEERDERS DINK VOORDAT HULLE SKRYF**

**a** Skryf is die aksie om gedagtes op papier neer te skryf.
**b** Dit beteken dat skrywers eers moet dink en besluit wat om te skryf voordat hulle skryf.
**c** Dit beteken ook dat daar geen korrekte of verkeerde 'antwoorde' in skryfwerk is nie – elke skrywer het haar of sy eie gedagtes om oor te skryf.
**d** Voorsien altyd genoeg tyd vir leerder om eers te dink waaroor hulle wil skryf.

**STRATEGIE 3: SKRYWERS TREK LYNE VIR ELKE WOORD**

**a** Leerders dink oor die sin wat hul wil skryf, en sê dit hardop.
**b** Hulle moet dan die woorde in hul sinne tel en 'n lyn trek wat elke woord verteenwoordig.
**c** Lyne moet van links na regs op die bladsy getrek word.
**d** Lyne moet min of meer so lank as die woord wees.
**e** Spasies moet oopgelaat word tussen woorde.
**f** Die leerder moet aan die einde van 'n sin 'n punt sit.
**g** Met die lyne in plek, moet leerders die woorde invul wat hulle ken, of probeer om die beginklanke neer te skryf voordat hulle om hulp vra.
**h** Dit gee struktuur aan die leerder se skryfwerk, wat selfvertroue bou. Selfs leerders wat werklik sukkel kan die skryfproses op die manier begin.

**STRATEGIE 4: SKRYWERS GEBRUIK HULPBRONNE OM WOORDE TE SKRYF**

**a** Leer leerders om nie vir hulp te vra met al die onbekende woorde nie. Hulle moet eers van ander hulpbronne gebruik maak om uit te vind hoe om die onbekende woord te skryf. Byvoorbeeld:
- Woorde op die muur
- Ander boeke
- Spellyste
- Hulle kan selfs hul klasmaats vra.

**STRATEGIE 5: SKRYWERS GEBRUIK HUL GEHEUE OM WOORDE TE SKRYF**

**a** Leerders moet probeer om woorde te onthou wat hul reeds geleer het, en om hierdie woorde van geheue te skryf.

**STRATEGIE 6: LEERDERS SÊ WOORDE STADIG**

1. Leer leerders om onbekende woorde baie stadig te sê om die verskillende klanke te hoor. (Segmentering)
2. Volgende, leer die leerders om elke klank wat hul kan hoor, neer te skryf. (Hul mag dalk nie die woord korrek spel nie, maar dit dien as beginpunt om onbekende woorde te skryf. Byvoorbeeld, **bring** mag dalk as **brig** geskryf word of self **brng**. Die onderwyser kan dan hierop bou en aan die leerder die korrekte spelling wys.)
3. Probeer om die leerder se fonetiese skryfwerk te lees en prys hulle omdat hulle hul fonetiese kennis gebruik het om woorde te bou. Dit is ’n belangrike vaardigheid om aan te moedig.

**STRATEGIE 7: SKRYWERS LEES WAT HULLE SKRYF**

**a** Leerders lees hul sin hardop aan hulself of ’n klasmaat. Die skryfproses word meer betekenisvol deur hul skryfwerk aan ’n klasmaat te lees.
**b** Maak seker dat hulle nie woorde uitgelaat het terwyl hulle dit doen nie.
**c** Hulle maak ook seker dat die woordorde korrek is.
**d** Die belangrikste is om dit so aan te bied dat leerders die skryfproses geniet en trots voel oor wat hulle geskryf het.

**STRATEGIE 8: SKRYWERS DRAAI OM EN GESELS**

**a** Skrywers kan op verskillende tye gedurende die les omdraai na ’n klasmaat en beurte maak om met mekaar te praat.
**b** Dit kan dan gebruik word om idees uit te ruil oor wat hulle wil skryf, deur hul skryfwerk aan mekaar te lees, deur mekaar te vertel oor hul prentjies of om seker te maak hulle verstaan wat hulle moet doen.
**c** Leer leerders om mekaar in die gesig te kyk en saggies te praat wanneer hulle omdraai om te gesels.

**STRATEGIE 9: HOU MINI KONFERENSIES**

**a** Dit is ’n nuttige strategie om te gebruik terwyl leerders skryf.
**b** Loop deur die klaskamer en stop wanneer jy sien dat ’n leerder sukkel.
**c** Hou mini konferensies met daardie leerder.
**d** Neem deel met die leerder se werk, luister na die leerder en bied hulp aan waar nodig.
**e** Onthou om te probeer om aan alle leerders individuele aandag te gee en om hul pogings en verbeteringe te prys.

# Graad 2
# TERMYN 3
# Week 1
# TEMA:
## Gemeenskap

## Voorbereiding Van Klaskamer

1 Aan die begin van die week maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2 Opdateer jou vertoonborde deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder en dit netjies en versigtig weg te bêre.
3 Volgende moet jy die flitskaart woorde, tema woorde en illustrasies wat jy gaan gebruik voorberei.
4 Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind byvoorbeeld: prente van verskillende gemeenskappe in die wêreld.
5 Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Artikels oor mense wat hulle gemeenskappe verbeter.
6 Maak seker dat alle leerders se Boeke / DBO Werkboeke netjies gebêre is waar hulle hoort.
7 Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.
8 Pas jou Groep Begeleide Lees groepe aan indien nodig.
9 Beplan jou formele en informele assesseringsaktiwiteite vir die week.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaar kry of terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DBO Werkboek 2: Bladsy 2, Ons lees

**Aktiwiteit 2:** DBO Werkboek 2: Bladsy 4, Ons doen

**Aktiwiteit 3:** DBO Werkboek 2: Bladsy 5, Ons skryf

**Aktiwiteit 4:** Teken ’n prent van ’n gemeenskap waarvan jy ’n lid is.

# Maandag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### STEL DIE TEMA BEKEND: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1. Wys aan leerders die prent van die mense wat saam sop eet in die Grootboek storie: Ouma se Klipsop
2. Vertel aan leerders dat ons 'n nuwe tema begin: Gemeenskap
3. Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
4. Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5. Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6. Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   a. Wat is 'n gemeenskap?
   b. Wie is deel van 'n gemeenskap?
   c. Watter belangrike plekke is daar in 'n gemeenskap?

### TEMA WOORDESKAT

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - gemeenskap
   - bestandeel
   - slag

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Klipsop, klipsop<br>Besig om te prut en borrel | *Wikkel jou lyfie om te wys hoe die water borrel* |
| Klipsop, klipsop<br>Amper reg vir eet! | *Vryf jou handjies teen mekaar om te wys hoe jy wag vir die sop* |
| Elkeen gooi sy bietjie<br>By die water in die pot | *Maak of jy iets in die pot gooi* |
| Kom ons roer en roer<br>Ons bielie van 'n pot sop! | *Maak of jy die pot roer* |
| Klipsop, klipsop<br>Besig om te prut en borrel | *Wikkel jou lyfie om te wys hoe die water borrel* |
| Klipsop, klipsop<br>Amper reg vir eet! | *Vryf jou handjies teen mekaar om te wys hoe jy wag vir die sop* |

## Handskrif

15 minute

1 Vra die leerders moet hulle boeke oop maak.
2 Sê die volgende klanke/woorde sodat die leerders dit kan neerskryf.
   a **ring**
   b **bank**
   c **held**
   d **melk**
   e **mond**
   f **lint**
   g **sorg**
   h **kerk**
   i **kers**
   j **kort**
3 Vra leerders om 'n gekleurde potlood in whole document te neem en hulle eie werk te merk.
4 Skryf die klanke en woorde duidelik op die bord.
5 Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees:

15 minute

### Voorlees

### BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL

1 Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2 Maak die Grootboek oop by die storie: Ouma se klipsop
3 Gaan deur die prente van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4 Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5 Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6 Lees die storie een maal deur sonder om te stop.

## Skryfwerk:

30 minute

### Beplan En Rofwerk / Opstel

**ONDERWERP:** Skryf oor iets wat jy graag sal wil doen om jou gemeenskap en die wêreld te verbeter.

**OPDRAG:** Skryf twee paragrawe of 6–8 sinne.

**BEPLANNINGSTRATEGIE:** Teken 'n breinkaart

#### STEL DIE SKRYF ONDERWERP BEKEND

1. Wys aan leerders dat jy dink voordat jy skryf.
2. Mondelings, verduidelik jou idees vir jou storie, soos:
   *Ek gaan skryf oor wat ek kan doen om my gemeenskap en die wêreld te verbeter, soos om rommel op te tel en seker te maak dat daar genoeg vullisblikke in my gemeenskap is.*

#### DEMONSTREER DIE BEPLANNINGSTRATEGIE (EK DOEN)

1. Teken 'n breinkaart raam aan die eenkant van die swartbord.
2. Wys aan die leerders hoe jy die breinkaart opstel deur die vrae te beantwoord.
3. Voltooi die breinkaart op die anderkant van die swartbord.


| Breinkaart Plan | | |
|---|---|---|
| Wat sal jy wil doen om jou gemeenskap te help? | Hoe sal jy dit doen? | Wat sal nodig wees? |
| Wie sal hierby baat? | My gemeenskap sal daarby baat. | Hoekom is dit 'n goeie idee? |
| Waarom is jou idee belangrik? | Hoe sal jou idee die wêreld verbeter? | Is daar enigiets wat jy wil byvoeg? |

| Breinkaart | | |
|---|---|---|
| Ek sal vullisblikke in my gemeenskap wil sit,. | Ek sal geld insamel en dan die vullisblikke gaan koop. Ek sal mense vra om my te help om die vullisblikke oral in die gemeenskap te plaas. | Ek sal vullisblikke en mense benodig om my te help. |
| Dit sal almal in die gemeenskap help want rommel affekteer almal in die gemeenskap asook die aarde. | My storie | Dit is 'n goeie idee want ons het vullisblikke nodig om te verhoed dat mense rommel op die grond gooi. |
| - – | Rommel besoedel die aarde en ons moet saam werk om dit te verhoed. | Ek sal aan die gemeenskap moet verduidelik dat rommel die aarde besoedel end dat dit sleg is. |

## LEERDERS MAAK GEBRUIK VAN DIE BEPLANNINGSTRATEGIE (JY DOEN)

1. Vertel leerders om hulle oë toe te maak en te dink aan hoe hulle, hulle gemeenskappe of die wêreld kan verbeter.
2. Sê aan leerders om **te draai en** met 'n maat **te praat** oor hulle eie idees.
3. Wys aan die leerders die breinkaart raam (Spinnekop/web metode) op die swartbord. Vertel leerders om die raam te gebruik om hulle skryfwerk te beplan, net soos jy vir hulle gedemonstreer het.
4. Deel leerders se boeke uit.
5. Vertel leerders dat hulle hulle eie idees moet neerskryf – hulle moet nie die onderwyser se voorbeeld afskryf nie.
6. Terwyl leerders besig is om te skryf beweeg rond in die klas en hou mini konferensies.



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 1** het.
2. Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Bekendstelling Van Nuwe Klanke En Woorde

**BEKENDSTELLING VAN KLANK**

1 Sê die klank en hou die flitskaart op: **/a/**
2 Sê die klank en gee opdrag aan die leerders om dit 3 x te herhaal
3 Vra aan die leerders : Kan julle dink aan ’n woord met die **/a/** klank?
4 Dinkskrum met leerders bv: **mat, pap, dam**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________


Woorde: ______________________________

______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skyf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1 Leer leerders om die hoofletter(s) en die kleinletter(s) te vorm: **Aa**
2 Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan aan linkshandige leerders.
3 Vra die leerders om met ’n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe met hulle vingers te skryf.
4 Sê daarna aan die leerders om die letter(s) op hulle tafels met hulle vingers te skryf.
5 Wys weereens aan die leerders hoe om die letter(s) en woorde te vorm op die swartbord.
6 Leerders moet dan die klanke/woorde/sinne in hulle boeke afskryf.
7 Leerders moet nou die teikenklank in enige woord/sin onderstreep.



**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

Sin: ____________________

____________________

## Gedeelde Lees: 15 Minute

### Aanvangslees

**BEGRIPSTRATEGIE: EK WONDER**

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| **Ouma se klipsop**<br><br>Tselane en haar Ouma was baie honger. Dit was moeilike tye. Die reën het nie gekom nie. Die mielies het nie gegroei nie en die beeste was maer. Niemand in die dorp het ekstra kos gehad nie. Ouma was bekommerd. Wat kon sy doen? Tselane se maer beentjies het elke dag nog dunner geword, sy het nie meer na skool rondgehardloop en gespeel nie. | Tselane en haar ouma het regtig kos nodig! **Ek wonder** wat hulle gaan doen? |
| Ouma moes vinnig aan 'n plan dink! Sy sit in haar wiegstoel. Vorentoe en agtertoe wieg sy terwyl sy dink aan 'n plan. "Aha!" skree ouma, "ek het 'n plan! Tselane, dit is tyd dat ek my befaamde klipsop maak!" | Ek het nog nooit van 'n klipsop gehoor nie. **Ek wonder** of jy regtig klippe in 'n sop kan eet? |
| Tselane maak 'n vuur. Ouma sit 'n groot pot vol water op die vuur. Tselane tel gladde klippies van die droeë grond af op. "Hierdie klippies gaan heerlike sop maak!" Tselane en Ouma lag gelukkig! Ouma voeg die klippies by die water. | **Ek wonder** hoekom hulle klippies by die water voeg? Miskien is dit omdat hulle nie enige kos het om by die water te voeg nie! |
| "Hardloop na die dorp en vertel vir almal van my heerlike klipsop, Tselane!" sê Ouma. Tselane hardloop na die dorp. | **Ek wonder** hoekom Tselane se ouma die mense in die dorp wil vertel van die klipsop? |

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
| --- | --- |
| “Ouma maak haar heerlike klipsop!” sê sy vir die dorpenaars.<br>“Klipsop?” sê haar juffrou. “Ek weet nie daarvan nie.”<br>“Ouma is bekend vir haar heerlike klipsop,” sê Tselane.<br>“O ja! Ek is lief vir daardie sop,” sê Ouma se vriendin. “Ek moet definitief ’n bakkie vol kry.”<br>“Kan ek dit proe?” vra die boer.<br>“Dit klink heerlik,” sê die beeswagter.<br>“Dit is,” sê Tselane.<br>Tselane dink vir ’n oomblik. “Daar is nie genoeg om te deel nie,” sê sy hartseer. Almal lyk hartseer. Hulle is ook honger. | **Ek wonder** hoekom enige iemand sop wil eet wat net water en klippe is? |
| “Ek het ’n plan!” sê Tselane, “ek is seker Ouma sal haar sop deel, maar julle moet elkeen ’n smaaklike bestanddeel bring om by te voeg. Dan sal daar genoeg wees vir almal!”<br>“Ek kan aartappels bring,” sê haar juffrou.<br>“Wortels sal smaak gee,” sê die boer.<br>“Ek het soet uie wat ons kan byvoeg,” sê die beeswagter.<br>“Ek sal my laaste hoender slag vir die pot,” sê ouma se vriendin.<br>Al die dorpenaars haas huis toe om te sien wat hulle kan kry om by te voeg by ouma se spesiale klipsop. | O! Nou wil almal iets lekkers bring om by Ouma se sop te voeg. **Ek wonder** of dit die heel tyd Tselane se plan was? |
| Die stoom trek by die pot uit. Ouma roer die water en sit sout en kruie by. Wat ’n heerlike reuk! Een vir een bring die dorpenaars hulle groente om by Ouma se sop te voeg. Soos wat elke dorpenaar iets bring om by te voeg, ruik die sop selfs lekkerder! | -- |
| Die sop is uiteindelik klaar. Elkeen bring ’n bakkie en sit op die grond om die vuur om die heerlike klipsop te deel. Daar was selfs genoeg vir Tselane se hond! | **Ek wonder** hoekom die sop so lekker smaak? Dit moet wees oor al die bestanddele wat die dorpenaars gebring het! |

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
| --- | --- |
| Na die fees, vertel Ouma ’n storie, Tselane sing ’n liedjie en almal vier fees. Dit was ’n lang tyd sedert die dorpenaars saam gesit en eet en gesels het.<br>“Wat ’n heerlike dag het ons nie gehad nie,’ sê die boer.<br>“Dankie vir die klipsop,” sê die beeswagter.<br>“Jy het ons gewys deur te deel, word ons almal ryker,” sê die juffrou. | **Ek wonder** of die dorpenaars kwaad sal wees omdat Tselane en haar ouma klippe in plaas van regte bestanddele bygevoeg het. |
| Tselane en Ouma deel ’n geheime glimlag. | **Ek maak die afleiding** dat die ander dorpenaars nie te ontsteld sal wees nie. Tselane en haar ouma het ’n vuur gemaak en almal bymekaar gebring! Hulle gehelp dat die sop lekker smaak, selfs al het hulle nie self kos bygevoeg nie! |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| --- | --- |
| Watter bestanddeel het die juffrou gebring? | Sy het aartappels gebring. |
| Wat het die boer by die sop gevoeg? | Hy het wortels gebring om by te voeg. |
| Wie het uie gebring om by die klipsop te voeg? | Die beeswagter het uie gebring. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het die sop so lekker gesmaak? | • Omdat elkeen van die dorpenaars ’n bestanddeel gebring het.<br>• Omdat al die bestanddele saam heerlik smaak. |

## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 1** het.
2. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute


### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - plan
   - slim
   - skelm

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Klipsop, klipsop<br>Besig om te prut en borrel | *Wikkel jou lyfie om te wys hoe die water borrel* |
| Klipsop, klipsop<br>Amper reg vir eet! | *Vryf jou handjies teen mekaar om te wys hoe jy wag vir die sop* |
| Elkeen gooi sy bietjie<br>By die water in die pot | *Maak of jy iets in die pot gooi* |
| Kom ons roer en roer<br>Ons bielie van 'n pot sop! | *Maak of jy die pot roer* |
| Klipsop, klipsop<br>Besig om te prut en borrel | *Wikkel jou lyfie om te wys hoe die water borrel* |
| Klipsop, klipsop<br>Amper reg vir eet! | *Vryf jou handjies teen mekaar om te wys hoe jy wag vir die sop* |

### KREATIEWE STORIE VERTEL (EERSTE WEEK VAN DIE TEMA)

1 Verdeel leerders in hul klein groepe
2 Gee aan elkeen 'n afskrif van die kreatiewe storievertel prentjies.
3 Sê aan die leerders om te dink aan 'n storie wat pas by die prentjies.
4 Gee aan die leerders 'n minuut of twee om aan idees te dink.
5 Nou moet elke leerder in die groep 'n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.
6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees maar ook by die prentjies moet pas!
7 Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.
8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.



## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Stel Nuwe Woorde Bekend

**BEKENDSTELLING VAN KLANK**

1 Sê die klank en hou die flitskaart op: **/s/**
2 Sê die klank en gee opdrag aan die leerders om dit 3 x te herhaal
3 Vra aan die leerders : Kan julle dink aan 'n woord met die **/s/** klank?
4 Dinkskrum met leerders bv: **sy, sluit, snaaks**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________


Woorde: ______________________________

______________________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1 Leer leerders hoe om hoofletter(s) en kleinletter(s) korrek te vorm: **Ss**
2 Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
3 Vra leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vinger.
4 Sê daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
5 Wys weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die swartbord.
6 Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
7 Leerders moet nou die teikenklank in enige woord / sin <u>onderstreep</u>.



### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan En Rofwerk / Opstel

**ONDERWERP:** Skryf oor iets wat jy graag sal wil doen om jou gemeenskap en die wêreld te verbeter.

**OPDRAG:** Skryf 'n paragraaf of 6–8 sinne.

**SKRYFRAAMWERK:**

Ek sal ....

Om dit te laat gebeur, moet ek...

Dit is belangrik want...

Dit sal help...

**VOORBEREIDING:** Skryf Maandag se plan op die swartbord voor die skryfles begin.

### DEMONSTREER DIE SKRYFPROSES (EK DOEN)


1. Herinner leerders aan die plan wat jy Maandag opgestel het.
2. Lees deur jou plan wat op die swartbord geskryf is.
3. Demonstreer hoe jy die skryfraamwerk voltooi met jou plan soos:
   ***Ek sal*** *vullisblikke in my gemeenskap wil sit sodat niemand rommel op die grond gooi nie.* ***Om dit te laat gebeur moet ek*** *vondse insamel om die vullisblikke te kan koop.* ***Dit is belangrik want*** *rommel besoedel die aarde en ons moet saamwerk om dit te verhoed.* ***Dit sal help*** *om my gemeenskap skoon te hou want mense sal hul rommel in die asblikke en nie op die grond gooi nie.*

**LEERDERS VOLTOOI DIE SKRYFPROSES (JY DOEN)**

1 Deel leerders se boeke uit.
2 Vertel leerders om die datum en opskrif neer te skryf: **Help my gemeenskap: Rofwerk / Opstel**
3 Sê aan leerders om na die plan wat hulle Maandag voltooi het te blaai en aan hulle idees te dink.
4 Sê aan leerders om die skryfraamwerk te voltooi deur van hulle planne gebruik te maak.
5 Sê aan leerders dat hulle meer sinne kan byvoeg indien hulle genoeg tyd het.
6 Herinner leerders aan die strategieë wat hulle kan gebruik om hulle te help.
7 Terwyl leerders besig is om te skryf, beweeg rond in die klas en help leerders wat sukkel.

Julie 8, 2020

ek sal graag wil hê mense in my gemeenskap moet plastiek herwin. Vir di tom te gebeer sal ek 'n plek maak waar mense die plastiek kan sit sodadt ek dit kan herwin. Dit is belangrik omdaat ons na die planet moet kyk. dit sal help sodat mense kan sien dat herwinning goed is en hulle so die arde kan help.



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 1** het.
2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

WEEK 1

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Segmentering En Vermenging

**HERSIEN DIE KLANKE**

1 Sê die klanke en hou die flitskaarte sodat die leerders dit kan sien: **/a/ /s/**
2 Sê die klanke en vra die leerders om die klanke 3x te herhaal.
3 Wys die leerders waar die klanke is op die alfabetkaart.
4 Vra die leerders: Kan julle aan 'n woord dink wat begin met **/a/**?
5 Vra die leerders: Kan julle aan 'n woord dink wat begin met **/s/**?
6 Vra die leerders: Kan julle aan 'n woord dink met die **/a/** in die middel?
7 Vra die leerders: Kan julle dink aan 'n woord wat eindig met **/s/**?

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees: 15 minute

### Herhaalde Lees


**LEESSTRATEGIE: MAAK AFLEIDINGS**

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| **Ouma se klipsop**<br>Tselane en haar Ouma was baie honger. Dit was moeilike tye. Die reën het nie gekom nie. Die mielies het nie gegroei nie en die beeste was maer. Niemand in die dorp het ekstra kos gehad nie. Ouma was bekommerd. Wat kon sy doen? Tselane se maer beentjies het elke dag nog dunner geword, sy het nie meer na skool rondgehardloop en gespeel nie. | **Ek maak die afleiding** dat Ouma lief is vir Tselane en dat sy 'n plan wil maak dat sy kan eet! |
| Ouma moes vinnig aan 'n plan dink! Sy sit in haar wiegstoel. Vorentoe en agtertoe wieg sy terwyl sy dink aan 'n plan. "Aha!" skree ouma, "ek het 'n plan! Tselane, dit is tyd dat ek my befaamde klipsop maak!" | **Ek maak die afleiding** dat Tselane se ouma baie slim is. Ek dink sy kan altyd 'n plan maak, selfs in moeilike tye! |

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Tselane maak ’n vuur. Ouma sit ’n groot pot vol water op die vuur. Tselane tel gladde klippies van die droeë grond af op. “Hierdie klippies gaan heerlike sop maak!” Tselane en Ouma lag gelukkig! Ouma voeg die klippies by die water. | **Ek maak die afleiding** dat Tselane se ouma so slim is. Sy noem haar sop “klipsop” sodat mense dink dit is ’n spesiale sop. |
| “Hardloop na die dorp en vertel vir almal van my heerlike klipsop, Tselane!” sê Ouma. Tselane hardloop na die dorp. | -- |
| “Ouma maak haar heerlike klipsop!” sê sy vir die dorpenaars.<br><br>“Klipsop?” sê haar juffrou. “Ek weet nie daarvan nie.”<br><br>“Ouma is bekend vir haar heerlike klipsop,” sê Tselane.<br><br>“O ja! Ek is lief vir daardie sop,” sê Ouma se vriendin. “Ek moet definitief ’n bakkie vol kry.”<br><br>“Kan ek dit proe?” vra die boer.<br><br>“Dit klink heerlik,” sê die beeswagter.<br><br>“Dit is,” sê Tselane.<br><br>Tselane dink vir ’n oomblik. “Daar is nie genoeg om te deel nie,” sê sy hartseer. Almal lyk hartseer. Hulle is ook honger. | **Ek maak die afleiding** dat Tselane slim is, net soos haar ouma. Sy het ’n plan om die dorpenaars nuuskierig te maak oor Ouma se spesiale sop. |
| “Ek het ’n plan!” sê Tselane, “ek is seker Ouma sal haar sop deel, maar julle moet elkeen ’n smaaklike bestanddeel bring om by te voeg. Dan sal daar genoeg wees vir almal!”<br><br>“Ek kan aartappels bring,” sê haar juffrou.<br><br>“Wortels sal smaak gee,” sê die boer.<br><br>“Ek het soet uie wat ons kan byvoeg,” sê die beeswagter.<br><br>“Ek sal my laaste hoender slag vir die pot,” sê ouma se vriendin.<br><br>Al die dorpenaars haas huis toe om te sien wat hulle kan kry om by te voeg by ouma se spesiale klipsop. | Tselane vang die dorpenaars met ’n slim plan. Ek dink die sop gaan heerlik wees met al die bestanddele wat die dorpenaars bring – nie oor die klippe in die sop nie! |
| Die stoom trek by die pot uit. Ouma roer die water en sit sout en kruie by. Wat ’n heerlike reuk! Een vir een bring die dorpenaars hulle groente om by Ouma se sop te voeg. Soos wat elke dorpenaar iets bring om by te voeg, ruik die sop selfs lekkerder! | **Ek maak die afleiding** dat Ouma se klipsop ’n slim manier van ouma is om kos te kry wanneer sy dit regtig nodig het! |

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Die sop is uiteindelik klaar. Elkeen bring 'n bakkie en sit op die grond om die vuur om die heerlike klipsop te deel. Daar was selfs genoeg vir Tselane se hond! | **Ek maak die afleiding** dat dit al die bestanddele van die dorpenaars af is wat die sop 'n regte sop maak – nie die klippe nie! |
| Na die fees, vertel Ouma 'n storie, Tselane sing 'n liedjie en almal vier fees. Dit was 'n lang tyd sedert die dorpenaars saam gesit en eet en gesels het.<br>"Wat 'n heerlike dag het ons nie gehad nie,' sê die boer.<br>"Dankie vir die klipsop," sê die beeswagter.<br>"Jy het ons gewys deur te deel, word ons almal ryker," sê die juffrou. | **Ek maak die afleiding** dat die bure mal was oor Ouma se klipsop! Ek dink nie hulle besef Tselane en Ouma het hulle eintlik gekul nie! |
| Tselane en Ouma deel 'n geheime glimlag. | **Ek maak die afleiding** dat hulle slim en vindingryk is, want hulle kon deel in al die bestanddele, selfs al kon hulle net klippe en sout byvoeg! |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Hoekom was ouma bekommerd? | Omdat sy nie genoeg kos gehad het vir haar kleindogter nie! |
| Waar was ouma toe sy besluit het om haar klipsop te maak? | Sy het in haar wiegstoel gesit. |
| Hoe voel die dorpenaars na die fees? | Hulle voel gelukkig / versadig. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| **Maak 'n afleiding** oor Tselane en haar ouma. Dink jy hulle is slim of slinkse mense? | Ek dink hulle is …. want … |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE: ____________________________**

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 1** het.
2. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - bydra
   - versamel
   - fees

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Klipsop, klipsop<br>Besig om te prut en borrel | *Wikkel jou lyfie om te wys hoe die water borrel* |
| Klipsop, klipsop<br>Amper reg vir eet! | *Vryf jou handjies teen mekaar om te wys hoe jy wag vir die sop* |
| Elkeen gooi sy bietjie<br>By die water in die pot | *Maak of jy iets in die pot gooi* |
| Kom ons roer en roer<br>Ons bielie van 'n pot sop! | *Maak of jy die pot roer* |
| Klipsop, klipsop<br>Besig om te prut en borrel | *Wikkel jou lyfie om te wys hoe die water borrel* |
| Klipsop, klipsop<br>Amper reg vir eet! | *Vryf jou handjies teen mekaar om te wys hoe jy wag vir die sop* |

### BESPREKING VAN GEDEELDE LEES TEKS

1 Skryf die besprekingsraamwerk op die swartbord:
In die storie...
My gunsteling deel van die storie was toe...want...
Ek dink die storie beelde die tema van gemeenskap uit want...
2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepe.**
4 Sê aan die leerders dat elkeen 'n beurt moet neem om elke besprekingsvraag te antwoord.
5 Kry die hele klas se aandag.
6 Vra aan verskillende leerders, of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Hersien Die Klanke

#### HERSIEN DIE KLANKE

1 Sê die klanke en hou die flitskaarte sodat die leerders dit kan sien: **/a/ /s/**
2 Sê die klanke en vra die leerders om die klanke 3x te herhaal.
3 Wys die leerders waar die klanke is op die alfabetkaart.
4 Vra die leerders: Kan julle aan 'n woord dink wat begin met **/a/?**
5 Vra die leerders: Kan julle aan 'n woord dink wat begin met **/s/?**
6 Vra die leerders: Kan julle aan 'n woord dink met die **/a/** in die middel?
7 Vra die leerders: Kan julle dink aan 'n woord wat eindig met **/s/?**

#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP / TREE OP**

**DRAMATISEER DIE STORIE**


*Berei voor:*

- Kies leerders om Tselane, Tselane se ouma, die juffrou, die boer, die beeswagter en Ouma se vriendin te speel.
- Indien moontlik bring die volgende klas toe: 'n pot, 'n paar klippe, 'n wortel, 'n aartappel ens out vir die leerders om te gebruik wanneer hulle die storie uit beeld.

| TEKS | ONDERWYSER DOEN / SÊ | LEERDERS DOEN |
|---|---|---|
| **Ouma se klipsop**<br>Tselane en haar Ouma was baie honger. Dit was moeilike tye. Die reën het nie gekom nie. Die mielies het nie gegroei nie en die beeste was maer. Niemand in die dorp het ekstra kos gehad nie. Ouma was bekommerd. Wat kon sy doen? Tselane se maer beentjies het elke dag nog dunner geword, sy het nie meer na skool rondgehardloop en gespeel nie. | *Vra aan die leerders: Wat gebeur hier?* | *Leerders som op wat op die bladsy gebeur* |
| Ouma moes vinnig aan 'n plan dink! Sy sit in haar wiegstoel. Vorentoe en agtertoe wieg sy terwyl sy dink aan 'n plan. "Aha!" skree ouma, "ek het 'n plan! Tselane, dit is tyd dat ek my befaamde klipsop maak!" | *Roep die leerders wie Ouma en Tselane speel na vore.* | *Ouma sê:* "Aha! ek het 'n plan! Tselane, dit is tyd dat ek my befaamde klipsop maak!" |
| Tselane maak 'n vuur. Ouma sit 'n groot pot vol water op die vuur. Tselane tel gladde klippies van die droeë grond af op. "Hierdie klippies gaan heerlike sop maak!" Tselane en Ouma lag gelukkig! Ouma voeg die klippies by die water. | *Vra aan die leerders: Wat gebeur hier?*<br>*Help die leerders om die stappe op die bladsy te volg.* | *Tselane gee voor sy maak 'n vuur.*<br>*Ouma sit die pot op die vuur.*<br>*Tselane gee voor sy soek klippies.*<br>*Tselane sê:* "Hierdie klippies gaan heerlike sop maak!"<br>*Tselane en Ouma lag saam.*<br>*Ouma gooi die klippies in die pot in.* |

| TEKS | ONDERWYSER DOEN / SÊ | LEERDERS DOEN |
|---|---|---|
| "Hardloop na die dorp en vertel vir almal van my heerlike klipsop, Tselane!" sê Ouma. Tselane hardloop na die dorp. | -- | *Ouma sê:* "Hardloop na die dorp en vertel vir almal van my heerlike klipsop, Tselane!"<br>*Tselane gee voor dat sy dorp to hardloop.* |
| "Ouma maak haar heerlike klipsop!" sê sy vir die dorpenaars.<br>"Klipsop?" sê haar juffrou. "Ek weet nie daarvan nie."<br>"Ouma is bekend vir haar heerlike klipsop," sê Tselane.<br>"O ja! Ek is lief vir daardie sop," sê Ouma se vriendin. "Ek moet definitief 'n bakkie vol kry."<br>"Kan ek dit proe?" vra die boer.<br>"Dit klink heerlik," sê die beeswagter.<br>"Dit is," sê Tselane. | *Vra aan die leerders: Waar vind die deel van die storie plaas?*<br>*Roep de leerders wie die juffrou, die boer, die beeswagter en Ouma se vrienden speel na vore.*<br>*Vra Ouma om te gaan sit vir hierdie gedeelte van die storie.* | *Leerder verduidelik dat Tselane nou in die dorp is.*<br>*Tselane sê:* "Ouma maak haar heerlike klipsop!"<br>*Juffrou sê:* "Klipsop? Ek weet nie daarvan nie."<br>*Tselane sê:* "Ouma is bekend vir haar heerlike klipsop".<br>*Ouma se vriendin sê:* "O ja! Ek is lief vir daardie sop," "Ek moet definitief 'n bakkie vol kry".<br>*Die boer sê:* "Kan ek dit proe?"<br>*Die beeswagter sê:* "Dit klink heerlik".<br>*Tselane sê:* "Dit is". |
| Tselane dink vir 'n oomblik. "Daar is nie genoeg om te deel nie," sê sy hartseer. Almal lyk hartseer. Hulle is ook honger. | *Vra aan die leerders: Hoe voel die dorpenaars? Waarom voel hulle so?* | *Leerders som op wat op die bladsy gebeur.*<br>*Tselane sê:* "Daar is nie genoeg om te deel nie".<br>*Almal lyk hartseer.* |
| "Ek het 'n plan!" sê Tselane, "ek is seker Ouma sal haar sop deel, maar julle moet elkeen 'n smaaklike bestandeel bring om by te voeg. Dan sal daar genoeg wees vir almal!"<br>"Ek kan aartappels bring," sê haar juffrou.<br>"Wortels sal smaak gee," sê die boer.<br>"Ek het soet uie wat ons kan byvoeg," sê die beeswagter.<br>"Ek sal my laaste hoender slag vir die pot," sê ouma se vriendin.<br>Al die dorpenaars haas huis toe om te sien wat hulle kan kry om by te voeg by ouma se spesiale klipsop. | -- | *Tselane sê:* "Ek het 'n plan!" Ek is seker Ouma sal haar sop deel, maar julle moet elkeen 'n smaaklike bestandeel bring om by te voeg. Dan sal daar genoeg wees vir almal!"<br>*Juffrou sê* "Ek kan aartappels bring".<br>*Die boer sê* "Wortels sal smaak gee".<br>*Die beeswagter sê* "Ek het soet uie wat ons kan byvoeg".<br>*Ouma se vriendin sê:* "Ek sal my laaste hoender slag vir die pot".<br>*Al die dorpenaars gee voor hulle hardloop huis toe.* |

| TEKS | ONDERWYSER DOEN / SÊ | LEERDERS DOEN |
|---|---|---|
| Die stoom trek by die pot uit. Ouma roer die water en sit sout en kruie by. Wat 'n heerlike reuk! Een vir een bring die dorpenaars hulle groente om by Ouma se sop te voeg. Soos wat elke dorpenaar iets bring om by te voeg, ruik die sop selfs lekkerder! | *Vra aan die leerders: Waar vind die gedeelte van die storie plaas?*<br>*Vra die leerders wie die juffor, die boer, die besswager en Ouma se vriendin speel om een vir een na die pot toe te kom. Elkeen moet hulle bestandeel in die pot in gooi.* | |
| Die sop is uiteindelik klaar. Elkeen bring 'n bakkie en sit op die grond om die vuur om die heerlike klipsop te deel. Daar was selfs genoeg vir Tselane se hond! | *Sê aan die leerders dat hulle moet voorgee dat hulle by die vuur sit en 'n bak sop eet.* | *Al die leerders gee voor hulle eet heerlike klipsop.* |
| Na die fees, vertel Ouma 'n storie, Tselane sing 'n liedjie en almal vier fees. Dit was 'n lang tyd sedert die dorpenaars saam gesit en eet en gesels het.<br>"Wat 'n heerlike dag het ons nie gehad nie,' sê die boer.<br>"Dankie vir die klipsop," sê die beeswagter.<br>"Jy het ons gewys deur te deel, word ons almal ryker," sê die juffrou. | -- | *Die boer sê:* "Wat 'n heerlike dag het ons nie gehad nie"..<br>*Die beeswagter sê:* "Dankie vir die klipsop".<br>*Die juffrou sê:* "Jy het ons gewys deur te deel, word ons almal ryker". |
| Tselane en Ouma deel 'n geheime glimlag. | -- | *Tselane en Ouma glimlag vir mekaar.* |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 1**.
2 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

## Week-eind taal onderrig hersiening

15 minute

1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2 Voer die weeklikse taal-oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie aktiwiteit kombineer.
3 Onthou om die leerders toe te laat om om te 'Draai en Praat' en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
   a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   b **Watter stories het ons saam gelees?**
   c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

*Let wel: Hierdie proses van self-evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 2

## TERMYN 3

# Week 2

# TEMA:

## Gemeenskap

## Voorbereiding Van Klaskamer

1. Aan die begin van die week maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Opdateer jou vertoonborde, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder en dit netjies en versigtig weg te bêre.
3. Volgende, berei die flitskaart woorde, tema woorde en illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
4. Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind byvoorbeeld: ’n fotograaf van Mari Copeny by Barack Obama
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Vind ’n video can Mari Copeny om vir jou leerders te wys.
6. Maak seker dat alle leerders se Boeke / DBO Werkboeke netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.
8. Pas jou Groep Begeleide Lees groepe aan indien nodig.
9. Beplan jou formele en informele assesseringsaktiwiteite vir die week.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry of terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DBO Werkboek 2: Bladsy 6, Ons lees en Bladsy 7, Ons skryf

**Aktiwiteit 2:** DBO Werkboek 2: Bladsy 8, Ons doen

**Aktiwiteit 3:** DBO Werkboek 2: Bladsy 9 , Ons skryf

**Aktiwiteit 4:** Teken ’n prent van iemand wat hulpvaardig is in jou gemeenskap.

# Maandag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute



### HERSIEN DIE TEMA BEKEND: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1. Wys aan leerders die prent van Mari Copeny in die Grootboek storie: Mari Copeny: Vegter vir water.
2. Vertel aan leerders dat ons voortgaan met die tema: Gemeenskap
3. Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
4. Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5. Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6. Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   a. Wanneer kom lede van 'n gemeenskap bymekaar?
   b. Waarvan hou jy in jou gemeenskap?
   c. Wat in jou gemeenskap sal jy wil verander?
   d. Watter mense is belangrik or hulpvaardig in jou gemeenskap?

### TEMA WOORDESKAT

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - krisis
   - gif
   - besoedeling
   - omstandighede

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Klipsop, klipsop<br>Besig om te prut en borrel | *Wikkel jou lyfie om te wys hoe die water borrel* |
| Klipsop, klipsop<br>Amper reg vir eet! | *Vryf jou handjies teen mekaar om te wys hoe jy wag vir die sop* |
| Elkeen gooi sy bietjie<br>By die water in die pot | *Maak of jy iets in die pot gooi* |
| Kom ons roer en roer<br>Ons bielie van 'n pot sop! | *Maak of jy die pot roer* |
| Klipsop, klipsop<br>Besig om te prut en borrel | *Wikkel jou lyfie om te wys hoe die water borrel* |
| Klipsop, klipsop<br>Amper reg vir eet! | *Vryf jou handjies teen mekaar om te wys hoe jy wag vir die sop* |

## Handskrif

15 minute

1 Vra die leerders moet hulle boeke oop maak.
2 Sê die volgende klanke/woorde sodat die leerders dit kan neerskryf.
   a **A A A...**
   b **a a a...**
   c **S S S...**
   d **s s s...**
3 Vra leerders om 'n gekleurde potleed te neem en hulle eie werk te merk.
4 Skryf die klanke en woorde duidelik op die bord..
5 Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: ____________________________________________

Woorde: ____________________________________________

____________________________________________

Sin: ____________________________________________

____________________________________________

## Gedeelde Lees:

15 minute

### Voorlees

#### BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL

1 Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2 Maak die Grootboek oop by die storie: Mari Copeny: Vegter vir water
3 Gaan deur die prente van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4 Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5 Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6 Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.

## Skryfwerk: 30 minute

### Redigeer

**ONDERWERP:** Skryf oor iets wat jy graag sal wil doen om jou gemeenskap en die wêreld te verbeter.

**OPDRAG:** Skryf 2 paragrawe of 6–8 sinne.

**VOORBEREIDING:**
- Skryf die redigering kontrolelys op die swartbord voor die les begin.
- Skryf jou rofwerk/opstel op die swartbord voor die begin van die les. Sluit een of twee foute in.

**REDIGERING KONTROLELYS:**
1. Het ek geskryf hoe ek my gemeenskap of die wêreld kan verbeter?
2. Het ek minstens 6 sinne geskryf?
3. Het ek al die woorde reg gespel?
4. Begin elke sin met ’n hoofletter?
5. Eindig elke sin met die regte leesteken?



#### DEMONSTREER DIE REDIGERINGSPROSES (EK DOEN)


1. Lees die redigering kontrolelys hardop vir die leerders.
2. Lees jou rofwerk/opstel haardop vir die leerders.
3. Werk deur die kontrolelys, wys aan die leerders waar jou rofwerk/opstel reg is of waar jy verbeterings of regstellings moet maak.
4. Demonstreer die regstellingsproses vir die leerders.

#### LEERDERS VOLTOOI DIE REDIGERINGSPROSES (JY DOEN)

1. Deel leerders se boeke uit.
2. Sê aan leerders om na hulle rofwerk / opstel van die skryfopdrag te blaai.
3. Sê aan leerders om deur die redigering kontrolelys te werk en verbeterings of regstellings te maak.
4. Terwyl leerders besig is om te skryf, beweeg in die klas rond en hou mini konferensies – maak seker jy werk saam met ’n verskillende groep leerders vir elke skryfopdrag.
5. Maak ’n nota van enige algemene foute wat leerders maak in hulle skryfwerk.
6. Kry die leerders se aandag en skryf die algemene foute op die swartbord neer.
7. Wys vir die leerders hoe om die foute reg te stel.

Julie 8, 2020

E ek sal graag wil hê mense in my
gemeenskap moet plastiek herwin.
Vir di tom te gebeer (y) sal ek 'n plek
maak waar mense die plastiek kan
sit soddat ek dit kan herwin.
Dit is belangrik omdadt ons na die
planet moet kyk.
(D) dit sal help sodat mense kan sien dat
herwinning goed is en hulle so die
(a) arde kan help.



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 2** het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Bekendstelling Van Nuwe Klanke En Woorde

**BEKENDSTELLING VAN KLANK**

1 Sê die klank en hou die flitskaart op: **/t/**
2 Sê die klank en gee opdrag aan die leerders om dit 3 x te herhaal
3 Vra aan die leerders : Kan julle dink aan 'n woord met die **/t/** klank?
4 Dinkskrum met leerders bv: **tier, twee, wit**

**STEL NUWE WOORDE BEKEND**

1 Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys: **tas**
2 Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3 Vra leerders om die woorde te herhaal.
4 Plak die flitskaart van die woorde op die klankemuur.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________


Woorde: ______________________________


______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skyf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1 Leer leerders om die hoofletter(s) en die kleinletter(s) te vorm: **Tt**
2 Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan aan linkshandige leerders.
3 Vra die leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe met hulle vingers te skryf.
4 Sê daarna aan die leerders om die letter(s) op hulle tafels met hulle vingers te skryf.
5 Wys weereens aan die leerders hoe om die letter(s) en woorde te vorm op die swartbord.
6 Leerders moet dan die klanke/woorde/sinne in hulle boeke afskryf.
7 Leerders moet nou die teikenklank in enige woord/sin <u>onderstreep</u>.






**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ____________________________________________

Woorde: ____________________________________________

______________________________________________________

Sin: ________________________________________________

______________________________________________________

## Gedeelde Lees: 15 Minute

### Aanvangslees


**BEGRIPSTRATEGIE: EK WONDER / MAAK VERBINDINGS**

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| **Mari Copeny: Vegter vir water**<br><br>Mari Copeny is 'n jong Amerikaanse aktivis wat baklei het vir skoon water in haar tuisdorp Flint, Michigan. | -- |
| Toe Mari 8 jaar oud was, het dit bekend geword dat daar 'n waterkrisis in haar se gemeenskap was. 'n Chemikalie, wat lood genoem word, het die water besoedel. Baie kinders in Flint het siek geword omdat hulle te veel van hierdie gevaarlike chemikalie gedrink het. Die mense in Mari se gemeenskap was baie kwaad dat hulle water hulle vergiftig. | Stel jou voor jy vind uit dat die water wat jy elke dag drink jou kan vergiftig! Ek **wonder** wat jy sal doen? |

| **Teks** | **Aanvangslees (Dink hardop)** |
|---|---|
| Mari en haar boeties en sussies het altyd water uit die kraan gedrink sonder om bekommerd te wees. Skielik, moes hulle stop om die water te drink. In plaas daarvan, was hulle enigste opsie om water uit plastiekbottels te drink. Mari was bly dat niemand in haar familie siek was nie, maar sy was baie ontsteld oor die mense van haar gemeenskap. | Hierdie lyk na ’n groot probleem. Ek **wonder** of daar iets is wat Mari kan doen? |
| Mari het besluit om ’n brief vir President Barack Obama te skryf oor die giftige water in Flint. In haar brief, nooi sy die President om na hul dorp te kom om op hierdie manier hul waterkrisis beter te verstaan. Sy het haar ma gevra om die brief te stuur. “Jy weet dat die President elke dag duisende briewe kry,” het Mari se ma haar gewaarsku, maar Mari het haar gevra om steeds die brief te stuur.<br><br>“Hy moet weet hoe onregverdig ons behandel word. Ons word vergiftig en niemand wil die probleem oplos nie – net omdat ons nie ’n ryk gemeenskap is nie!” verduidelik sy. | Mari het besluit om ’n brief vir die President te skryf om te probeer om ’n verskil te maak. Ek **wonder** of jy ook ’n brief sou skryf? |
| ’n Maand later, lui Mari se ma se telefoon. Die nommer was onbekend. Toe Mari se ma antwoord, was dit ’n personeellid van die Wit Huis.<br><br>“President Obama het Mari se brief gelees. Hy sal graag die uitnodiging aanvaar om Flint te besoek,” sê die personeellid. | Ek **wonder** wat Mari se ma nou dink? Sy het Mari gewaarsku dat die President dalk nie haar brief gaan sien nie, maar nou kom hy Flint besoek, omdat Mari ’n brief geskryf het. |
| Toe Mari tuis kom na skool, glimlag haar ma en sê vir haar om te gaan sit.<br><br>“Ek het groot nuus vir jou!” s sy, “President Obama het jou brief gelees … en hy kom Flint besoek om jou te ontmoet.”<br><br>Mari straal. “Nou sal die President sien hoe onregverdig dit is vir die mense in ons gemeenskap om vergiftig te word deur ons eie water!” sê Mari. | Ek **wonder** of Mari se brief aan die President gaan help om die probleem in haar gemeenskap op te los? |
| Tydens President Obama se besoek aan Flint, sit hy saam met Mari. “Briewe van kinders soos jy, is wat my hoopvol maak vir die toekoms,” sê hy. | Ek **wonder** hoekom kinders soos Mari die President hoopvol maak? Ek dink dit is omdat Mari graag haar gemeenskap ’n beter plek wil maak. |
| Die President se besoek het hom gewys hoe verwoestend die lood-vergiftiging was vir die gemeenskap van Flint. Na dit, het President Obama ’n noodtoestand verklaar. Hy het die geld wat nodig was om die watersisteem reg te maak goedgekeur. Ongelukkig, was Flint se watersisteem nie so maklik om reg te maak nie. | Ek **dink** Mari se brief het gehelp, want die President het haar kant van die saak gesien – net soos sy wou hê! |

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Terwyl die mense van Flint gewag het vir hulle watersisteem om herstel te word, het Mari gesorg dat hulle water het wat veilig is om te drink. Eerstens het Mari gehelp om geld in te samel om vir die armste mense in die gemeenskap gebottelde water te kan koop. Een oggend, kyk Mari in die vuilgoeddrom en sien die hele drom is vol plastiekbottels. Toe dink sy aan al die plastiekbesoedeling op die planeet. Van daardie dag af het sy besluit om 'n oplossing te vind wat beter vir die omgewing is. Sy het begin om eerder geld in te samel vir waterfilters. | Ek **wonder** hoekom Mari geld wou insamel? Dit moet wees omdat sy haar gemeenskap op enige moontlike manier wil help! |
| Mari het nie ophou veg toe die probleem in haar gemeenskap aangespreek is nie. Sy het aanhou veg vir al die kinders in die Verenigde State vir veilige skoon water – maak nie saak hoe arm die gemeenskap nie. | -- |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| Wat is die naam van Mari se gemeenskap? | Haar gemeenskap is Flint, Michigan in die VSA. |
| Wat was die probleem in haar gemeenskap? | Die probleem was dat die water gevaarlik was / dit mense vergiftig het / dit chemikalieë in gehad het. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Mari 'n brief vir President Barack Obama geskryf? | • Omdat sy haar gemeenskap wou help.<br>• Omdat dit 'n groot probleem was om op te los en sy het hulp nodig gehad.<br>• Omdat sy wou hê die President moes die probleem in Flint verstaan.<br>• Omdat sy geweet het die President het die mag om hierdie groot probleem op te los. |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 2** het.
2. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Woensdag


## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- perspektief
- optimisties
- verwoestende

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Klipsop, klipsop<br>Besig om te prut en borrel | *Wikkel jou lyfie om te wys hoe die water borrel* |
| Klipsop, klipsop<br>Amper reg vir eet! | *Vryf jou handjies teen mekaar om te wys hoe jy wag vir die sop* |
| Elkeen gooi sy bietjie<br>By die water in die pot | *Maak of jy iets in die pot gooi* |
| Kom ons roer en roer<br>Ons bielie van 'n pot sop! | *Maak of jy die pot roer* |
| Klipsop, klipsop<br>Besig om te prut en borrel | *Wikkel jou lyfie om te wys hoe die water borrel* |
| Klipsop, klipsop<br>Amper reg vir eet! | *Vryf jou handjies teen mekaar om te wys hoe jy wag vir die sop* |

### KREATIEWE STORIE VERTEL (EERSTE WEEK VAN DIE TEMA)



1 Verdeel leerders in hul klein groepe
2 Gee aan elkeen 'n afskrif van die kreatiewe storievertel prentjies.
3 Sê aan die leerders om te dink aan 'n storie wat pas by die prentjies.
4 Gee aan die leerders 'n minuut of twee om aan idees te dink.
5 Nou moet elke leerder in die groep 'n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.
6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
7 Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.
8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Stel Nuwe Woorde Bekend

#### STEL KLANK BEKEND

1 Sê die klank en hou die flitskaart op: **/p/**
2 Sê die klank en gee opdrag aan die leerders om dit 3 x te herhaal
3 Vra aan die leerders : Kan julle dink aan 'n woord met die **/p/** klank?
4 Dinkskrum met leerders bv: **peer, plek, stap**

#### STEL NUWE WOORDE BEKEND

1 Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys**: pas, pap**
2 Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3 Vra leerders om die woorde te herhaal.
4 Plak die flitskaart van die woorde op die klankemuur.

#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ____________________


Woorde: ____________________


____________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1 Leer leerders hoe om hoofletter(s) en kleinletter(s) korrek te vorm: **Pp**
2 Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
3 Sê dan aan leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vinger.
4 Sê daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
5 Wys weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die swartbord.
6 Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
7 Leerders moet nou die teikenklank in enige woord / sin onderstreep.






**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Skryfwerk:

30 minute

### Publiseer en bied aan

**ONDERWERP:** Skryf oor iets wat jy graag sal wil doen om jou gemeenskap en die wêreld te verbeter.

**OPDRAG:** Skryf 2 paragrawe of 6–8 sinne.

**SKRYFRAAMWERK:**

Ek sal ....

Om dit te laat gebeur, moet ek...

Dit is belangrik want...

Dit sal help...

**VOORBEREIDING:** Skryf die opstel wat jy Maandag geredigeer het op die swartbord voor die begin van die les.

## DEMONSTREER DIE PUBLISERINGSPROSES (EK DOEN)

1 Herinner die leerders dat hulle Maandag die geredigeeerde kontrolelys gebruik het om hulle werk te verbeter en reg te stel.
2 Sê aan die leerders dat hulle vandag hulle voltooide werk gaan publiseer en gaan aan bied.
3 Wys aan die leerder hoe jy jou rofwerk / opstel herskryf met die titel en die datum.

## LEERDERS VOLTOOI DIE REDEGERINGSPROSES (JY DOEN)

1 Deel leerders se boeke uit.
2 Vertel leerders om die datum en opskrif neer te skryf: **Help my gemeenskap**
3 Sê aan leerders dat hulle, hulle finale skryfwerk sonder enige foute moet neer skryf.
4 Sê aan leerders dat hulle 'n prent kan teken indien hulle genoeg tyd het.
5 Terwyl leerders besig is om te skryf beweeg in die klas rond en help leerders wat sukkel.


## LEERDERS BIED HULLE SKRYFWERK AAN

1 In die laaste 5 minute van die les se aan die leerders om hulle penne en potlode neer te sit en te luister.
2 Sê aan leerders om te **'draai en te praat**' en hulle skryfwerk vir hulle maat te lees.
3 Roep een of twee leerders na vore om hulle skryfwerk hardop vir die klas te lees.
4 Vertoon die leerders se skryfwerk in die klas. Dit laat toe dat leerders mekaar se skryfwerk kan lees en met mekaar kan gesels oor wat hulle geskryf het terwyl hulle nuwe woordeskat gebruik.

Julie 15, 2020

Ons help die gemeenskap

Ek sal graag wil hê mense in my gemeenskap moet plastiek herwin. Vir di tom te gebeur sal ek 'n plek maak waar mense die plastiek kan sit sodat ek dit kan herwin.
Dit is belangrik omdat ons na die planet moet kyk.
Dit sal help sodat mense kan sien dat herwinning goed is en hulle so die aarde kan help.



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 2** het.
2. Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Hersien Die Klanke

**HERSIEN DIE KLANKE**

1. Sê die klanke en hou die flitskaarte sodat die leerders dit kan sien: **/t/ /p/**
2. Sê die klanke en vra die leerders om die klanke 3x te herhaal.
3. Wys die leerders waar die klanke is op die alfabetkaart.
4. Vra die leerders: Kan julle aan ’n woord dink wat begin met /**t**/?
5. Vra die leerders: Kan julle aan ’n woord dink wat begin met /**p**/?
6. Vra die leerders: Kan julle dink aan ’n woord wat eindig met /**t**/?
7. Vra die leerders: Kan julle dink aan ’n woord wat eindig met /**p**/?

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees: 15 minute

### Herhaalde Lees


**LEESSTRATEGIE: EK WONDER / MAAK VERBINDINGS**

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| **Mari Copeny: Vegter vir water**<br>Mari Copeny is ’n jong Amerikaanse aktivis wat baklei het vir skoon water in haar tuisdorp Flint, Michigan. | **Ek wonder** wat ons sou doen as ons dieselfde probleem as Mari sou hê? **Ek wonder** of ons ook aktiviste soos Mari sou wees? |
| Toe Mari 8 jaar oud was, het dit bekend geword dat daar ’n waterkrisis in haar se gemeenskap was. ’n Chemikalie, wat lood genoem word, het die water besoedel. Baie kinders in Flint het siek geword omdat hulle te veel van hierdie gevaarlike chemikalie gedrink het. Die mense in Mari se gemeenskap was baie kwaad dat hulle water hulle vergiftig. | As ons gemeenskap gevaarlike, giftige water wat my kan skade aandoen sou hê, sou ek baie kwaad wees. |

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Mari en haar boeties en sussies het altyd water uit die kraan gedrink sonder om bekommerd te wees. Skielik, moes hulle stop om die water te drink. In plaas daarvan, was hulle enigste opsie om water uit plastiekbottels te drink. Mari was bly dat niemand in haar familie siek was nie, maar sy was baie ontsteld oor die mense van haar gemeenskap. | **Ek wonder** wat ek sou doen as ek in die dieselfde situasie sou wees? |
| Mari het besluit om 'n brief vir President Barack Obama te skryf oor die giftige water in Flint. In haar brief, nooi sy die President om na hul dorp te kom om op hierdie manier hul waterkrisis beter te verstaan. Sy het haar ma gevra om die brief te stuur. "Jy weet dat die President elke dag duisende briewe kry," het Mari se ma haar gewaarsku, maar Mari het haar gevra om steeds die brief te stuur.<br><br>"Hy moet weet hoe onregverdig ons behandel word. Ons word vergiftig en niemand wil die probleem oplos nie – net omdat ons nie 'n ryk gemeenskap is nie!" verduidelik sy. | Ek dink Mari skryf 'n brief vir President Obama, want sy wil die probleem oplos en sy weet die president het die mag om te help. **As ek** Mari **was**, dink ek ek sou ook 'n brief skryf. |
| 'n Maand later, lui Mari se ma se telefoon. Die nommer was onbekend. Toe Mari se ma antwoord, was dit 'n personeellid van die Wit Huis.<br><br>"President Obama het Mari se brief gelees. Hy sal graag die uitnodiging aanvaar om Flint te besoek," sê die personeellid. | Sjoe! Ek is bly Mari het die moeite gedoen om vir hom 'n brief te skryf. Dit wys my dat dit help om briewe vir belangrike mense te skryf! |
| Toe Mari tuis kom na skool, glimlag haar ma en sê vir haar om te gaan sit.<br><br>"Ek het groot nuus vir jou!" s sy, "President Obama het jou brief gelees ... en hy kom Flint besoek om jou te ontmoet."<br><br>Mari straal. "Nou sal die President sien hoe onregverdig dit is vir die mense in ons gemeenskap om vergiftig te word deur ons eie water!" sê Mari. | **As ek** Mari **was**, sou ek wou hê dat die President my kant van die saak sien, sodat hy sal wil help om die probleem op te los. |
| Tydens President Obama se besoek aan Flint, sit hy saam met Mari. "Briewe van kinders soos jy, is wat my hoopvol maak vir die toekoms," sê hy. | Mari maak my ook hoopvol, want sy wys dat een klein mensie kan help om dinge beter te maak vir 'n hele gemeenskap. |
| Die President se besoek het hom gewys hoe verwoestend die lood-vergiftiging was vir die gemeenskap van Flint. Na dit, het President Obama 'n noodtoestand verklaar. Hy het die geld wat nodig was om die watersisteem reg te maak goedgekeur. Ongelukkig, was Flint se watersisteem nie so maklik om reg te maak nie. | **As ek** Mari **was**, sou ek trots gevoel het dat my brief die aandag op my gemeenskap se probleem gevestig het! |

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Terwyl die mense van Flint gewag het vir hulle watersisteem om herstel te word, het Mari gesorg dat hulle water het wat veilig is om te drink. Eerstens het Mari gehelp om geld in te samel om vir die armste mense in die gemeenskap gebottelde water te kan koop. Een oggend, kyk Mari in die vuilgoeddrom en sien die hele drom is vol plastiekbottels. Toe dink sy aan al die plastiekbesoedeling op die planeet. Van daardie dag af het sy besluit om 'n oplossing te vind wat beter vir die omgewing is. Sy het begin om eerder geld in te samel vir waterfilters. | Ek sien dat Mari die heel tyd besig is om te kyk hoe sy haar gemeenskap kan verbeter. Mari inspireer my om ook my gemeenskap te help. |
| Mari het nie ophou veg toe die probleem in haar gemeenskap aangespreek is nie. Sy het aanhou veg vir al die kinders in die Verenigde State vir veilige skoon water – maak nie saak hoe arm die gemeenskap nie. | -- |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Wat het Mari gedoen om haar gemeenskap te help? | Sy het 'n brief vir die President geskryf.<br>Sy het geld ingesamel vir waterbottels en filters. |
| Kan jy 'n verband met Mari sien? Wat dink jy sou jy doen as die water in jou gemeenskap die mense vergiftig het? Of, as jy geen water in jou gemeenskap gehad het nie? | *Ek dink ek sou...* |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom dink jy het President Obama gesê dat kinders soos Mari hom hoop gee vir die toekoms? | • Omdat sy tyd gemaak het om 'n brief te skryf.<br>• Omdat sy een klein mensie is wat omgee om haar gemeenskap te verander.<br>• Omdat sy werk en werk om dinge in haar gemeenskap beter te maak.<br>• Omdat selfs as 'n kind, sy klaar werk om haar gemeenskap te verbeter. |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 2** het.
2. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- krag
- kragtig
- leier

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Klipsop, klipsop<br>Besig om te prut en borrel | *Wikkel jou lyfie om te wys hoe die water borrel* |
| Klipsop, klipsop<br>Amper reg vir eet! | *Vryf jou handjies teen mekaar om te wys hoe jy wag vir die sop* |
| Elkeen gooi sy bietjie<br>By die water in die pot | *Maak of jy iets in die pot gooi* |
| Kom ons roer en roer<br>Ons bielie van 'n pot sop! | *Maak of jy die pot roer* |
| Klipsop, klipsop<br>Besig om te prut en borrel | *Wikkel jou lyfie om te wys hoe die water borrel* |
| Klipsop, klipsop<br>Amper reg vir eet! | *Vryf jou handjies teen mekaar om te wys hoe jy wag vir die sop* |

### BESPREKING VAN GEDEELDE LEES TEKS

1 Skryf die bespreekingsraamwerk op die swartbord:
In die storie ....
Ek dink Mari is ... want ...
Ek dink dat die storie is geskryf om my .... te leer.
2 Lees die bespreekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepe.**
4 Sê aan die leerders dat elkeen 'n beurt moet neem om elke besprekingsvraag te antwoord.
5 Kry die hele klas se aandag.
6 Vra aan verskillende leerders, of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Hersien Die Klanke

**HERSIEN DIE KLANKE**

1 Sê die klanke en hou die flitskaarte sodat die leerders dit kan sien: **/t/ /p/**
2 Sê die klanke en vra die leerders om die klanke 3x te herhaal.
3 Wys die leerders waar die klanke is op die alfabetkaart.
4 Vra die leerders: Kan julle aan 'n woord dink wat begin met **/t/?**
5 Vra die leerders: Kan julle aan 'n woord dink wat begin met **/p/?**
6 Vra die leerders: Kan julle dink aan 'n woord wat eindig met **/t/**?
7 Vra die leerders: Kan julle dink aan 'n woord wat eindig met **/p/?**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees: 15 minute

### Na-Lees


**BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP / MAAK VERBINDINGS**

**MONDELINGE OF GESKREWE OPSOMMING VAN DIE STORIE**

1 Verduidelik aan die leerders dat ons vandag aan die mees belangrike dele van die teks gaan dink.
2 Ons sal ook dink oor die verbindings wat ons kan maak met die teks.
3 Skryf die opsommingsraam op die swartbord.
4 Gee opdrag aan die leerders dat hulle die raam moet gebruik om die vraag te beantwoord:
**Die storie handel oor...**
**Ek het daarvan gehou...**
**Ek dink ek kan my gemeenskap soos Mari verbeter deur...**
5 Verduidelik aan die leerders dat hulle nie alles wat in die teks geskryf is kan oor vertel nie. Hulle moet die mees belangrikste dele uitsoek.
6 Demonstreer jou voorbeeld vir die leerders. Sê: ***Die storie handel oor*** *Mari Copeny wat 'n brief vir die president geskryf het om haar te help om 'n probleem in haar gemeenskap op te los.* ***Ek het daarvan gehou*** *dat die storie ons van 'n regte persoon geleer het wie haar gemeenshap verbeter het. Ek is deur Mari beïndruk.* ***Ek dink ek kan my gemeenskap soos***

***Mari verbeter deur*** *seker te maak dat daar vullisblikke beskikbaar is vir mense om hul rommel in te gooi in plaas daarvan om dit op die grond te gooi.*

7. Wys aan die leerders die prente van die Grootboek storie.
8. Gee leerders 'n paar minute om oor die teks te dink.
9. Gee opdrag aan die leerders om 'te draai en te praat' en hulle eie opsomming met 'n maat te deel. ***(Hulle moet nie dit wat die onderwyser gesê het memoriseer en herhaal nie. Dit moet die leerders se eie idees wees!)***
10. Kry die leerders se aandag.
11. Vra 1–2 leerders op hulle opsommings met die klas te deel.
12. Skep 'n klas opsomming, soos: ***Die storie handel oor*** *'n jong dame met die naam Mari Copeny wie haar gemeenskap verbeter het.* ***Ons het daarvan gehou*** *want ons het oor iemand geleer wat gehelp het om 'n regte probleem in haar gemeenskap op te los!* ***Ons het aan baie verskillende maniere gedink om ons gemeenskap te verbeter soos*** *om rommel op te tel en 'n nuwe speelgrond te bou.*



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 2**.
2. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

## Week-eind taal onderrig hersiening

15 minute

1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2 Voer die weeklikse taal-oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie aktiwiteit kombineer.
3 Onthou om die leerders toe te laat om om te 'Draai en Praat' en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
   a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   b **Watter stories het ons saam gelees?**
   c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

*Let wel: Hierdie proses van self-evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 2

## TERMYN 3

# Week 3

# TEMA:

## Kreatiewe Denke

## Voorbereiding Van Klaskamer

1. Aan die begin van die week maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Opdateer jou vertoonbord deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder en dit netjies en versigtig weg te bêre.
3. Volgende berei die flitskaart woorde, tema woorde en illustrasies voor wat jy gaan gebruik.
4. Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind byvoorbeeld: items wat uit herwinde materiale gemaak is, leerders se kreatiewe kunswerke.
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: maniere om speelgoed uit rommel te maak.
6. Maak seker dat alle leerders se Boeke / DBO Werkboeke netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.
8. Pas jou Groep Begeleide Lees groepe aan indien nodig.
9. Beplan jou formele en informele assesseringsaktiwiteite vir die week.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaar kry of terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DBO Werkboek 2: Bladsy 10, Ons lees & Bladsy 11, Ons skryf

**Aktiwiteit 2:** DBO Werkboek 2: Bladsy 12 &13, Ons skryf

**Aktiwiteit 3:** DBO Werkboek 2: Bladsy 14 & 15, Ons lees

**Aktiwiteit 4:** Teken ’n prent van ’n kreatiewe denker.

# Maandag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

**STEL DIE TEMA BEKEND: ASSESSEER VORIGE KENNIS**

1. Wys aan leerders die prent van **die mense wat saam sop eet** in die Grootboek storie: **Zweli maak 'n bal**
2. Vertel aan leerders dat ons 'n nuwe tema begin: **Kreatiewe Denke**
3. Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
4. Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5. Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6. Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   a. Wat is 'n kreatiwiteit?
   b. Hoe gebruik mense kreatiewe denke?
   c. Waarom is kreatiewe denke belangrik?

**TEMA WOORDESKAT**

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - kreatief
   - verleë
   - verbeter

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Zweli gebruik koerantpapier, koerantpapier, koerantpapier.<br>Zweli gebruik koerantpapier om 'n sokkerbal te maak. | *Maak asof jy koerantpapier om 'n balletjie draai* |
| Zweli gebruik 'n Simba pakkie, 'n Simba pakkie, 'n Simba pakkie<br>Zweli gebruik Simba pakkie om 'n sokkerbal te maak. | *Maak of jy 'n pakkie om 'n balletjie draai* |
| Zweli gebruik 'n handsak, 'n handsak, 'n handsak<br>Zweli gebruik 'n handsak om 'n sokkerbal te maak. | *Maak of jy die balletjie in 'n handsak sit* |
| Zweli gebruik 'n plastiese sak, 'n plastiese sak, 'n plastiese sak<br>Zweli gebruik 'n plastiese sak om 'n sokkerbal te maak. | *Maak of jy die balletjie in 'n plastiese sak sit en dit toemaak* |

WEEK 3

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Nou kan Zweli sokker speel, sokker speel, sokker speel.<br>Nou kan Zweli sokker speel met sy sokkerbal! | *Maak asof jy ’n sokkerbal skop* |

## Handskrif

15 minute

1. Vra die leerders moet hulle boeke oop maak.
2. Sê die volgende klanke/woorde sodat die leerders dit kan neerskryf.
   a. **T T T...**
   b. **t t t...**
   c. **P P P...**
   d. **p p p...**
   e. **tas**
   f. **pas**
   g. **pap**
3. Vra leerders om ’n gekleurde potleed te neem en hulle eie werk te merk.
4. Skryf die klanke en woorde duidelik op die bord..
5. Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees: 15 minute

### Voorlees

**BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL**

1. Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2. Maak die Grootboek oop by die storie: **Zweli maak 'n bal**
3. Gaan deur die prente van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4. Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind sodat hulle 'n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5. Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6. Lees die storie een maal deur sonder om te stop.



## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan en Rofwerk/Opstel

**ONDERWERP:** Skryf 'n storie oor 'n kreatiewe persoon. Gebruik jou verbeelding!

**OPDRAG:** Skryf 'n storie van 6–8 sinne wat bymekaar gesit gaan word vir 'n klasboek met die naam: Kreatiewe Mense

**BEPLANNINGSTRATEGIE:** Teken 'n breinkaart

**STEL DIE SKRYF ONDERWERP BEKEND**

1. Wys aan leerders dat jy **dink voordat jy skryf.**
2. Mondelings, verduidelik jou idees vir jou storie soos:
   *Ek gaan 'n storie skryf oor 'n persoon wat rommel kan gebruik om enigiets te maak!*

**DEMONSTREER DIE BEPLANNINGSTRATEGIE (EK DOEN)**

1. Teken 'n breinkaart raam aan die eenkant van die swartbord.
2. Wys aan die leerders hoe jy die breinkaart opstel deur die vrae te beantwoord.
3. Voltooi die breinkaart op die ander kant van die swartbord.

| **Breinkaart Plan** | | |
|---|---|---|
| Wie is die hoofkarakter in die storie? | Op watter manier is die karakter kreatief? | Is daar enige ander karakters? |
| Wat is die probleem in die storie? | **My storie** | Hoe moet die karakter hulle kreatiwiteit gebruik? |
| Waar speel die storie af? | Is daar enige ander belangrike besonderhede? | Wat dink ander mense van die hoofkarakter? |

| **Breinkaart** | | |
|---|---|---|
| Sandile – 'n jong seun in Suid-Afrika | Hy is goed daarmee om speelgoed uit rommel te maak | Zinzi is sy jonger suster. |
| Sy suster het geen speelgoed nie. Sy huil. Hy maak vir haar 'n nuwe speelding. | **My storie** | Hy moet vir sy suster 'n nuwe speelding maak. Hy maak 'n pop uit rommel |
| By die huis in Suid-Afrika | -- | Sy suster is lief vir hom en dink hy is slim. |

## LEERDERS MAAK GEBRUIK VAN DUE BEPLANNINGSTRATEGIE (JY DOEN)

1 Vertel leerders om hulle oë toe te maak en te dink aan hoe hulle, hulle gemeenskappe of die wêreld kan verbeter.
2 Sê aan leerders om te **draai en** met 'n maat **te praat** oor hulle eie idees.
3 Wys aan die leerders die breinkaart raam op die swartbord. Vertel leerders om die raam te gebruik om hulle skryfwerk te beplan net soos dit vir hulle gedemonstreer is.
4 Deel leerders se boeke uit.
5 Vertel leerders dat hulle hulle eie idees moet neerskryf – hulle moet nie die onderwyser se voorbeeld afskryf nie.
6 Terwyl leerders besig is om te skryf beweeg in die klas rond en hou mini konferensies.






## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 3** het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Bekendstelling Van Nuwe Klanke En Woorde

**BEKENDSTELLING VAN KLANK**

1. Sê die klank en hou die flitskaart op: **/n/**
2. Sê die klank en gee opdrag aan die leerders om dit 3 x te herhaal
3. Vra aan die leerders : Kan julle dink aan 'n woord waarin **/n/** voorkom?
4. Hou 'n dinkskrum met die leerders bv: **neus, nooi, woon**

**STEL NUWE WOORDE BEKEND**

1. Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys: **nat, pan, nek**
2. Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3. Vra leerders om die woorde te herhaal.
4. Plak die flitskaart van die woorde op die klankemuur.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________


Woorde: ______________________________

______________________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skyf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1. Leer leerders om die hoofletter(s) en die kleinletter(s) te vorm: **Nn**
2. Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan aan linkshandige leerders.
3. Vra die leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe met hulle vingers te skryf.
4. Sê daarna aan die leerders om die letter(s) op hulle tafels met hulle vingers te skryf.
5. Wys weereens vir die leerders hoe om die letter(s) en woorde te vorm op die swartbord.
6. Leerders moet dan die klanke/woorde/sinne in hulle boeke afskryf.
7. Leerders moet nou die teikenklank in enige woord/sin <u>onderstreep</u>.






**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ____________________________________________

Woorde: ____________________________________________

____________________________________________

Sin: ____________________________________________

____________________________________________

## Gedeelde Lees:

15 Minute


### Aanvangslees

**BEGRIPSTRATEGIE: MAAK AFLEIDINGS**

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| **Zweli maak 'n bal**<br><br>Zweli sien die groot kinders sokker speel. Hy sit langs die veld. Hy wil ook speel, maar hy is te skaam om te vra.<br><br>Die bal kom na hom toe. Hy probeer om dit terug te skop na die groot kinders, maar hy mis die bal.<br><br>Sy gesig voel warm. Hy hardloop huis toe. | Zweli kyk hoe die ouer kinders sokker speel. Ek kan **aflei** dat hy saam met hulle wil speel! |
| "Ek moet oefen," dink hy. "Ek het 'n bal nodig."<br><br>Zweli soek deur die huis na 'n sokkerbal. Hy kry 'n klein, rooi bonsballetjie. Hy probeer om dit te skop, maar dit is nie groot genoeg nie. "Ek moet hiervan 'n groter bal maak," dink hy. Zweli dink en dink hoe hy die klein bonsballetjie in 'n groot sokkerbal kan verander. | Ek kan **aflei** dat Zweli 'n sokkerbal wil kry sodat hy kan oefen en beter word in sokker. |
| Zweli begin soek na iets om sy bal groter te maak. Hy kry 'n ou koerant langs die asblik. Hy draai die klein bonsballetjie toe in die koerantpapier. Hy probeer dit skop, maar die koerantpapier kom van die balletjie af. "Ek het iets nodig wat sal verseker dat die koerantpapier om die klein bonsballetjie bly" dink hy. | O! Zweli is kreatief – die koerantpapier help om die balletjie groter te maak! |
| Zweli stap die kombuis binne. Hy kry 'n leë Simba pakkie wat niemand gebruik nie. Hy draai die pakkie rondom die koerantpapier. Hy probeer dit skop. Die koerantpapier bly in plek, maar dit is steeds nog nie so groot soos 'n sokkerbal nie. | O! Zweli is so kreatief – hy herwin gemors om sy bal groter te maak! Wat 'n kreatiewe idee! |
| "Hoe kan ek dit groter maak?" dink hy. Hy kry sy ma se ou handsak onder die bed. Hy vra sy ma of hy dit kan gebruik. "Ja," sê sy ma. "Ek was van plan om dit weg te gooi." Zweli sny die handsak op en draai dit om die bal. | Ek sou nooit daaraan dink om 'n ou handsak te gebruik om 'n sokkerbal te maak nie! Ek maak die **afleiding maak** dat Zweli 'n kreatiewe denker is! |
| Zweli stap die kombuis binne. Hy kry 'n plastiese sak wat niemand gebruik nie. Hy draai die plastiek sak rondom die bal en knoop dit vas. Dan kry hy 'n ou tou. Hy draai dit om die bal om die plastiek in plek te hou. Hy kyk na sy nuwe sokkerbal. Uiteindelik is dit groot genoeg! | Zweli het nie 'n sokkerbal gehad nie, maar hy het hard gewerk om sy eie een te maak! Ek **maak die afleiding** dat hy regtig wil sokker oefen! |

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Zweli neem sy nuwe bal buitentoe. Hy skop en skop die bal. Hy sit twee klippe neer as sy doelhok. Hy oefen om die bal tussen die klippe in te skop. | Ek **onthou** dat Zweli aan die begin van die storie die bal gemis het. Ek kan **aflei** dat hy wil oefen en beter raak in sokker. Op daardie manier, sal hy nooit weer die bal mis nie! |
| 'n Paar dae later het Zweli langs die veld gesit en gekyk hoe die groter kinders sokker speel. Hy het al baie geoefen. Een van die groter kinders het na hom toe gestap en gesê "Ek het gesien hoe jy doele aanteken buite jou huis! Jy kan in ons span wees!" Zweli het opgestaan en op die veld gestap, reg om sokker saam met die groter kinders te speel. | Ek kan **aflei** dat die ouer meisies gesien het hoe Zweli hard gewerk het om beter sokker te speel! Dit moet wees hoekom sy hom genooi het om saam te speel! |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Wat het Zweli eerste gekry? | Hy het eerste 'n klein bonsballetjie gekry. |
| Wat het Zweli volgende gekry? | Hy het 'n ou koerantpapier gekry. |
| Wat het Zweli nog gekry? | Hy het 'n Simba pakkie, sy ma se ou handsak en 'n plastiese sak gekry. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het die ouer meisie vir Zweli gevra om saam met die ouers kinders sokker te speel. | • Omdat sy hom sien oefen het.<br>• Omdat Zweli 'n bal gemaak en geoefen het.<br>• Zweli het baie doele geskop toe hy geoefen het.<br>• Sy het hom sien oefen en doele skop.<br>• Omdat hy hard gewerk het om beter sokker te speel. |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE: ______________________**

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 3** het.
2. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - doel aanteken / telling
   - doel
   - vasbeslote

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Zweli gebruik koerantpapier, koerantpapier, koerantpapier.<br>Zweli gebruik koerantpapier om ’n sokkerbal te maak. | *Maak asof jy koerantpapier om ’n balletjie draai* |
| Zweli gebruik ’n Simba pakkie, ’n Simba pakkie, ’n Simba pakkie<br>Zweli gebruik Simba pakkie om ’n sokkerbal te maak. | *Maak of jy ’n pakkie om ’n balletjie draai* |
| Zweli gebruik ’n handsak, ’n handsak, ’n handsak<br>Zweli gebruik ’n handsak om ’n sokkerbal te maak. | *Maak of jy die balletjie in ’n handsak sit* |
| Zweli gebruik ’n plastiese sak, ’n plastiese sak, ’n plastiese sak<br>Zweli gebruik ’n plastiese sak om ’n sokkerbal te maak. | *Maak of jy die balletjie in ’n plastiese sak sit en dit toemaak* |
| Nou kan Zweli sokker speel, sokker speel, sokker speel.<br>Nou kan Zweli sokker speel met sy sokkerbal! | *Maak asof jy ’n sokkerbal skop* |

### KREATIEWE STORIE VERTEL (EERSTE WEEK VAN DIE TEMA)



1. Verdeel leerders in hul klein groepe
2. Gee aan elkeen ’n afskrif van die kreatiewe storievertel prentjies.
3. Sê aan die leerders om te dink aan ’n storie wat pas by die prentjies.
4. Gee aan die leerders ’n minuut of twee om aan idees te dink.
5. Nou moet elke leerder in die groep ’n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.
6. Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!

7 Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.
8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Stel Nuwe Woorde Bekend

#### STEL KLANK BEKEND

1. Sê die klank en hou die flitskaart op: **/o/**
2. Sê die klank en gee opdrag aan die leerders om dit 3 x te herhaal
3. Vra aan die leerders : Kan julle dink aan 'n woord waarin **/o/** voorkom?
4. Hou 'n dinkskrum met die leerders bv: **ons, rok, stop**



#### STEL NUWE WOORDE BEKEND

1. Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys**: son, pot, sop**
2. Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3. Vra leerders om die woorde te herhaal.
4. Plak die flitskaart van die woorde op die klankemuur.

#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ______________________________


Woorde: ______________________________

______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1. Leer leerders hoe om hoofletter(s) en kleinletter(s) korrek te vorm: **Oo**
2. Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
3. Sê dan aan leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vinger.
4. Sê daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
5. Wys weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die swartbord.
6. Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
7. Leerders moet nou die teikenklank in enige woord / sin onderstreep.



son

pot

sop

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Skryfwerk: 30 minute

### Rofwerk / Opstel

**ONDERWERP:** Skryf ’n storie oor ’n kreatiewe persoon. Gebruik jou verbeelding!

**OPDRAG:** Skryf ’n storie van 6–8 sinne wat bymekaar gesit gaan word vir ’n klasboek met die naam: Kreatiewe Mense

**SKRYFRAAMWERK:**

Op ’n tyd... *(skryf oor die plek waar die storie plaasvind)*

Eendag... *(verduidelik die probleem)*

Toe... *(verduidelik hoe die karakter hulle kreatiwiteit gebruik om ’n probleem op te los)*

Aan die einde... *(wat dink mense van die hoofkarakter?)*

**VOORBEREIDING:**

Skryf Maandag se plan op die swartbord voor die begin van die les.



#### DEMONSTREER DIE SKRYFPROSES (EK DOEN)

1. Herinner leerders aan die plan wat jy Maandag opgestel het.
2. Lees deur die plan wat op die swartbord geskryf is.
3. Lees die skryfraamwerk hardop vir die leerders.
4. Demonstreer hoe jy die skryfraamwerk voltooi met jou plan, soos:
   ***Op ’n tyd*** *was daar ’n jong seun met die naam Sandile. Hy het nie gekoopte speelgoed nodig gehad nie want hy het sy eie speelgoed uit rommel gemaak.* ***Eendag*** *het Sandile se pa winkel to gegaan. Sy suster het gehuil want sy wou ’n nuwe pop gehad het maar hulle pa het nie genoeg geld gehad om die pop te koop nie.* ***Toe*** *het Sandile ’n idee gehad. Hy het sy kreatiwiteit gebruik om vir sy suster ’n pop uit rommel te maak.* ***Aan die einde*** *het sy suster meer van die pop gehou as van die pop in die winkel.*

#### LEERDERS VOLTOOI DIE SKRYFPROSES (JY DOEN)

1. Deel leerders se boeke uit.
2. Vertel leerders om die datum en opskrif neer te skryf: **My storie:** Rofwerk / Opstel
3. Sê aan leerders om na die plan wat hulle Maandag voltooi het te blaai en aan hulle idees te dink.
4. Sê aan leerders om die skryfraamwerk te voltooi deur van hulle planne gebruik te maak.
5. Sê aan leerders dat hulle meer sinne kan byvoeg indien hulle genoeg tyd het.
6. Herinner leerders aan die strategieë wat hulle kan gebruik om hulle te help.
7. Terwyl leerders besig is om te skryf beweeg in die klas rond en help leerders wat sukkel.

Julie 22, 2020

Speelgoed karretjies

Daar was eendag 'n dogtertjie,

Zama wat gewoon het in 'n klein

dorpie in Suid afrika. Sy het 'n

ouer broor gehad Themba.

haar familie het eendag nie

genoeg geld gehad om kos te koop

nie.


Zama en Themba het toe

saamgewek om

speelgoodkarretjies te maak van

rommel en dit an mense te

verkoop



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 3** het.
2. Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Segmentering En Vermenging

**EK DOEN...**

1 Begin met 'n woord van die Dinsdag les.
2 Sê die woord: **nat**
3 Verdeel die woord in individuele klanke: **/n/-/a/-/t/**
4 Sê die beginklank van die woord**: /n/**
5 Sê die middelklank van die woord: **/a/**
6 Sê die eindklank van die woord: **/t/**
7 Skryf die woord op die swartbord: **nat**
8 Demonstreer deur te wys en die klanke te vermeng om 'n nuwe woord te maak: **/n/-/a/-/t/** = **nat**
9 Herhaal dit met 'n woord van die Woensdagles: **son**

**ONS DOEN...**

1 Begin met 'n woord van die Dinsdag les.
2 Sê die woord: **pan**
3 Vra die leerders: Wat is die beginklank in die woord? **/p/**
4 Vra die leerders: Wat is die middelklank in die woord? **/a/**
5 Vra die leerders: Wat is die eindklank in die woord? **/n/**
6 Vra die leerders om die woord in individuele klanke te segmenteer: **/p/-/a/-/n/**
7 Skryf die woord: **pan**
8 Gee opdrag aan die leerders om die klanke in die woord saam met jou te segmenteer: **/p/-/a/-/n/** = **pan**
9 Herhaal dit met 'n woord van die Woensdagles: **pot**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

# Gedeelde Lees: 15 minute


## Herhaalde Lees

### LEESSTRATEGIE: MAAK AFLEIDINGS

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| **<u>Zweli maak 'n bal</u>**<br>Zweli sien die groot kinders sokker speel. Hy sit langs die veld. Hy wil ook speel, maar hy is te skaam om te vra.<br>Die bal kom na hom toe. Hy probeer om dit terug te skop na die groot kinders, maar hy mis die bal.<br>Sy gesig voel warm. Hy hardloop huis toe. | Ek kan **aflei** dat Zweli skaam voel wanneer hy die bal mis skop! |
| "Ek moet oefen," dink hy. "Ek het 'n bal nodig."<br>Zweli soek deur die huis na 'n sokkerbal. Hy kry 'n klein, rooi bonsballetjie. Hy probeer om dit te skop, maar dit is nie groot genoeg nie. "Ek moet hiervan 'n groter bal maak," dink hy. Zweli dink en dink hoe hy die klein bonsballetjie in 'n groot sokkerbal kan verander. | Zweli wil sokker oefen. Ek kan **aflei** dat hy beter wil sokker speel, sodat hy homself nie weer so hoef te skaam nie. |
| Zweli begin soek na iets om sy bal groter te maak. Hy kry 'n ou koerant langs die asblik. Hy draai die klein bonsballetjie toe in die koerantpapier. Hy probeer dit skop, maar die koerantpapier kom van die balletjie af. "Ek het iets nodig wat sal verseker dat die koerantpapier om die klein bonsballetjie bly" dink hy. | Ek kan sien Zweli gee nie maklik moed op nie! Wanneer hy nie 'n sokkerbal kry nie, gebruik hy sy kreatiewe gedagtes om die probleem te probeer oplos. Dit laat my die **afleiding maak** dat Zweli van plan is om beter te raak in sokker. |
| Zweli stap die kombuis binne. Hy kry 'n leë Simba pakkie wat niemand gebruik nie. Hy draai die pakkie rondom die koerantpapier. Hy probeer dit skop. Die koerantpapier bly in plek, maar dit is steeds nog nie so groot soos 'n sokkerbal nie. | Zweli hou aan om verskillende goed te herwin om sy bal te vorm. Dit laat my die **aflei**ding maak dat Zweli 'n kreatiewe denker is! |
| "Hoe kan ek dit groter maak?" dink hy. Hy kry sy ma se ou handsak onder die bed. Hy vra sy ma of hy dit kan gebruik. "Ja," sê sy ma. "Ek was van plan om dit weg te gooi." Zweli sny die handsak op en draai dit om die bal. | Zweli probeer nuwe dinge om sy probleem op te los. Dit laat my die **afleiding maak** dat Zweli sy plan om 'n sokkerbal te maak gaan deurvoer. |
| Zweli stap die kombuis binne. Hy kry 'n plastiese sak wat niemand gebruik nie. Hy draai die plastiek sak rondom die bal en knoop dit vas. Dan kry hy 'n ou tou. Hy draai dit om die bal om die plastiek in plek te hou. Hy kyk na sy nuwe sokkerbal. Uiteindelik is dit groot genoeg! | Zweli het sy eie sokkerbal gemaak! Ek **maak die afleiding** dat hy kreatief en vasbeslote is! |

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Zweli neem sy nuwe bal buitentoe. Hy skop en skop die bal. Hy sit twee klippe neer as sy doelhok. Hy oefen om die bal tussen die klippe in te skop. | Zweli kan uiteindelik oefen. Hy oefen baie! Ek kan **aflei** dat hy beter wil sokker speel, sodat hy nie weer die bal sal mis en homself so hoef te skaam nie. |
| ’n Paar dae later sit Zweli langs die veld en kyk hoe die ouer kinders sokker speel. Hy het baie geoefen. Een van die groter kinders kom na hom toe. Sy sê “Ek sien jou doelhok buite jou huis! Jy kan in ons span wees!”<br><br>Zweli staan op en stap na die veld, reg om saam met die groter kinders te speel. | Zweli oefen en oefen. Nou is hy terug by die sokkerveld. Ek kan **aflei** dat Zweli gereed moet voel om te probeer om weer saam met die ouer kinders te speel! |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| Hoekom was Zweli se gesig warm? | Hy was skaam omdat hy die bal gemis het. |
| Hoekom was Zweli skaam? | Omdat hy die sokkerbal voor die groot kinders gemis het. |
| Hoe dink jy het Zweli gevoel toe die groter kinders hom vra om saam met hulle te speel? | Ek dink Zweli het … gevoel. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Zweli so hard gewerk om ’n sokkerbal te maak? | • Omdat hy regtig sokker wou oefen.<br>• Omdat hy skaam was dat hy die bal gemis het en hy wou oefen.<br>• Omdat hy nie ’n sokkerbal kon vind om mee te oefen nie en hy wou regtig beter word in sokker.<br>• Omdat hy nie weer wou skaam voel nie.<br>• Omdat hy vasbeslote was om beter te word in sokker! |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 3** het.
2 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- voortgaan
- poging
- oefen

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Zweli gebruik koerantpapier, koerantpapier, koerantpapier.<br>Zweli gebruik koerantpapier om ’n sokkerbal te maak. | *Maak asof jy koerantpapier om ’n balletjie draai* |
| Zweli gebruik ’n Simba pakkie, ’n Simba pakkie, ’n Simba pakkie<br>Zweli gebruik Simba pakkie om ’n sokkerbal te maak. | *Maak of jy ’n pakkie om ’n balletjie draai* |
| Zweli gebruik ’n handsak, ’n handsak, ’n handsak<br>Zweli gebruik ’n handsak om ’n sokkerbal te maak. | *Maak of jy die balletjie in ’n handsak sit* |
| Zweli gebruik ’n plastiese sak, ’n plastiese sak, ’n plastiese sak<br>Zweli gebruik ’n plastiese sak om ’n sokkerbal te maak. | *Maak of jy die balletjie in ’n plastiese sak sit en dit toemaak* |
| Nou kan Zweli sokker speel, sokker speel, sokker speel.<br>Nou kan Zweli sokker speel met sy sokkerbal! | *Maak asof jy ’n sokkerbal skop* |

### BESPREKING VAN GEDEELDE LEES TEKS

1 Skryf die besprekingsraamwerk op die swartbord:
In die storie...
My gunsteling deel van die storie was toe...want...
Zweli is ’n kreatiewe denker want...
2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepe.**
4 Sê aan die leerders dat elkeen ’n beurt moet neem om elke besprekingsvraag te antwoord.
5 Kry die hele klas se aandag.

6 Vra aan verskillende leerders, of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Woordsoek

Skryf die tabel op die swartbord van vorige klanke wat geleer is, sowel as die klanke geleer op Dinsdag en Woensdag.

| | | |
|---|---|---|
| **n** | **o** | **a** |
| **s** | **t** | **p** |

**DEMONSTRASIE**

1 Herinner leerders aan die klanke van die week: **/n/**en **/o/**
2 Hersien al die klanke en samevoegings op die swartbord.
3 Gee leerders 3 minute om soveel as moontlik woorde wat hulle kan te maak deur die klanke en vermengings hierbo te gebruik.
4 Wys aan leerders hoe om 'n woord te maak deur die teikenklank te gebruik: **/n/-/a/-/t/= nat**
5 Herinner leerders dat hulle woorde kan maak deur enige klank te gebruik – hulle hoef nie net **/n/** of **/o/** te gebruik nie.
6 Wys leerders hoe om 'n ander woord te maak, bv: **/s/-/a/-/p/** = **sap**

**LEERDERS DOEN...**

1 Sê aan leerders om hulle boeke oop te maak en die Handskrif te skryf: **n, o**
2 Gee opdrag aan die leerders om te begin skryf.
3 Gee leerders 3 minute om soveel woorde as wat hulle kan te vind en te bou.
4 Laat leerders toe om hulle eie werk te korrigeer.
5 Wys leerders hoe om hierdie woorde te bou (en ander): **nat, pan, sap, son, pot, sop, pas, pap, tas**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

WEEK 3

## Gedeelde Lees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP / MAAK AFLEIDINGS**

**ILLUSTREER DIE STORIE**

1. Laat die leerders by hulle banke gaan sit. Deel hulle boeke uit of ’n skoon vel papier. Hulle moet hulle potlode en kryte gereed hê.
2. **Verduidelik** hoe jy ’n afleiding kan maak en ’n prent kan teken oor wat volgende gaan gebeur in die storie.
3. **Demonstreer** hoe jy ’n **afleiding** maak oor wat dalk volgende kan gebeur soos: Ek dink Zweli sal saam met die ander kinders sokker speel. Ek dink hulle sal beïndruk wees met sy vordering.
4. Teken ’n prent op die swartbord van Zweli wat sokker speel en die ander kinders wat vir hom kyk en glimlag.
5. Demonstreer hoe jy ’n sin by jou tekening kan byvoeg, soos: Zweli het gevorder!
6. Verduidelik aan die leerders dat hulle nou ’n afleiding gaan maak oor wat volgende in die storie kan gebeur.
7. Vertel die leerders om hul oë toe te maak en te ontspan. Lees die storie nog een keer vir die leerders.
8. Vertel die leerders om hulle oë oop te maak en hulle idees van wat volgende gaan gebeur te teken.
9. Gee die leerders instruksie **om te draai en met ’n maat te praat** oor hul tekeninge.

## Groep Begeleide Lees 30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 1**.
2. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.



## Week-eind taal onderrig hersiening

15 minute

1. Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2. Voer die weeklikse taal-oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie aktiwiteit kombineer.
3. Onthou om die leerders toe te laat om om te 'Draai en Praat' en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4. Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
   - a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   - b **Watter stories het ons saam gelees?**
   - c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   - d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   - e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   - f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   - g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   - h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5. Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

*Let wel: Hierdie proses van self-evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 2

## TERMYN 3

# Week 4

# TEMA:

## Kreatiewe Denke

## Voorbereiding Van Klaskamer

1. Aan die begin van die week maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Opdateer jou vertoonborde, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder en dit netjies en versigtig weg te bêre.
3. Volgende berei die flitskaart woorde, tema woorde en illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
4. Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind byvoorbeeld: Fotos van verskillende kreatiewe denkers, veral mense in die kunswêreld soos kunstenaars, dansers en musikante. In dien moontlik, versamel kuns wat in die gemeenskap geskep is.
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Vind ’n video van Superster Lloyd om vir jou leerders te wys.
6. Maak seker dat alle leerders se Boeke / DBO Werkboeke netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.
8. Pas jou Groep Begeleide Lees groepe aan indien nodig.
9. Beplan jou formele en informele assesseringsaktiwiteite vir die week.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry of terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DBO Werkboek 2: Bladsy 16, Ons doen

**Aktiwiteit 2:** DBO Werkboek 2: Bladsy 17, Ons skryf

**Aktiwiteit 3:** DBO Werkboek 2: Bladsy 18 & 19, Ons lees

**Aktiwiteit 4:** Teken ’n kreatiewe selfportret

# Maandag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### HERSIEN DIE TEMA BEKEND: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1. Wys aan leerders die prent van **Superster Lloyd wat dans** in die Grootboek storie: **Superster Lloyd**
2. Vertel aan leerders dat ons voortgaan met die tema: **Kreatiewe Denke**
3. Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
4. Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5. Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6. Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   a. Hoe kan kreatiwiteit ons gemeenskappe of die wêreld verbeter?
   b. Hoe is jy kreatief?
   c. Hoe is jou maats kreatief?

WEEK 4

### TEMA WOORDESKAT

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - roetine
   - handleiding
   - persepsie

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Zweli gebruik koerantpapier, koerantpapier, koerantpapier.<br>Zweli gebruik koerantpapier om 'n sokkerbal te maak. | *Maak asof jy koerantpapier om 'n balletjie draai* |
| Zweli gebruik 'n Simba pakkie, 'n Simba pakkie, 'n Simba pakkie<br>Zweli gebruik Simba pakkie om 'n sokkerbal te maak. | *Maak of jy 'n pakkie om 'n balletjie draai* |
| Zweli gebruik 'n handsak, 'n handsak, 'n handsak<br>Zweli gebruik 'n handsak om 'n sokkerbal te maak. | *Maak of jy die balletjie in 'n handsak sit* |
| Zweli gebruik 'n plastiese sak, 'n plastiese sak, 'n plastiese sak<br>Zweli gebruik 'n plastiese sak om 'n sokkerbal te maak. | *Maak of jy die balletjie in 'n plastiese sak sit en dit toemaak* |

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Nou kan Zweli sokker speel, sokker speel, sokker speel.<br>Nou kan Zweli sokker speel met sy sokkerbal! | *Maak asof jy 'n sokkerbal skop* |

## Handskrif

15 minute

1. Vra die leerders moet hulle boeke oop maak.
2. Sê die volgende klanke/woorde sodat die leerders dit kan neerskryf.
   a. **Nn Nn Nn...**
   b. **Oo Oo Oo...**
   c. **nat**
   d. **pan**
   e. **son**
   f. **pot**
   g. **sop**
3. Vra leerders om 'n gekleurde potleed te neem en hulle eie werk te merk.
4. Skryf die klanke en woorde duidelik op die bord..
5. Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

## Gedeelde Lees:

15 minute

### Voorlees

**BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL**

1. Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2. Maak die Grootboek oop by die storie: **Superster Lloyd**
3. Gaan deur die prente van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4. Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5. Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6. Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.

## Skryfwerk:
30 minute

### Redigeer

**ONDERWERP:** Skryf 'n storie oor 'n kreatiewe persoon. Gebruik jou verbeelding!

**OPDRAG:** Skryf 'n storie van 6–8 sinne wat bymekaar gesit gaan word vir 'n klasboek met die naam: Kreatiewe Mense

**VOORBEREIDING:**

- Skryf die redigering kontrolelys op die swartbord voor die les begin.
- Skryf jou rofwerk/opstel op die swartbord voor die begin van die les. Sluit een of twee foute in.

**REDIGERING KONTROLELYS:**

1. Het ek verlede tyd gebruik?
2. Is my hoofkarakter kreatief?
3. Is daar 'n probleem in my storie?
4. Word die probleem in my storie deur kreatiwiteit op gelos?
5. Het ek al die woorde reg gespel?
6. Begin elke sin met 'n hoofletter?
7. Eindig elke sin met die regte leesteken?



#### DEMONSTREER DIE REDIGERINGSPROSES (EK DOEN)

1. Lees die redigering kontrolelys hardop vir die leerders.
2. Lees jou rofwerk/opstel haardop vir die leerders.
3. Werk deur die kontrolelys, wys aan die leerders waar jou rofwerk/opstel regs is, of waar jy verbeterings of regstellings moet maak.
4. Demonstreer die regstellingsproses vir die leerders.

#### LEERDERS VOLTOOI DIE REDIGERINGSPROSES (JY DOEN)

1. Deel leerders se boeke uit.
2. Sê aan leerders om na hulle rofwerk / opstel van die skryfopdrag te blaai.
3. Sê aan leerders om deur die redigering kontrolelys te werk en verbeterings of regstellings te maak.
4. Terwyl leerders besig is om te skryf, beweeg in die klas rond en hou mini konferensies – maak seker jy werk saam met 'n verskillende groep leerders vir elke skryfopdrag.
5. Maak 'n nota van enige algemene foute wat leerders maak in hulle skryfwerk.
6. Kry die leerders se aandag en skryf die algemene foute op die swartbord neer.
7. Wys vir die leerders hoe om die foute reg te stel.


Julie 22, 2020

Speelgoed karretjies

Daar was eendag 'n dogtertjie, Zama wat gewoon het in 'n klein dorpie in Suid afrika. Sy het 'n ouer broor gehad Themba.

haar familie het eendag nie genoeg geld gehad om kos te koop nie.

Zama en Themba het toe saamgewek om speelgoodkarretjies te maak van rommel en dit an mense te verkoop



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE: ____________________________**

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 4** het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Bekendstelling Van Nuwe Klanke En Woorde

**BEKENDSTELLING VAN KLANK**

1 Sê die klank en hou die flitskaart op: **/m/**
2 Sê die klank en gee opdrag aan die leerders om dit 3 x te herhaal
3 Vra aan die leerders : Kan julle dink aan 'n woord waarin **/m/** voorkom?
4 Hou 'n dinkskrum met die leerders bv: **maat, muis, swem**

**STEL NUWE WOORDE BEKEND**

1 Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys: **mat, mas, mot**
2 Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3 Vra leerders om die woorde te herhaal.
4 Plak die flitskaart van die woorde op die klankemuur.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

________________________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skyf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1 Leer leerders om die hoofletter(s) en die kleinletter(s) te vorm: **Mm**
2 Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan aan linkshandige leerders.
3 Vra die leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe met hulle vingers te skryf.
4 Sê daarna aan die leerders om die letter(s) op hulle tafels met hulle vingers te skryf.
5 Wys weereens aan die leerders hoe om die letter(s) en woorde te vorm op die swartbord.
6 Leerders moet dan die klanke/woorde/sinne in hulle boeke afskryf.
7 Leerders moet nou die teikenklank in enige woord/sin onderstreep.




WEEK 4

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

Sin: ____________________

____________________

## Gedeelde Lees: 15 Minute

### Aanvangslees

**BEGRIPSTRATEGIE: MAAK AFLEIDINGS**


| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| **Superster Lloyd**<br>Om te dans het altyd vir Lloyd Konadu gelukkig gemaak. Hy het gedans as hy skool toe loop. Sy voete het gedans terwyl hy by sy bank sit by die skool. Hy het selfs gedans terwyl hy na die sokkerveld hardloop. Elke keer as Lloyd dans, kon hy nie help om te glimlag nie. | -- |

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Toe Lloyd jonk was, het mense hom afgeraai om te dans. "Lloyd – mense sal dink jy is laf as jy die heeltyd dans," het sy familie gesê. "Lloyd – dans word nie gerespekteer nie! Jy moet iets anders kies om te doen!" het sy onderwysers gesê.<br>"Lloyd – sokker is belangriker as dans!" het sy vriende gesê.<br>Lloyd het die druk gevoel om op te hou dans, maar hy het geweet hy sal nie 'n gelukkige lewe lei as hy ophou om te dans nie. Hy het besluit om dit sy lewenstaak te maak om mense se gevoel oor dans te verander. | Ek maak die **afleiding** dat Lloyd gedetermineerd was om 'n suksesvolle danser te word, al dink mense wat. |
| Lloyd het besluit om 'n dansroetine te choreografeer. Hy het ure op sosiale media spandeer en gekyk na danse regoor die Afrika kontinent om sy eie dans saam te stel. Toe, het hy 'n vriend gevra om hom met sy foon af te neem terwyl hy dans. Uiteindelik, het hy sy eie video op Instagram gelaai. | Ek maak die **afleiding** dat Lloyd kreatief is, want hy gebruik sosiale media om 'n klomp mense te bereik. |
| Lloyd se video het baie gewild geraak in die sosiale media. Duisende mense regoor die wêreld het gekyk hoe Lloyd dans.<br>"Ongelooflik!" was een mens se kommentaar.<br>"Jy is 'n ster!" het 'n ander mens geskryf.<br>"Hierdie video het my dag gemaak!" het 'n derde persoon gesê. Van daardie dag af was Lloyd bekend as die 'Dansende Superster Lloyd' | Ek **dink** dat Lloyd 'n uitstekende danser moet wees, want mense noem hom 'n 'Dans Superster'. |
| Dans Superster Lloyd het al die aandag geniet wat hy in die sosiale media van sy dansvideos gekry het. Tog het hy besef hy wil nie net dans nie – hy wil ander jong dansers help om ook hulle drome te bereik. Dans Superster Lloyd het begin om klasse te laai om sy kykers te leer hoe om sy passies uit te voer. | Ek maak die **afleiding** dat Lloyd nie net mense se gevoel rondom sy danse wou verander nie, maar ook vir ander mense. |
| Toe het Dans Superster Lloyd gaan sit met twee van sy beste vriende.<br>"Toe ek begin dans het, het ek net gedink om op groot verhoë op te tree, maar nou kan ek net daaraan dink om ander jong Ghanese te inspireer" sê hy.<br>Saam het hulle 'n dansskool geopen, met die naam 'Dans met 'n Doel Akademie'. Hulle het dit as DMD afgekort. | Ek **dink** dat Lloyd se doelwit verander het – van om self 'n danser te word, tot om ander te help om dansers te word. |

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Een dag, het Dans Superster Lloyd vir Hubert ontmoet, hulle het gesit en gesels. Lloyd het uitgevind dat Hubert net tien jaar oud is. Hy het beide sy ouers verloor toe hy baie klein was. Dans Superster Lloyd het 'n plan gemaak om Hubert te laat trek na Accra om by DMD te dans. Hy het gereël vir 'n skool, kos en verblyf vir Hubert. | Ek maak die **afleiding** dat Lloyd meer moet omgee vir dans as vir geld, want hy help Hubert om DMD by te woon, selfs al kan hy nie die fooie betaal nie. |
| "Dit is my droom", het Dans Superster Lloyd sy vriende vertel, "om te help bou aan 'n generasie van uitmuntende dansers – dit maak nie saak hoe min geld hulle het nie." | Ek **dink** dat Lloyd se skool moet help om mense se gedagtes van dans te verander, want dit help om 'n hele groep van uitstekende en proffesionele dansers te ontwikkel. |
| Dans Superster Lloyd het begin om gratis werkswinkels aan te bied vir jong mense regoor Ghana, om mense gelukkig te maak en hulle gedagtes te verander oor dans. Soos hy deur Ghana grgaan, het, hy sy oë oop gehou vir jong, kreatiewe dansers soos Hubert om by die dansskool aan te sluit. | -- |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Wat was Lloyd se bynaam nadat hy 'n video op sosiale media gelaai het? | Hy is 'Dans Superster Lloyd' genoem. |
| Wie was Hubert? | • Hubert was 'n student by DMD.<br>• Hubert was 'n danser wat Lloyd op Instagram gesien het. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Lloyd besluit om DMD te open? | • Omdat hy ander jong Ghanese wou help om dansers te word.<br>• Omdat hy die gevoel rondom dans ook vir ander – en nie net vir homself wou verander.<br>• Omdat hy ander jong Ghanese wou leer dans.<br>• Omdat dit hom gehelp het om sy doelwit te bereik om mense se gevoel rondom dans te verander. |

WEEK 4



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 4** het.
2. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- suksesvol
- aandag
- generasie

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Zweli gebruik koerantpapier, koerantpapier, koerantpapier.<br>Zweli gebruik koerantpapier om 'n sokkerbal te maak. | *Maak asof jy koerantpapier om 'n balletjie draai* |
| Zweli gebruik 'n Simba pakkie, 'n Simba pakkie, 'n Simba pakkie<br>Zweli gebruik Simba pakkie om 'n sokkerbal te maak. | *Maak of jy 'n pakkie om 'n balletjie draai* |
| Zweli gebruik 'n handsak, 'n handsak, 'n handsak<br>Zweli gebruik 'n handsak om 'n sokkerbal te maak. | *Maak of jy die balletjie in 'n handsak sit* |
| Zweli gebruik 'n plastiese sak, 'n plastiese sak, 'n plastiese sak<br>Zweli gebruik 'n plastiese sak om 'n sokkerbal te maak. | *Maak of jy die balletjie in 'n plastiese sak sit en dit toemaak* |
| Nou kan Zweli sokker speel, sokker speel, sokker speel.<br>Nou kan Zweli sokker speel met sy sokkerbal! | *Maak asof jy 'n sokkerbal skop* |

### KREATIEWE STORIE VERTEL (EERSTE WEEK VAN DIE TEMA)



1 Verdeel leerders in hul klein groepe
2 Gee aan elkeen 'n afskrif van die kreatiewe storievertel prentjies.
3 Sê aan die leerders om te dink aan 'n storie wat pas by die prentjies.
4 Gee aan die leerders 'n minuut of twee om aan idees te dink.
5 Nou moet elke leerder in die groep 'n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.
6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!

7 Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.
8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Stel Nuwe Woorde Bekend

**STEL KLANK BEKEND**

1 Sê die klank en hou die flitskaart op: **/d/**
2 Sê die klank en gee opdrag aan die leerders om dit 3 x te herhaal
3 Vra aan die leerders : Kan julle dink aan ’n woord waarin **/d/** voorkom?
4 Hou ’n dinkskrum met die leerders bv: **draai, dans, dorp**

**STEL NUWE WOORDE BEKEND**

1 Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys**: dan, dam, das**
2 Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3 Vra leerders om die woorde te herhaal.
4 Plak die flitskaart van die woorde op die klankemuur.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ____________________________________________


Woorde: ____________________________________________

______________________________________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1 Leer leerders hoe om hoofletter(s) en kleinletter(s) korrek te vorm: **Dd**
2 Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
3 Sê dan aan leerders om met ’n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vinger.
4 Sê daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
5 Wys weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die swartbord.
6 Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
7 Leerders moet nou die teikenklank in enige woord / sin onderstreep.






## ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

Sin: ____________________

____________________

## Skryfwerk: 30 minute

### Publiseer en bied aan

**ONDERWERP:** Skryf 'n storie oor 'n kreatiewe persoon. Gebruik jou verbeelding!

**OPDRAG:** Skryf 'n storie van 6–8 sinne wat bymekaar gesit gaan word vir 'n klasboek met die naam: Kreatiewe Mense

**SKRYFRAAMWERK:**

Op 'n tyd... *(skryf oor die plek waar die storie plaasvind)*

Eendag... *(verduidelik die probleem)*

Toe... *(verduidelik hoe die karakter hulle kreatiwiteit gebruik om 'n probleem op te los)*

In die einde... *(wat dink mense van die hoofkarakter?)*

**VOORBEREIDING:** Skryf die opstel wat jy Maandag geredigeer het op die swartbord voor die begin van die les.

#### DEMONSTREER DIE PUBLISERINGSPROSES (EK DOEN)

1. Herinner die leerders dat hulle Maandag die redigering kontrolelys gebruik het om hulle werk te verbeter en reg te stel.
2. Sê aan die leerders dat hulle vandag hulle voltooide werk gaan publiseer en aan bied.
3. Wys aan die leerder hoe jy jou rofwerk / opstel herskryf met die titel en die datum.

#### LEERDERS VOLTOOI DIE REDIGERINGSPROSES (JY DOEN)

1. Deel leerders se boeke uit.
2. Vertel leerders om die datum en opskrif neer te skryf: **Kreatiewe...**
3. Sê aan leerders om hulle finale skryfwerk sonder enige foute neer te skryf.
4. Sê aan leerders dat hulle 'n prent kan teken indien hulle genoeg tyd het.
5. Terwyl leerders besig is om te skryf, beweeg in die klas rond en help leerders wat sukkel.

#### LEERDERS BIED HULLE SKRYFWERK AAN


1. In die laaste 5 minute van die lesse aan die leerders om hulle penne en potlode neer te sit en te luister.
2. Sê aan leerders om te **'draai en te praat'** en hulle skryfwerk vir hulle maat te lees.
3. Roep een of twee leerders na vore om hulle skryfwerk hardop vir die klas te lees.
4. Stel al die leerders se werk in 'n klasboek saam. Plaas die boek in die leeshoekie vir die leerders om te lees.

Julie 29, 2020

Speelgoed karretjies

Daar was eendag 'n dogtertjie,
Zama wat gewoon het in 'n klein
dorpie in Suid Afrika. Sy het 'n
ouer broer gehad, Themba.
Haar familie het eendag nie
genoeg geld gehad om kos te
koop nie.
Zama en Themba het toe
saamgewerk om speelgoedkarret▯
jies te maak van rommel en dit
aan mense te verkoop.

WEEK 4



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE: ______________________________**

**1** Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 4** het.
**2** Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
**3** Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
**4** Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
**5** Doen ŉ **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
**6** Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
**7** Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
**8** Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
**9** Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Segmentering En Vermenging

**EK DOEN...**

1 Begin met 'n woord van die Dinsdag les.
2 Sê die woord: **mat**
3 Verdeel die woord in individuele klanke: **/m/-/a/-/t/**
4 Sê die beginklank van die woord**: /m/**
5 Sê die middelklank van die woord: **/a/**
6 Sê die eindklank van die woord: **/t/**
7 Skryf die woord op die swartbord: **mat**
8 Demonstreer deur te wys en die klanke te vermeng om 'n nuwe woord te maak: **/m/-/a/-/t/** = **mat**
9 Herhaal dit met 'n woord van die Woensdagles: **dan**

**ONS DOEN...**

1 Begin met 'n woord van die Dinsdag les.
2 Sê die woord: **mot**
3 Vra die leerders: Wat is die beginklank in die woord? **/m/**
4 Vra die leerders: Wat is die middelklank in die woord? **/o/**
5 Vra die leerders: Wat is die eindklank in die woord? **/t/**
6 Vra die leerders om die woord in individuele klanke te segmenteer: **/m/-/o/-/t/**
7 Skryf die woord: **mot**
8 Gee opdrag aan die leerders om die klanke in die woord saam met jou te segmenteer: **/m/-/o/-/t/** = **mot**
9 Herhaal dit met 'n woord van die Woensdagles: **dam**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

# Gedeelde Lees: 15 minute

## Herhaalde Lees


**LEESSTRATEGIE: EK WONDER**

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| **<u>Superster Lloyd</u>**<br>Om te dans het altyd vir Lloyd Konadu gelukkig gemaak. Hy het gedans as hy skool toe loop. Sy voete het gedans terwyl hy by sy bank sit by die skool. Hy het selfs gedans terwyl hy na die sokkerveld hardloop. Elke keer as Lloyd dans, kon hy nie help om te glimlag nie. | -- |
| Toe Lloyd jonk was, het mense hom afgeraai om te dans. “Lloyd – mense sal dink jy is laf as jy die heeltyd dans,” het sy familie gesê. “Lloyd – dans word nie gerespekteer nie! Jy moet iets anders kies om te doen!” het sy onderwysers gesê.<br>“Lloyd – sokker is belangriker as dans!” het sy vriende gesê.<br>Lloyd het die druk gevoel om op te hou dans, maar hy het geweet hy sal nie ’n gelukkige lewe lei as hy ophou om te dans nie. Hy het besluit om dit sy lewenstaak te maak om mense se gevoel oor dans te verander. | Ek **wonder** hoe Lloyd mense se gevoel oor dans gaan verander? |
| Lloyd het besluit om ’n dansroetine te choreografeer. Hy het ure op sosiale media spandeer en gekyk na danse regoor die Afrika kontinent om sy eie dans saam te stel. Toe, het hy ’n vriend gevra om hom met sy foon af te neem terwyl hy dans. Uiteindelik, het hy sy eie video op Instagram gelaai. | Ek **wonder** hoe dit mense se gevoel oor dans gaan verander? |
| Lloyd se video het baie gewild geraak in die sosiale media. Duisende mense regoor die wêreld het gekyk hoe Lloyd dans.<br>“Ongelooflik!” was een mens se kommentaar.<br>“Jy is ’n ster!” het ’n ander mens geskryf.<br>“Hierdie video het my dag gemaak!” het ’n derde persoon gesê. Van daardie dag af was Lloyd bekend as die ‘Dansende Superster Lloyd’ | Miskien sal mense se gevoel verander as hulle sien hoeveel positiewe aandag Lloyd in sosiale media ontvang? |

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
| --- | --- |
| Dans Superster Lloyd het al die aandag geniet wat hy in die sosiale media van sy dansvideos gekry het. Tog het hy besef hy wil nie net dans nie – hy wil ander jong dansers help om ook hulle drome te bereik. Dans Superster Lloyd het begin om klasse te laai om sy kykers te leer hoe om sy passies uit te voer. | Miskien sal mense se opinie oor dans verander as hulle sien dans is 'n ernstige en moeilike vaardigheid? |
| Toe het Dans Superster Lloyd gaan sit met twee van sy beste vriende.<br>"Toe ek begin dans het, het ek net gedink om op groot verhoë op te tree, maar nou kan ek net daaraan dink om ander jong Ghanese te inspireer" sê hy.<br>Saam het hulle 'n dansskool geopen, met die naam 'Dans met 'n Doel Akademie'. Hulle het dit as DMD afgekort. | Miskien sal mense se gevoel rondom dans verander wanneer daar 'n regte plek is om dans te studeer? |
| Dans Superster Lloyd en sy vriende wou seker maak dat DMD oop was vir enige jong, talentvolle danser.<br>So, hulle het besluit om die kostes te dra vir enige danser, met genoeg talent, om by die skool aanvaar te word. | Ek **wonder** of mense se gevoel rondom dans sal verander as hulle sien meer jongmense droom daarvan om dansers te word? |
| Een dag, het Dans Superster Lloyd vir Hubert ontmoet, hulle het gesit en gesels. Lloyd het uitgevind dat Hubert net tien jaar oud is. Hy het beide sy ouers verloor toe hy baie klein was. Dans Superster Lloyd het 'n plan gemaak om Hubert te laat trek na Accra om by DMD te dans. Hy het gereël vir 'n skool, kos en verblyf vir Hubert. | -- |
| "Dit is my droom", het Dans Superster Lloyd sy vriende vertel, "om te help bou aan 'n generasie van uitmuntende dansers – dit maak nie saak hoe min geld hulle het nie." | Ek **wonder** of Lloyd gaan help om mense se gevoel rondom dans te verander deur van dans 'n ware beroepskeuse te maak vir ander jong Ghanese? |
| Dans Superster Lloyd het begin om gratis werkswinkels aan te bied vir jong mense regoor Ghana, om mense gelukkig te maak en hulle gedagtes te verander oor dans. Soos hy deur Ghana grgaan, het, hy sy oë oop gehou vir jong, kreatiewe dansers soos Hubert om by die dansskool aan te sluit. | Ek **wonder** of mense se gevoel oor dans gaan verander as hulle 'n groep professionele en uitstekende dansers in Ghana sien? |

WEEK 4

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| Wat was die naam van die skool wat Lloyd oopgemaak het? | Dit is Dans met 'n Doel genoem (DMD in kort). |
| Wat is jou gevoel oor dans? (Wat dink jy daarvan om 'n danser te word?) | *My gevoel oor dans is...* |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom wou Lloyd mense se gevoel oor dans verander? | • Omdat hy wou hê jong mense moet kan droom om dansers te word.<br>• Omdat mense dit vir hom moeilik gemaak het toe hy jonk was. Hy wou hê dit moet makliker wees vir ander mense.<br>• Omdat hy mal was oor dans en hy wou hê ander mense moet sien hoe belangrik dans is.<br>• Omdat hy wou hê jong mense moet dit kan regkry om hul drome na te streef om ook dansers te word. |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 4** het.
2. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- kenner
- professioneel
- werkswinkel
- akademie

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Zweli gebruik koerantpapier, koerantpapier, koerantpapier.<br>Zweli gebruik koerantpapier om 'n sokkerbal te maak. | *Maak asof jy koerantpapier om 'n balletjie draai* |
| Zweli gebruik 'n Simba pakkie, 'n Simba pakkie, 'n Simba pakkie<br>Zweli gebruik Simba pakkie om 'n sokkerbal te maak. | *Maak of jy 'n pakkie om 'n balletjie draai* |
| Zweli gebruik 'n handsak, 'n handsak, 'n handsak<br>Zweli gebruik 'n handsak om 'n sokkerbal te maak. | *Maak of jy die balletjie in 'n handsak sit* |
| Zweli gebruik 'n plastiese sak, 'n plastiese sak, 'n plastiese sak<br>Zweli gebruik 'n plastiese sak om 'n sokkerbal te maak. | *Maak of jy die balletjie in 'n plastiese sak sit en dit toemaak* |
| Nou kan Zweli sokker speel, sokker speel, sokker speel.<br>Nou kan Zweli sokker speel met sy sokkerbal! | *Maak asof jy 'n sokkerbal skop* |

### BESPREKING VAN GEDEELDE LEES TEKS

1 Skryf die besprekingsraamwerk op die swartbord:
In die storie ....
My gunsteling deel van die storie was toe...wat...
Superster Lloyd is 'n kreatiewe denker want...
2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepe.**

WEEK 4

4 Sê aan die leerders dat elkeen ’n beurt moet neem om elke bsprekingsvraag te antwoord.
5 Kry die hele klas se aandag.
6 Vra aan verskillende leerders, of ’n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Woordsoek

Skryf die tabel op die swartbord van vorige klanke wat geleer is, sowel as die klanke geleer op Dinsdag en Woensdag. .

| | | |
|---|---|---|
| **m** | **d** | **a** |
| **s** | **t** | **p** |
| **n** | **o** | |

#### DEMONSTRASIE

1 Herinner leerders aan die klanke van die week: **/m/**en **/d/**
2 Hersien al die klanke en samevoegings op die swartbord.
3 Gee leerders 3 minute om soveel as moontlik woorde wat hulle kan maak deur die klanke en vermengings hierbo te gebruik.
4 Wys aan leerders hoe om ’n woord te maak deur die teikenklank te gebruik: **/m/-/a/-/t/= mat**
5 Herinner leerders dat hulle woorde kan maak deur enige klank te gebruik – hulle hoef nie net **/m/** of **/d/** te gebruik nie.
6 Wys leerders hoe om ’n ander woord te maak, bv: **/p/-/a/-/p/ = pap**

#### LEERDERS DOEN...

1 Sê aan leerders om hulle boeke oop te maak en die Handskrif te skryf: **m, d**
2 Gee opdrag aan die leerders om te begin skryf.
3 Gee leerders 3 minute om soveel woorde as wat hulle kan te vind en te bou.
4 Laat leerders toe om hulle eie werk te korrigeer.
5 Wys leerders hoe om hierdie woorde te bou (en ander): **mat, mas, mot, dan, dam, das, nat, pan, sap, son, pot, sop, pas, pap, tas**

## Gedeelde Lees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP, VISUALISEER**

**ILLUSTREER DIE STORIE**

1 Laat die leerders by hulle banke gaan sit. Deel hulle boeke of 'n skoon vel papier uit. Hulle moet hulle potlode en kryte gereed hê.
2 **Verduidelik** aan die leerder dat hulle twee gedeeltes van die storie gaan teken en daaroor skryf.
3 **Demonstreer** hoe jy **twee gedeeltes van die storie kies** om oor te teken en te skryf, soos:
*Lloyd het sy video op sosiale media geplaas om mense se persepsies van dans te verander. Daarna het mense van ooral in die wêreld na sy dans gekyk.*
4 Teken 'n prent op die swartbord van Lloyd wat sy selfoon gebruik om sy video op sosiale media plaas. Teken ook 'n prent van mense ooral in die wêreld wat na sy video op hulle selfone kyk.
5 Demonstreer hoe jy 'n sin by jou tekening kan byvoeg, soos: *Eers het Lloyd 'n video van homself wat dans op sosiale media gesplaas. Daarna het mense ooral in die wêreld na die video gekyk.*
6 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou twee gedeeltes van die storie gaan kies.
7 Vertel die leerders om hul oë toe te maak en te ontspan. Lees die storie nog een keer vir die leerders.
8 Vertel die leerders om hulle oë oop te maak en hulle idees te teken.
9 Gee die leerders instruksie **om te draai en met 'n maat te praat** oor hul tekeninge.



## Groep Begeleide Lees 30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 4**.
2 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

## Week-eind taal onderrig hersiening

15 minute

1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2 Voer die weeklikse taal-oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie aktiwiteit kombineer.
3 Onthou om die leerders toe te laat om om te 'Draai en Praat' en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
   a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   b **Watter stories het ons saam gelees?**
   c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

*Let wel: Hierdie proses van self-evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 2

## TERMYN 3

# Week 5

# TEMA:

## Gesonde Eetgewoontes

## Voorbereiding Van Klaskamer

1. Aan die begin van die week maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Opdateer jou vertoonbord deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder en dit netjies en versigtig weg te bêre.
3. Volgende, berei die flitskaart woorde, tema woorde en illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
4. Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: prente van gesonde kos, of pakkies van gesonde peuselhappies.
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: die belangrikheid van gesonde eetgewoontes en die impak van gesonde eetgewoontes op skoolsukses.
6. Maak seker dat alle leerders se Boeke / DBO Werkboeke netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.
8. Pas jou Groep Begeleide Lees groepe aan indien nodig.
9. Beplan jou formele en informele assesseringsaktiwiteite vir die week.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry of terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DBO Werkboek 2: Bladsy 20 & 21, Ons doen

**Aktiwiteit 2:** DBO Werkboek 2: Bladsy 22, Ons lees

**Aktiwiteit 3:** DBO Werkboek 2: Bladsy 23 & 24, Ons doen

**Aktiwiteit 4:** Teken ’n prent van jou gunsteling gesonde peuselhappie

# Maandag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### STEL DIE TEMA BEKEND: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1. Wys aan leerders die voorblad van die Grootboek storie: **Geen skyfies vir Lomusa**
2. Vertel aan leerders dat ons 'n nuwe tema begin: **Gesonde Eetgewoontes**
3. Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
4. Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5. Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6. Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   - a Watter gesonde kos kan jy aan dink?
   - b Watter ongesonde kos kan jy aan dink?
   - c Waarom is dit belangrik om gesond te eet?

### TEMA WOORDESKAT

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - gesond
   - ongesond
   - voedsaam

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Om gesond te eet is belangrik, want jy kort brandstof vir jou lyf | *Maak asof jy eet* |
| Soetgoed en gemorskos smaak dalk vorentoe, maar dit is nie die beste brandstof vir 'n lyfie wat wil klim en klouter | *Maak of jy klim en klouter* |
| So wees gewaarsku! | *Waai jou wysvinger* |
| Eet gesond! | *Maak asof jy eet* |
| Of bly 'n klein kabouter! | *Wys met jou hand die hoogte van iemand baie Kleiner as jy.* |

## Handskrif 15 minute

1. Vra die leerders moet hulle boeke oop maak.
2. Sê die volgende klanke/woorde sodat die leerders dit kan neerskryf.
   - a **Mm Mm Mm...**
   - b **Dd Dd Dd...**
   - c **mat**
   - d **mas**
   - e **mot**
   - f **dan**
   - g **dam**
   - h **das**
3. Vra leerders om ’n gekleurde potlood te neem en hulle eie werk te merk.
4. Skryf die klanke en woorde duidelik op die bord..
5. Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees: 15 minute

### Voorlees

**BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL**

1. Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2. Maak die Grootboek oop by die storie: **Geen skyfies vir Lomusa**
3. Gaan deur die prente van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4. Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle ’n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5. Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6. Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.

# Skryfwerk: 30 minute

## Beplan en Rofwerk/Opstel

**ONDERWERP:** Skryf oor 'n keer toe jy 'n nuwe tipe kos probeer het asook watter ander kos jy in die toekoms sal wil probeer.

**OPDRAG:** Skryf 2 paragrawe oor nuwe kos eet. Die eerste paragraaf moet in die verlede tyd geskryf word. Die tweede paragraaf moet in die toekomende tyd geskryf word.

**BEPLANNINGSTRATEGIE:** Maak 'n lys

### STEL DIE SKRYF ONDERWERP BEKEND

1 Wys aan leerders dat jy **dink voordat jy skryf.**
2 Verduidelik mondelings jou idees vir jou paragrawe soos:
*Ek onthou die eerste keer dat ek Indiese kos probeer het. Ek was baie bekommerd om iets nuuts te probeer. Maar toe ek dit geproe het, het ek baie daarvan gehou. Ek dink ek sal binnekort Chinese kos wil probeer. Ek dink ek sal daarvan hou om dit te eet want ek hou daarvan om nuwe goed te probeer.*



### DEMONSTREER DIE BEPLANNINGSTRATEGIE (EK DOEN)

1 Teken 'n beplannings raam aan die een kant van die swartbord.
2 Wys aan die leerders hoe jy die lys opstel deur die vrae te beantwoord.
3 Voltooi die lys op die ander kant van die swartbord.

| Beplannings Vrae | Plan |
|---|---|
| ***Paragraaf 1*** | ***Paragraaf 1*** |
| **1** Watter nuwe tipe kos het jy probeer? | **1** Indiese kos. |
| **2** Wat het jy gedink voordat jy dit geëet het? | **2** Ek het gedink dat ek nie daarvan sou hou nie. Ek het gedink dat die kos te kruierig vir my sou wees. |
| **3** Hoe het dit geproe? | **3** Dit het roomerig, souterig en heerlik gesmaak. |
| **4** Wat het jy gedink nadat jy dit geëet het? | **4** Ek het baie daarvan gehou en wou nog hê om te eet. |
| ***Paragraaf 2*** | ***Paragraaf 2*** |
| **1** Watter tipe kos sal jy in die toekoms wil probeer? | **1** Chinese kos. |
| **2** Waarom wil jy die kos probeer? | **2** Want ek het dit nog nie probeer. Daar is 'n Chinese restaurant in my dorp. |
| **3** Hoe dink jy gaan die kos proe? | **3** Ek weet nie! |
| **4** Waar sal jy die kos probeer? | **4** By die Chinese restaurant. |
| **5** Hou jy daarvan om nuwe tipes kos te probeer? Waarom of waarom nie? | **5** Ja, want ek kan nuwe gesonde kos vind waarvan ek hou! |

**LEERDERS MAAK GEBRUIK VAN DIE BEPLANNINGSTRATEGIE (JY DOEN)**

1 Vertel leerders om hulle oë toe te maak en te dink aan kos wat hulle probeer het in die verlede en kos wat hulle wil probeer in die toekoms.
2 Sê aan leerders om te **draai en te praat** met 'n maat oor hulle eie idees.
3 Wys aan die leerders die breinkaart raam op die swartbord. Vertel leerders om die raam te gebruik om hulle skryfwerk te beplan net soos jy vir hulle gedemonstreer het.
4 Deel leerders se boeke uit.
5 Vertel leerders dat hulle hulle eie idees moet neerskryf – hulle moet nie die onderwyser se voorbeeld afskryf nie.
6 Terwyl leerders besig is om te skryf beweeg in die klas rond en hou mini konferensies.


Plan

Paragraaf 1

1. Ek het Chinese kos probeer eet
2. Ek het gedink ek sal nie daarvan hou nie. Ek het gedink dit sal nie lekker smaak nie.
3. Dit het bros en soet geproe.
4. Ek het daarvan gehou, Ek wou meer eet.

Paragraaf 2

5. Italiaanse kos
6. Want my vriendin sê dit is haar gunsteling.
7. Romerig en lekker
8. By die Italiaanse restaurant
9. Ja, want dit is opwindend om



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 5** het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Bekendstelling Van Nuwe Klanke En Woorde

#### BEKENDSTELLING VAN KLANK

1 Sê die klank en hou die flitskaart op: **/i/**
2 Sê die klank en gee opdrag aan die leerders om dit 3 x te herhaal
3 Vra aan die leerders : Kan julle dink aan 'n woord waarin **/i/** voorkom?
4 Hou 'n dinkskrum met die leerders bv: **bril, klip, ring**

#### STEL NUWE WOORDE BEKEND

1 Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys: **sin, pit, sit**
2 Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3 Vra leerders om die woorde te herhaal.
4 Plak die flitskaart van die woorde op die klankemuur.

#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ______________________________________________


Woorde: ______________________________________________

________________________________________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skyf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1 Leer leerders om die hoofletter(s) en die kleinletter(s) te vorm: **Ii**
2 Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan aan linkshandige leerders.
3 Vra die leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe met hulle vingers te skryf.
4 Sê daarna aan die leerders om die letter(s) op hulle tafels met hulle vingers te skryf.
5 Wys weereens aan die leerders hoe om die letter(s) en woorde te vorm op die swartbord.
6 Leerders moet dan die klanke/woorde/sinne in hulle boeke afskryf.
7 Leerders moet nou die teikenklank in enige woord/sin onderstreep.




**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

Sin: ____________________

____________________

## Gedeelde Lees: 15 Minute

### Aanvangslees

**BEGRIPSTRATEGIE: VISUALISEER**

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| **<u>Geen skyfies vir Lomusa</u>**<br>Lomusa stap die kombuis binne, reg vir skool. Haar pa sit by die tafel saam met sy suster, sy kuier uit Maputo. Lomusa se pa kyk na die horlosie. "Dit is tyd vir jou om te gaan!" sê hy. Hy maak die kombuiskas oop en gee vir Lomusa 'n pakkie oranje skyfies om aan te peusel. | Ek kan **myself voorstel** hoe Lomusa in die kombuis inkom, skoon en reg vir skool! |




WEEK 5

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| "Hoekom gee jy dit vir haar?" vra tannie Sophia. "Jy weet dit is ongesond Luis!" Lomusa se pa kyk verras na sy suster.<br><br>"Alle kinders eet dit!" sê hy.<br><br>"Nee, Luis! Jy moet vir Lomusa 'n proteïen gee om aan te peusel! Dit sal haar help om beter te fokus in die klas. Dit sal haar ook vir langer laat versadig voel!"<br><br>"Wel, ons het nie so iets as 'n peuselhappie nie!" antwoord Lomusa se pa. | Ek kan **myself voorstel** hoe Lomusa heen en weer tussen haar pa en tannie Sophia kyk terwyl hulle argumenteer! |
| Tannie Sophia steek haar hand in haar handsak en haal 'n plastiese sakkie met klein droë vissies uit. "Hierdie is heerlik en gesond!" sê haar tannie, sy gee die pakkie vir Lomusa en neem die skyfies terug. | -- |
| Met pouse, haal Lomusa haar sakkie met vissies uit en begin om dit te eet. "Mmm! Hierdie is heerlik," dink sy.<br><br>Net toe, stap twee meisies van Graad 4 verby, hulle lag en knyp hulle neuse toe. "Jy ruik aaklig!" skree een van die meisies. Lomusa sit vinnig die sakkie met vissies terug in haar sak. | Ek kan **myself voorstel** hoe die twee ouer meisies hard lag terwyl hulle Lomusa spot! |
| Na skool gee Lomusa die klein gedroogde vissies terug vir tannie Sophia. "Die ander meisies sê ek stink wanneer ek hierdie eet," sê Lomusa. "Ek wil dit nooit weer skool toe neem nie." | Ek kan **myself voorstel** hoe hartseer Lomusa se gesig moet lyk wanneer sy die vissies teruggee! |
| Die volgende oggend vra Lomusa haar pa vir 'n pakkie skyfies om saam te neem skool toe. Hy maak die kombuiskas oop en gee vir haar 'n pakkie. | Ek kan **myself voorstel** hoe Lomusa probeer om by die kombuis uit te glip voor haar tannie haar met die ongesonde skyfies sien! |
| "Hoekom gee jy dit vir haar?" vra tannie Sophia. "Ek het vir jou gesê dit is ongesond Luis! Jy moet vir Lomusa 'n proteïen gee as 'n peuselhappie!" Tannie Sophia kyk rond in die kombuis. Daar is 'n pot op die stoof met eiers wat gekook is. "Gekookte eiers is heerlik! En dit is gesond!" sê haar tannie, sy gee Lomusa 'n eier en neem haar skyfies terug. | Ek kan **myself voorstel** hoe geïrriteerd tannie Sophia moet lyk. Sy moet geïrriteerd wees omdat haar broer nie die eerste maal na haar geluister het nie. |
| Pouse, dop Lomusa haar eier af en begin om dit te eet. "Mmm! Hierdie is heerlik," dink sy.<br><br>Net toe, stap twee seuns van Graad 5 verby en lag en maak hoesgeluide. "Dit ruik aaklig!" skree een van die seuns. Lomusa sit vinnig die gekookte eier terug in haar sak. | Ek kan **myself voorstel** hoe die twee ouer seuns na haar wys en hard praat sodat die ander ook kan hoor hoe hulle Lomusa spot! |

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Na skool gee Lomusa die eier terug vir tannie Sophia. "Die seuns sê ek stink wanneer ek dit eet," sê Lomusa. "Ek wil nooit weer gekookte eiers saamneem skool toe nie." Sê Lomusa. Toe hardloop sy buitentoe om te gaan speel. | Ek kan **myself voorstel** hoe hartseer Lomusa se gesig moet wees wanneer sy die eiers teruggee! |
| 'n Paar minute later roep tannie Sophia vir Lomusa. "Lomusa, om gesond te eet is belangrik!" sê sy. "Vis en gekookte eiers is goed vir jou. Dit maak jou lyf sterk en help jou brein om te fokus! Ek verstaan dat dit moeilik is om gespot te word. Kom ons kry vir jou 'n peuselhappie wat proteïene bevat, maar wat nie na iets slegs ruik nie," sê tannie Sophia. | Ek kan **myself voorstel** hoe Lomusa mooi na tannie Sophia luister. |
| "Wat van grondboontjies?" vra tannie Sophia, sy kyk rond op die erf. "Jou ouers het baie grondboontjiebosse op die erf, dit is baie goed vir jou." "O ja!" sê Lomusa. "Ek is mal oor grondboontjies en hulle ruik nie sleg nie! Ek sal grondboontjies skool toe neem en ek sal eiers en vis eet wanneer ek by die huis is. Dankie tannie!" | -- |
| Die volgende dag met pouse, haal Sophia haar sakkie met grondboontjies uit en sy begin om dit te eet. Sy kyk benoud rond, maar niemand spot haar nie en sy eet haar heerlike neute. | Ek kan **myself voorstel** hoe gelukkig Lomusa moet lyk wanneer sy haar grondboontjies eet. Ek dink sy sal nie bang wees om weer grondboontjies skool toe te neem nie! |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| Wat sê tannie Sophia moet Lomusa eet? | Sy sê sy moet proteïene eet. |
| Wat neem tannie Sophia weg van Lomusa? | Sy neem die pakkie skyfies weg. |
| Watter proteïen groei in Lomusa se agterplaas? | Grondboontjies! |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Kan jy vir Lomusa gedurende pouse voorstel? Hoekom wil Lomusa nie meer vis of eiers skool toe bring nie? | • Omdat sy gespot word.<br>• Omdat sy nie kos wil skool toe neem waaroor sy gespot word nie.<br>• Omdat die ander kinders by die skool haar spot oor vis en eiers, want dit ruik nie lekker nie.<br>• Omdat sy hartseer is wanneer sy gespot word. |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 5** het.
2. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- proteïene
- spiere
- fokus

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Om gesond te eet is belangrik want jy kort brandstof vir jou lyf | *Maak asof jy eet* |
| Soetgoed en gemorskos smaak dalk vorentoe maar dit is nie die beste brandstof vir ’n lyfie wat wil klim en klouter | *Maak of jy klim en klouter* |
| So wees gewaarsku! | *Waai jou wysvinger* |
| Eet gesond! | *Maak asof jy eet* |
| Of bly ’n klein kabouter! | *Wys met jou hand die hoogte van iemand baie kleiner as jy.* |

### KREATIEWE STORIE VERTEL (EERSTE WEEK VAN DIE TEMA)

1 Verdeel leerders in hul klein groepe
2 Gee aan elkeen ’n afskrif van die kreatiewe storievertel prentjies.
3 Sê aan die leerders om te dink aan ’n storie wat pas by die prentjies.
4 Gee aan die leerders ’n minuut of twee om aan idees te dink.
5 Nou moet elke leerder in die groep ’n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.
6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
7 Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.
8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.



## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Stel Nuwe Woorde Bekend

**BEKENDSTELLING VAN KLANK**

1. Sê die klank en hou die flitskaart op: **/g/**
2. Sê die klank en gee opdrag aan die leerders om dit 3 x te herhaal
3. Vra aan die leerders : Kan julle dink aan ’n woord met die **/g/** klank?
4. Hou ’n dinkskrum met die leerders bv: **glinter, ploeg, groei**

**STEL NUWE WOORDE BEKEND**

1. Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys**: gom, sog, dag**
2. Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3. Vra leerders om die woorde te herhaal.
4. Plak die flitskaart van die woorde op die klankemuur.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ____________________________________________


Woorde: ____________________________________________

____________________________________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1. Leer leerders hoe om hoofletter(s) en kleinletter(s) korrek te vorm: **Gg**
2. Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
3. Sê dan aan leerders om met ’n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vinger.
4. Sê daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
5. Wys weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die swartbord.
6. Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
7. Leerders moet nou die teikenklank in enige woord / sin <u>onderstreep</u>.




**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

Sin: ____________________

____________________

## Skryfwerk: 30 minute

### Rofwerk / Opstel

**ONDERWERP:** Skryf oor ’n keer toe jy ’n nuwe tipe kos probeer het asook watter ander kos jy in die toekoms sal wil probeer.

**OPDRAG:** Skryf 2 paragrawe oor nuwe kos eet. Die eerste paragraaf moet in die verlede tyd geskryf word. Die tweede paragraaf met in die toekomende tyd geskryf word.

**SKRYFRAAMWERK:**

Eenkeer het ek...probeer

Voordat ek dit probeer het...

Dit het...gesmaak.

Aan die einde...

Ek sal ... wil probeer.

Ek dink dit/hulle sal ...smaak.

Ek sal dit/hulle by ... probeer.

Ek hou daaarvan / nie daarvan om nuwe tipes kos te probeer want ...

**VOORBEREIDING:** Skryf Maandag se plan op die swartbord voor die begin van die les.

#### DEMONSTREER DIE SKRYFPROSES (EK DOEN)

1 Herinner leerders aan die plan wat jy Maandag opgestel het.
2 Lees deur jou plan wat op die swartbord geskryf is.
3 Lees die skryfraamwerk hardop vir die leerders.
4 Demonstreer hoe jy die skryfraamwerk voltooi met jou plan, soos:
**Eenkeer het ek** Indiese kerrie **probeer.** **Voordat ek dit probeer het** was ek bekommerd dat ek nie daarvan sou hou nie. Ek het gedink dat dit te kruierig vir my sou wees. **Dit het** heerlik **gesmaak.** **Aan die einde** was ek bly dat ek dit probeer het.
**Ek sal** Chinese noedels **wil probeer.** **Ek dink hulle sal** souterig en heerlik **smaak.** **Ek sal hulle by** die Chinese restaurant **probeer.** **Ek hou daaarvan om nuwe tipes kos te probeer want** daar is so baie lekker kos om te eet!
5 **Leerders voltooi die skryfproses (Jy Doen):**
6 Deel leerders se boeke uit.
7 Vertel leerders om die datum en opskrif neer te skryf: **My paragrawe:** Rofwerk / Opstel
8 Sê aan leerders om na die plan wat hulle Maandag voltooi het te blaai en aan hulle idees to dink.
9 Sê aan leerders om die skryfraamwerk te voltooi deur van hulle planne gebruik te maak.
10 Sê aan leerders dat hulle meer sinne kan byvoeg indien hulle genoeg tyd het.


**11** Herinner leerders aan die strategieë wat hulle kan gebruik om hulle te help.
**12** Terwyl leerders besig is om te skryf beweeg in die klas rond en help leerders wat sukkel.

Augustus, 5 2020.

Probeer nuwe kosse

Ek het eenkeer chinese kos probeer
eet.
voordat ek dit geëet het, het ek
gedink ek sal nie daarvan hou nie.
Dit het bros en soet geproo
Teen die dinde het ek regtig daarvan
gehou en wou ek meer hê.

Ek sal Italiaanse pasta probeer.
Ek dink dit sal romerrig en lekker
proo.
Ek sal dit probeer want dit is my
vriend se gunsteling kos.
Ek hou daarvan om nuwe kosse te
probeer eet, dit is opwindend om nuwe
dinge te probeer



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 5** het.
2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Segmentering En Vermenging

**EK DOEN…**

1 Begin met 'n woord van die Dinsdag les.
2 Sê die woord: **sit**
3 Verdeel die woord in individuele klanke: **/s/-/i/-/t/**
4 Sê die beginklank van die woord**: /s/**
5 Sê die middelklank van die woord: **/i/**
6 Sê die eindklank van die woord: **/t/**
7 Skryf die woord op die swartbord: **sit**
8 Demonstreer deur te wys en die klanke te vermeng om 'n nuwe woord te maak: **/s/-/i/-/t/ = sit**
9 Herhaal dit met 'n woord van die Woensdagles: **sog**

**ONS DOEN…**

1 Begin met 'n woord van die Dinsdag les.
2 Sê die woord: **pit**
3 Vra die leerders: Wat is die beginklank in die woord? **/p/**
4 Vra die leerders: Wat is die middelklank in die woord? **/i/**
5 Vra die leerders: Wat is die eindklank in die woord? **/t/**
6 Vra die leerders om die woord in individuele klanke te segmenteer: **/p/-/i/-/t/**
7 Skryf die woord: **pit**
8 Gee opdrag aan die leerders om die klanke in die woord saam met jou te segmenteer: **/p/-/i/-/t/ = pit**
9 Herhaal dit met 'n woord van die Woensdagles: **dag**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________

Woorde: ______________________

______________________

# Gedeelde Lees: 15 minute


## Herhaalde Lees

**LEESSTRATEGIE: VISUALISEER**

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| **<u>Geen skyfies vir Lomusa</u>**<br><br>Lomusa stap die kombuis binne, reg vir skool. Haar pa sit by die tafel saam met sy suster, sy kuier uit Maputo. Lomusa se pa kyk na die horlosie. "Dit is tyd vir jou om te gaan!" sê hy. Hy maak die kombuiskas oop en gee vir Lomusa 'n pakkie oranje skyfies om aan te peusel. | Ek kan **myself voorstel** hoe bekommerd haar pa lyk wanneer hy na die horlosie kyk! Hy wil nie hê Lomusa moet laat wees vir skool nie! |
| "Hoekom gee jy dit vir haar?" vra tannie Sophia. "Jy weet dit is ongesond Luis!" Lomusa se pa kyk verras na sy suster.<br><br>"Alle kinders eet dit!" sê hy.<br><br>"Nee, Luis! Jy moet vir Lomusa 'n proteïen gee om aan te peusel! Dit sal haar help om beter te fokus in die klas. Dit sal haar ook vir langer laat versadig voel!"<br><br>"Wel, ons het nie so iets as 'n peuselhappie nie!" antwoord Lomusa se pa. | Ek kan **myself voorstel** hoe verras tannie Sophia moet wees wanneer Lomusa se pa vir haar 'n pakkie skyfies gee! |
| Tannie Sophia steek haar hand in haar handsak en haal 'n plastiese sakkie met klein droë vissies uit. "Hierdie is heerlik en gesond!" sê haar tannie, sy gee die pakkie vir Lomusa en neem die skyfies terug. | -- |
| Met pouse, haal Lomusa haar sakkie met vissies uit en begin om dit te eet. "Mmm! Hierdie is heerlik," dink sy.<br><br>Net toe, stap twee meisies van Graad 4 verby, hulle lag en knyp hulle neuse toe. "Jy ruik aaklig!" skree een van die meisies. Lomusa sit vinnig die sakkie met vissies terug in haar sak. | Ek kan **myself voorstel** hoe Lomusa vinnig probeer om haar vissies weg te steek! Sy moet so skaam voel. |
| Na skool gee Lomusa die klein gedroogde vissies terug vir tannie Sophia. "Die ander meisies sê ek stink wanneer ek hierdie eet," sê Lomusa. "Ek wil dit nooit weer skool toe neem nie." | Ek kan **myself voorstel** hoe ernstig Lomusa se stem moet wees wanneer sy met haar tannie praat. Sy wil hê haar tannie moet hoor wat sy sê. |
| Die volgende oggend vra Lomusa haar pa vir 'n pakkie skyfies om saam te neem skool toe. Hy maak die kombuiskas oop en gee vir haar 'n pakkie. | -- |

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| "Hoekom gee jy dit vir haar?" vra tannie Sophia. "Ek het vir jou gesê dit is ongesond Luis! Jy moet vir Lomusa 'n proteïen gee as 'n peuselhappie!" Tannie Sophia kyk rond in die kombuis. Daar is 'n pot op die stoof met eiers wat gekook is. "Gekookte eiers is heerlik! En dit is gesond!" sê haar tannie, sy gee Lomusa 'n eier en neem haar skyfies terug. | Ek kan **myself voorstel** hoe bekommerd Lomusa moet lyk wanneer tannie Sophia sê sy moet 'n proteïen as 'n peuselhappie neem. Sy moet bekommerd wees dat sy weer die vissies sal moet neem! |
| Pouse, dop Lomusa haar eier af en begin om dit te eet. "Mmm! Hierdie is heerlik," dink sy.<br><br>Net toe, stap twee seuns van Graad 5 verby en lag en maak hoesgeluide. "Dit ruik aaklig!" skree een van die seuns. Lomusa sit vinnig die gekookte eier terug in haar sak. | Ek kan **myself voorstel** hoe Lomusa vinnig probeer om haar eier weg te steek! Sy moet so skaam voel. |
| Na skool gee Lomusa die eier terug vir tannie Sophia. "Die seuns sê ek stink wanneer ek dit eet," sê Lomusa. "Ek wil nooit weer gekookte eiers saamneem skool toe nie." Sê Lomusa. Toe hardloop sy buitentoe om te gaan speel. | Ek kan **myself voorstel** hoe Lomusa met 'n ernstige stem moet praat! Sy moet baie ontsteld wees, want sy is nou vir twee dae in 'n ry gespot! |
| 'n Paar minute later roep tannie Sophia vir Lomusa. "Lomusa, om gesond te eet is belangrik!" sê sy. "Vis en gekookte eiers is goed vir jou. Dit maak jou lyf sterk en help jou brein om te fokus! Ek verstaan dat dit moeilik is om gespot te word. Kom ons kry vir jou 'n peuselhappie wat proteïene bevat, maar wat nie na iets slegs ruik nie," sê tannie Sophia. | Ek kan **myself voorstel** hoe tannie Sophia haar arm om Lomusa sit en met 'n sagte vriendelike stem met haar praat. Sy moet vir Lomusa wil help om beter te voel. |
| "Wat van grondboontjies?" vra tannie Sophia, sy kyk rond op die erf. "Jou ouers het baie grondboontjiebosse op die erf, dit is baie goed vir jou." "O ja!" sê Lomusa. "Ek is mal oor grondboontjies en hulle ruik nie sleg nie! Ek sal grondboontjies skool toe neem en ek sal eiers en vis eet wanneer ek by die huis is. Dankie tannie!" | Ek kan **myself voorstel** hoe opgewonde Lomusa is wanneer sy uitvind dat grondboontjies 'n gesonde peuselhappie is wat proteïene bevat! |
| Die volgende dag met pouse, haal Sophia haar sakkie met grondboontjies uit en sy begin om dit te eet. Sy kyk benoud rond, maar niemand spot haar nie en sy eet haar heerlike neute. | Ek kan **myself voorstel** hoe Lomusa sug. Sy moet so verlig wees dat niemand haar vandag spot nie! |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Wat is die drie kosse in die storie wat proteïene bevat? | Gedroogde vis, eiers en grondboontjies. |
| Oor watter van die kosse is Lomusa gespot omdat sy dit geëet het. | Droë vis en eiers. |
| Hoe dink jy voel Lomusa wanneer sy gespot word? | Ek dink sy voel ... |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Stel jouself voor hoe Lomusa grondboontjies eet tydens pouse! Hoekom het Lomusa uiteindelik besluit om grondboontjies as haar peuselhappie te neem? | • Omdat sy gespot is toe sy vis en eiers geneem het. Sy wou nie weer daardie peuselhappies neem nie, selfs al is dit gesond.<br>• Omdat haar ouers grondbootjiebosse op hulle erf het.<br>• Omdat sy van grondboontjies hou!<br>• Omdat sy na haar tannie luister en verstaan dat sy ’n peuselhappie met ’n proteïen moet eet, eerder as skyfies. |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE: ______________________**

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 5** het.
2. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- lekkerny
- heerlik
- suiker
- soet

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Om gesond te eet is belangrik want jy kort brandstof vir jou lyf | *Maak asof jy eet* |
| Soetgoed en gemorskos smaak dalk vorentoe maar dit is nie die beste brandstof vir 'n lyfie wat wil klim en klouter | *Maak of jy klim en klouter* |
| So wees gewaarsku! | *Waai jou wysvinger* |
| Eet gesond! | *Maak asof jy eet* |
| Of bly 'n klein kabouter! | *Wys met jou hand die hoogte van iemand baie kleiner as jy.* |

### BESPREKING VAN GEDEELDE LEES TEKS

1 Skryf die besprekingsraamwerk op die swartbord:
In die storie...
My gunsteling deel van die storie was toe...want...
Die storie hou verband met die tema 'Gesonde Eetgewoontes" want...
2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepe.**
4 Sê aan die leerders dat elkeen 'n beurt moet neem om elke besprekingsvraag te antwoord.
5 Kry die hele klas se aandag.
6 Vra aan verskillende leerders, of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Woordsoek

Skryf die tabel op die swartbord van vorige klanke wat geleer is, sowel as die klanke geleer op Dinsdag en Woensdag. .

| | | |
|---|---|---|
| **i** | **g** | **a** |
| **s** | **t** | **p** |
| **n** | **o** | **m** |
| **d** | | |

#### DEMONSTRASIE

1. Herinner leerders aan die klanke van die week: **/i/**en **/g/**
2. Hersien al die klanke en samevoegings op die swartbord.
3. Gee leerders 3 minute om soveel as moontlik woorde wat hulle kan, te maak deur die klanke en vermengings hierbo te gebruik.
4. Wys aan leerders hoe om ’n woord te maak deur die teikenklank te gebruik: **/d/-/a/-/g/= dag**
5. Herinner leerders dat hulle woorde kan maak deur enige klank te gebruik – hulle hoef nie net **/i/** of **/g/** te gebruik nie.
6. Wys leerders hoe om ’n ander woord te maak, bv: **/m/-/a/-/t/ = mat**

#### LEERDERS DOEN...

1. Sê aan leerders om hulle boeke oop te maak en die Handskrif te skryf: **i, g**
2. Gee opdrag aan die leerders om te begin skryf.
3. Gee leerders 3 minute om soveel woorde as wat hulle kan te vind en te bou.
4. Laat leerders toe om hulle eie werk te korrigeer.
5. Wys leerders hoe om hierdie woorde te bou (en ander): **sin, pit, sit, gom, sog, dag, mat, mas, mot, dan, dam, das, nat, pan, sap, son, pot, sop, pas, pap, tas**

#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ____________________________________________

Woorde: ____________________________________________

____________________________________________________

## Gedeelde Lees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP VISUALISEER**

**ILLUSTREER DIE STORIE**

1 Laat die leerders by hulle banke gaan sit. Deel hulle boeke uit of 'n skoon vel papier. Hulle moet hulle potlode en kryte gereed hê.
2 **Verduidelik** aan die leerders dat hulle iets belangriks wat hulle visualiseer as hulle oor die storie dink **gaan teken en daaroor skryf**.
3 **Demonstreer** hoe jy **iets belangriks van die storie visualiseer** om oor te teken en te skryf, soos: *Die ander kinders het vir Lomusa gelag want haar peuselhappie het sleg geruik. Ek kan **visualiseer** hoe sy ongelukkig lyk en probeer om haar peuselhappie weg te steek terwyl ander mense dit uit wys en lag.*
4 Teken 'n prent op die swartbord van Lomusa wat ongelukking lyk en die ander mense wat ir haar lag.
5 **Demonstreer** hoe jy 'n sin of twee by jou tekening byvoeg, soos: *Ek **visualiseer** hoe Lomusa ongelukkig voel omdat ander mense vir haar lag.*
6 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou iets belangriks van die storie gaan **visualiseer** wanneer hulle oor die storie dink**.**
7 Vertel die leerders om hul oë toe te maak en te ontspan. Lees die storie nog een keer vir die leerders.
8 Vertel die leerders om hulle oë oop te maak en hulle idees te teken.
9 Gee die leerders instruksie **om te draai en met 'n maat te praat** oor hul tekeninge.

## Groep Begeleide Lees 30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 5**.
2 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

## Week-eind taal onderrig hersiening

15 minute

1. Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2. Voer die weeklikse taal-oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie aktiwiteit kombineer.
3. Onthou om die leerders toe te laat om om te 'Draai en Praat' en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4. Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
   - a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   - b **Watter stories het ons saam gelees?**
   - c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   - d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   - e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   - f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   - g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   - h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5. Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

*Let wel: Hierdie proses van self-evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 2
## TERMYN 3
# Week 6

# TEMA:
## Gesonde Eetgewoontes

## Voorbereiding Van Klaskamer

1 Aan die begin van die week maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2 Opdateer jou vertoonborde deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder en dit netjies en versigtig weg te bêre.
3 Volgende, berei die flitskaart woorde, tema woorde en illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
4 Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: leerders se prente van hulle gunsteling gesonde peuselhappie en eenvoudige resepte om gesonde peuselhappies te maak.
5 Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Verskillende kos piramides.
6 Maak seker dat alle leerders se Boeke / DBO Werkboeke netjies gebêre is waar hulle hoort.
7 Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.
8 Pas jou Groep Begeleide Lees groepe aan indien nodig.
9 Beplan jou formele en informele assesseringsaktiwiteite vir die week.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry of terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DBO Werkboek 2: Bladsy 24 & 25, Ons skryf

**Aktiwiteit 2:** DBO Werkboek 2: Bladsy 26, Ons doen

**Aktiwiteit 3:** DBO Werkboek 2: Bladsy 27 & 28, Ons skryf

**Aktiwiteit 4:** Teken ’n prent van ’n tipe kos wat jy van hou om te eet, wat as proteïne geklassifiseer word.

# Maandag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### HERSIEN DIE TEMA BEKEND: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1. Wys aan leerders die prent van Rhulani se uithangbord in die Grootboek storie: Vars eiers te koop
2. Vertel aan leerders dat ons voortgaan met die tema: Gesonde eetgewoontes
3. Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
4. Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5. Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6. Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   - **a** Waar kom gesonde kos vandaan?
   - **b** Wat is kosgroepe?
   - **c** Waarom is dit belangrik om gesond te eet?

### TEMA WOORDESKAT

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - adverteer
   - advertensie
   - uithangbord

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Om gesond te eet is belangrik want jy kort brandstof vir jou lyf | *Maak asof jy eet* |
| Soetgoed en gemorskos smaak dalk vorentoe maar dit is nie die beste brandstof vir 'n lyfie wat wil klim en klouter | *Maak of jy klim en klouter* |
| So wees gewaarsku! | *Waai jou wysvinger* |
| Eet gesond! | *Maak asof jy eet* |
| Of bly 'n klein kabouter! | *Wys met jou hand die hoogte van iemand baie kleiner as jy.* |

## Handskrif

15 minute

1. Vra die leerders moet hulle boeke oop maak.
2. Sê die volgende klanke/woorde sodat die leerders dit kan neerskryf.
   a. **Ii Ii Ii...**
   b. **Gg Gg Gg...**
   c. **sin**
   d. **pit**
   e. **sit**
   f. **gom**
   g. **sog**
   h. **dag**
3. Vra leerders om 'n gekleurde potleed te neem en hulle eie werk te merk.
4. Skryf die klanke en woorde duidelik op die bord..
5. Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees:

15 minute

### Voorlees

**BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL**

1. Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2. Maak die Grootboek oop by die storie: Vars eiers te koop
3. Gaan deur die prente van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4. Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5. Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6. Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.

## Skryfwerk: 30 minute

### Redigeer

**ONDERWERP:** Skryf oor 'n keer toe jy 'n nuwe tipe kos probeer het asook watter ander kos jy in die toekoms sal wil probeer.

**OPDRAG:** Skryf 2 paragrawe oor nuwe kos eet. Die eerste paragraaf moet in die verlede tyd geskryf word. Die tweede paragraaf moet in die toekomende tyd geskryf word.

**VOORBEREIDING:**

- Skryf die redigering kontrolelys op die swartbord voor die les begin.
- Skryf jou rofwerk/opstel op die swartbord voor die begin van die les. Sluit een of twee foute in.

**REDIGERING KONTROLELYS:**

1 Het ek verlede tyd in my eerste paragraaf gebruik?
2 Het ek toekomende tyd in my tweede paragraaf gebruik?
3 Het ek die regte voornaamwoorde gebruik?
4 Het ek al die woorde reg gespel?
5 Begin elke sin met 'n hoofletter?
6 Eindig elke sin met die regte leesteken?



#### DEMONSTREER DIE REDIGERINGSPROSES (EK DOEN)

1. Lees die redigering kontrolelys hardop vir die leerders.
2. Lees jou rofwerk/opstel haardop vir die leerders.
3. Werk deur die kontrolelys en wys aan die leerders waar jou rofwerk/opstel regs is, of waar jy verbeterings of regstellings moet maak.
4. Demonstreer die regstellingsproses vir die leerders.

#### LEERDERS VOLTOOI DIE REDIGERINGSPROSES (JY DOEN)


1. Deel leerders se boeke uit.
2. Sê aan leerders om na hulle rofwerk / opstel van die skryfopdrag te blaai.
3. Sê aan leerders om deur die redigering kontrolelys te werk en verbeterings of regstellings te maak.
4. Terwyl leerders besig is om te skryf beweeg in die klas rond en hou mini konferensies – maak seker jy werk saam met 'n verskillende groep leerders vir elke skryfopdrag.
5. Maak 'n nota van enige algemene foute wat leerders maak in hulle skryfwerk.
6. Kry die leerders se aandag en skryf die algemene foute op die swartbord neer.
7. Wys vir die leerders hoe om die foute reg te stel.

Augustus, 5 2020.

Probeer nuwe kosse

Ek het eenkeer Chinese kos probeer eet.
Voordat ek dit geëet het, het ek gedink ek sal nie daarvan hou nie.
Dit het bros en soet geproe.
Teen die einde het ek regtig daarvan gehou en wou ek meer hê.

Ek sal Italiaanse pasta probeer.
Ek dink dit sal romerig en lekker proe.
Ek sal dit probeer want dit is my vriend se gunsteling kos.
Ek hou daarvan om nuwe kosse te probeer eet, dit is opwindend om nuwe dinge te probeer.



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 6** het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Bekendstelling Van Nuwe Klanke En Woorde

#### BEKENDSTELLING VAN KLANK

1. Sê die klank en hou die flitskaart op: **/k/**
2. Sê die klank en gee opdrag aan die leerders om dit 3 x te herhaal
3. Vra aan die leerders : Kan julle dink aan 'n woord waarin **/k/** voorkom?
4. Hou 'n dinkskrum met die leerders bv: **koek, koud, koei**

#### STEL NUWE WOORDE BEKEND

1. Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys: **kap, kis, kam**
2. Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3. Vra leerders om die woorde te herhaal.
4. Plak die flitskaart van die woorde op die klankemuur.

#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ________________________________

Woorde: ________________________________

________________________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skyf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1. Leer leerders om die hoofletter(s) en die kleinletter(s) te vorm: **Kk**
2. Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan aan linkshandige leerders.
3. Vra die leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe met hulle vingers te skryf.
4. Sê daarna aan die leerders om die letter(s) op hulle tafels met hulle vingers te skryf.
5. Wys weereens aan die leerders hoe om die letter(s) en woorde te vorm op die swartbord.
6. Leerders moet dan die klanke/woorde/sinne in hulle boeke afskryf.
7. Leerders moet nou die teikenklank in enige woord/sin onderstreep.




**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees: 15 Minute

### Aanvangslees

**BEGRIPSTRATEGIE: MAAK AFLEIDINGS**


| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| **<u>Vars eiers te koop</u>**<br>Rhulani se ouma het so baie hoenders. Ouma se hoenders lê so baie eiers. "Eiers is vol proteïene!" s Ouma altyd. Elke oggend, eet Rhulani en sy suster Rudzani, eiers vir ontbyt. Soms, eet hulle selfs pap en eiers vir aandete. Steeds, was daar altyd eiers weggesteek op die werf. | Ek kan **aflei** dat Rhulani se familie meer eiers het as wat hulle kan gebruik! |

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Een dag, terwyl Rhulani en sy vriend Dakalo rondhardloop, trap Rhulani per ongeluk op 'n eier. "Ga!" roep Rhulani uit toe hy sy voet optel en die slymerige gebreekte eier aan sy skoen sien hang. Toe Rhulani vir Ouma sy slymmerige skoen wys, lag sy. "Daardie simpel hoenders lê soveel eiers!" sê sy. | Ek kan **aflei** dat Rhulani se familie meer eiers het as wat hulle kan gebruik, want Ouma is nie eens ontsteld dat Rhulani op een getrap het nie! |
| Daardie aand bly, Dakola vir aandete.<br>Ouma gee vir hulle pap en eiers.<br>"Eiers is vol proteïene om julle sterk te maak!" sê sy soos sy die borde aangee.<br>Dakola wag vir 'n oomblik. Dan neem hy langtand 'n hap. "Hierdie eiers is heerlik!" sê hy, "ek hou gewoonlik nie van eiers nie, maar hierdie eiers proe anders!" "Hierdie eiers kom van ons eie hoenders!" verduidelik Rhulani. | Ek kan **aflei** dat vars eiers van Ouma se hoenders, anders proe as die eiers wat hulle by die winkel verkoop. |
| Na slaaptyd, sit Ouma alleen. Sy dink aan al die ekstra eiers op die werf. Sy dink aan die eierslym aan Rhulani se voet. Sy dink hoe volgepak eiers met proteïene is. Sy dink aan wat Dakola gesê het. Skielik, het sy 'n idee. | Ek **wonder** wat haar idee is? |
| Toe Rhulani die volgende middag na skool by die huis kom, kry hy vir Ouma op die werf met 'n hammer, spykers, afval hout en metaal en 'n ou blik verf.<br>"Wat maak jy?" vra hy.<br>"Ek bou 'n hoenderhok vir ons hoenders. Ons gaan nie meer ekstra eiers hê wat rondlê op die werf nie, want ons gaan 'n besigheid begin om hulle te verkoop! As ons die hoenders die hele oggend in die hoenderhok hou, sal hulle hulle eiers binne lê." | Ek kan **aflei** dat Ouma se idee is om 'n besigheid te begin, want hulle het meer eiers as wat hulle kan gebruik. |
| "Ons het 'n uithangbord nodig sodat mense kan weet dat ons eiers te koop het!" sê Rhulani. Rhulani neem 'n stuk hout van die hoop af en maak die verfblik oop. "Moenie vergeet om te skryf dat eiers gepak is met proteïene nie!" sê Ouma. Toe maak hy sy uithangbord*: Heerlike, vars eiers te koop! Gepak met gesonde proteïene*<br>Hy verf 'n hoender en eiers op die uithangbord sodat dit mense se oog sal vang. | Ek kan **aflei** dat Rhulani dink die eierbesigheid is 'n goeie idee, want hy wil help! |
| Teen die tyd dat Rudzani by die huis kom na skool, is die hoenderhok klaar. Ouma en Rhulani sit die uithangbord op. | Ek kan **aflei** dat Rudzani ook dink die eierbesigheid is 'n goeie idee, want sy wil ook help! |

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| "Ons begin 'n eierbesigheid!" sê Rhulani vir sy suster.<br>"Hierdie uithangbord is mooi, maar net mense wat verbyloop sal dit sien. Ek sal pamflette strooibiljet maak wat ons vir mense kan gee!" sê sy.<br>Sy neem 'n stapel papiere en haar kryte. Sy spandeer die res van die aand om pragtige pamflette te ontwerp.<br>"Moenie vergeet om te adverteer dat eiers vol proteïene is nie!" sê Ouma. | |
| "Ek weet van nog 'n manier waarop ons die eiers kan adverteer," sê Ouma. "Mnr. Tshivase praat met almal. Ek sal vir hom eiers gee, dan kan hy die nuus versprei!" "Moenie vergeet om vir hom te sê dat eiers vol proteïene is nie!" sê Rhulani soos Ouma by die deur uitloop. | -- |
| 'n Paar dae later is daar 'n klop aan die deur. Dit is Dakalo se ma. "Ek hoor jy verkoop eiers," sê sy, "Dakola sê ek moet eerder jou eiers koop in plaas van die winkel se eiers! Ek sal 'n dosyn neem, asseblief!" Sy hou haar geld uit. | Ek kan **aflei** dat Dakola se ma hul eerste klant is! |
| Nadat sy weg is, vra Rhulani vir Ouma wat hulle met die geld gaan doen. "Wel, ek dink ons moet ons besigheid uitbrei," sê Ouma. "Kom ons spaar en koop saad sodat ons groente kan verkoop wat vol gesonde vitamiene is. Watter tipe groente sal jy graag wil plant?" | Ek kan **aflei** dat Ouma daarvan hou om 'n besigheid te hê, want sy wil hê hul besigheid moet groei en hulle moet meer as net eiers verkoop! |



| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Waarop het Rhulani getrap? | Hy het op 'n eier in hulle werf getrap. |
| Wat het Rhulani op die uithangbord geskryf? | Hy het: *Heerlike, vars eiers te koop! Gepak met gesonde proteïene* op sy uithangbord geskryf. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Rhulani se ouma besluit om met 'n eierbesigheid te begin? | • Omdat hulle te veel eiers gehad het om self te gebruik.<br>• Omdat hulle besef het hulle mors eiers.<br>• Omdat Dakalo gesê het hoe heerlik hulle eiers is.<br>• Omdat hulle geweet het baie mense in hulle gemeenskap kan voordeel trek uit hulle vars, gesonde eiers. |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 6** het.
2. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- vars
- ontwerp
- strooibiljet

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Om gesond te eet is belangrik want jy kort brandstof vir jou lyf | *Maak asof jy eet* |
| Soetgoed en gemorskos smaak dalk vorentoe maar dit is nie die beste brandstof vir 'n lyfie wat wil klim en klouter | *Maak of jy klim en klouter* |
| So wees gewaarsku! | *Waai jou wysvinger* |
| Eet gesond! | *Maak asof jy eet* |
| Of bly 'n klein kabouter! | *Wys met jou hand die hoogte van iemand baie Kleiner as jy.* |

### KREATIEWE STORIE VERTEL (TWEEDE WEEK VAN DIE TEMA)

1 Verdeel leerders in hul klein groepe
2 Gee aan elkeen 'n afskrif van die kreatiewe storievertel prentjies.
3 Sê aan die leerders om te dink aan 'n storie wat pas by die prentjies.
4 Gee aan die leerders 'n minuut of twee om aan idees te dink.
5 Nou moet elke leerder in die groep 'n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.
6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
7 Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.
8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.



## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Stel Nuwe Woorde Bekend

**STEL KLANK BEKEND**

1. Sê die klank en hou die flitskaart op: **/u/**
2. Sê die klank en gee opdrag aan die leerders om dit 3 x te herhaal
3. Vra aan die leerders : Kan julle dink aan ’n woord waarin **/u/** voorkom?
4. Hou ’n dinkskrum met die leerders bv: **brug, sluk, skuld**

**STEL NUWE WOORDE BEKEND**

1. Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys**: sus, mus, kus**
2. Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3. Vra leerders om die woorde te herhaal.
4. Plak die flitskaart van die woorde op die klankemuur.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________


Woorde: ______________________________

______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1. Leer leerders hoe om hoofletter(s) en kleinletter(s) korrek te vorm: **Uu**
2. Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
3. Sê dan aan leerders om met ’n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vinger.
4. Sê daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
5. Wys weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die swartbord.
6. Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
7. Leerders moet nou die teikenklank in enige woord / sin onderstreep.




**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Skryfwerk:

30 minute

### Publiseer en bied aan

**ONDERWERP:** Skryf oor 'n keer toe jy 'n nuwe tipe kos probeer het asook watter ander kos jy in die toekoms sal wil probeer.

**OPDRAG:** Skryf 2 paragrawe oor nuwe kos eet. Die eerste paragraaf moet in die verlede tyd geskryf word. Die tweede paragraaf moet in die toekomende tyd geskryf word.

**SKRYFRAAMWERK:**

Eenkeer het ek...probeer

Voordat ek dit probeer het...

Dit het...gesmaak.

Aan die einde...

**VOORBEREIDING:** Skryf die opstel wat jy Maandag geredigeer het op die swartbord voor die begin van die les.

## DEMONSTREER DIE PUBLISERINGSPROSES (EK DOEN)

1 Herinner die leerders dat hulle Maandag die redigering kontrolelys gebruik het om hulle werk te verbeter en reg te stel.
2 Sê aan die leerders dat hulle vandag hulle voltooide werk gaan publiseer en aan bied.
3 Wys aan die leerder hoe jy jou rofwerk / opstel herskryf, met die titel en die datum.

## LEERDERS VOLTOOI DIE REDIGERINGSPROSES (JY DOEN)

1 Deel leerders se boeke uit.
2 Vertel leerders om die datum en opskrif neer te skryf: **Probeer nuwe kossoorte**
3 Sê aan die leerders dat hulle, hulle finale skryfwerk sonder enige foute moet neer skryf.
4 Sê aan leerders dat hulle 'n prent kan teken indien hulle genoeg tyd het.
5 Terwyl leerders besig is om te skryf beweeg in die klas rond en help leerders wat sukkel.

## LEERDERS BIED HULLE SKRYFWERK AAN

1 In die laaste 5 minute van die les vertel leerders om hulle penne en potlode neer te sit en te luister.
2 Sê aan leerders om te **'draai en te praat'** en hulle skryfwerk vir hulle maat te lees.
3 Roep een of twee leerders na vore om hulle skryfwerk hardop vir die klas te lees.
4 Vertoon die leerders se werk ooral in die klas. Dit laat toe dat leerders mekaar se skryfwerk kan lees en met mekaar kan gesels oor wat hulle geskryf het terwyl hulle nuwe woordeskat gebruik.


Augustus, 12 2020.

Probeer nuwe kosse

Ek het eenkeer Chinese kos probeer eet.
Voordat ek dit geëet het, het ek gedink ek sal nie daarvan hou nie.
Dit het bros en soet geproe
Teen die einde het ek regtig daarvan gehou en wou ek meer hê.

Ek sal Italiaanse pasta probeer.
Ek dink dit sal romerig en lekker proe.
Ek sal dit probeer want dit is my vriend se gunsteling kos.
Ek hou daarvan om nuwe kosse te probeer eet, dit is opwindend om nuwe dinge te probeer

WEEK 6



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 6** het.
2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Segmentering En Vermenging

**EK DOEN...**

1 Begin met ’n woord van die Dinsdag les.
2 Sê die woord: **kis**
3 Verdeel die woord in individuele klanke: **/k/-/i/-/s/**
4 Sê die beginklank van die woord**: /k/**
5 Sê die middelklank van die woord: **/i/**
6 Sê die eindklank van die woord: **/s/**
7 Skryf die woord op die swartbord: **kis**
8 Demonstreer deur te wys en die klanke te vermeng om ’n nuwe woord te maak: **/k/-/u/-/s/** = **kis**
9 Herhaal dit met ’n woord van die Woensdagles: **kus**

**ONS DOEN...**

1 Begin met ’n woord van die Dinsdag les.
2 Sê die woord: **kam**
3 Vra die leerders: Wat is die beginklank in die woord? **/k/**
4 Vra die leerders: Wat is die middelklank in die woord? **/a/**
5 Vra die leerders: Wat is die eindklank in die woord? **/m/**
6 Vra die leerders om die woord in individuele klanke te segmenteer: **/k/-/a/-/m/**
7 Skryf die woord: **pit**
8 Gee opdrag aan die leerders om die klanke in die woord saam met jou te segmenteer: **/p/ /i/ /t/** = **pit**
9 Herhaal dit met ’n woord van die Woensdagles: **sus**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

# Gedeelde Lees:

15 minute

## Herhaalde Lees


**LEESSTRATEGIE: MAAK AFLEIDINGS**

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| **Vars eiers te koop**<br><br>Rhulani se ouma het so baie hoenders. Ouma se hoenders lê so baie eiers. "Eiers is vol proteïene!" s Ouma altyd. Elke oggend, eet Rhulani en sy suster Rudzani, eiers vir ontbyt. Soms, eet hulle selfs pap en eiers vir aandete. Steeds, was daar altyd eiers weggesteek op die werf. | Ek kan **aflei** dat ouma vir haar kleinkinders eiers gee om te eet, want sy weet dit is gesond. |
| Een dag, terwyl Rhulani en sy vriend Dakalo rondhardloop, trap Rhulani per ongeluk op 'n eier. "Ga!" roep Rhulani uit toe hy sy voet optel en die slymerige gebreekte eier aan sy skoen sien hang. Toe Rhulani vir Ouma sy slymmerige skoen wys, lag sy. "Daardie simpel hoenders lê soveel eiers!" sê sy. | Ek kan **aflei** dat Ouma se hoenders 'n oorvloed gesonde eiers lê! |
| Daardie aand bly, Dakola vir aandete.<br><br>Ouma gee vir hulle pap en eiers.<br><br>"Eiers is vol proteïene om julle sterk te maak!" sê sy soos sy die borde aangee.<br><br>Dakola wag vir 'n oomblik. Dan neem hy langtand 'n hap. "Hierdie eiers is heerlik!" sê hy, "ek hou gewoonlik nie van eiers nie, maar hierdie eiers proe anders!" "Hierdie eiers kom van ons eie hoenders!" verduidelik Rhulani. | -- |
| Na slaaptyd, sit Ouma alleen. Sy dink aan al die ekstra eiers op die werf. Sy dink aan die eierslym aan Rhulani se voet. Sy dink hoe volgepak eiers met proteïene is. Sy dink aan wat Dakola gesê het. Skielik, het sy 'n idee. | Ek kan **aflei** dat Rhulani wat op die ekstra eier getrap het en Dakalo wat mal was oor haar eiers, Ouma diep laat nadink het oor al haar ekstra eiers! |
| Toe Rhulani die volgende middag na skool by die huis kom, kry hy vir Ouma op die werf met 'n hammer, spykers, afval hout en metaal en 'n ou blik verf.<br><br>"Wat maak jy?" vra hy.<br><br>"Ek bou 'n hoenderhok vir ons hoenders. Ons gaan nie meer ekstra eiers hê wat rondlê op die werf nie, want ons gaan 'n besigheid begin om hulle te verkoop! As ons die hoenders die hele oggend in die hoenderhok hou, sal hulle hulle eiers binne lê." | Ek kan **aflei** dat Ouma nie wil aanhou om haar heerlike gesonde eiers te mors nie, want sy het besluit om 'n verandering te maak! |

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| "Ons het 'n uithangbord nodig sodat mense kan weet dat ons eiers te koop het!" sê Rhulani. Rhulani neem 'n stuk hout van die hoop af en maak die verfblik oop. "Moenie vergeet om te skryf dat eiers gepak is met proteïene nie!" sê Ouma. Toe maak hy sy uithangbord*: Heerlike, vars eiers te koop! Gepak met gesonde proteïene*<br><br>Hy verf 'n hoender en eiers op die uithangbord sodat dit mense se oog sal vang. | Ek kan **aflei** dat Rhulani opgewonde moet wees oor Ouma se goeie idee, want hy maak 'n uithangbord om te help om die eiers te verkoop. |
| Teen die tyd dat Rudzani by die huis kom na skool, is die hoenderhok klaar. Ouma en Rhulani sit die uithangbord op.<br><br>"Ons begin 'n eierbesigheid!" sê Rhulani vir sy suster.<br><br>"Hierdie uithangbord is mooi, maar net mense wat verbyloop sal dit sien. Ek sal pamflette maak wat ons vir mense kan gee!" sê sy.<br><br>Sy neem 'n stapel papiere en haar kryte. Sy spandeer die res van die aand om pragtige pamflette te ontwerp.<br><br>"Moenie vergeet om te adverteer dat eiers vol proteïene is nie!" sê Ouma. | Ek kan **aflei** dat Rudzani ook opgewonde moet wees oor Ouma se nuwe besigheid, want sy spandeer soveel tyd om pamflette te maak. |
| "Ek weet van nog 'n manier waarop ons die eiers kan adverteer," sê Ouma. "Mnr. Tshivase praat met almal. Ek sal vir hom eiers gee, dan kan hy die nuus versprei!" "Moenie vergeet om vir hom te sê dat eiers vol proteïene is nie!" sê Rhulani soos Ouma by die deur uitloop. | Ek kan **aflei** dat dit goed is om 'n nuwe besigheid op soveel as moontlik maniere te adverteer, want ouma wil ook die nuus versprei, selfs al het Rhulani 'n uithangbord en Rudzani pamflette gemaak. |
| 'n Paar dae later is daar 'n klop aan die deur. Dit is Dakalo se ma. "Ek hoor jy verkoop eiers," sê sy, "Dakola sê ek moet eerder jou eiers koop in plaas van die winkel se eiers! Ek sal 'n dosyn neem, asseblief!" Sy hou haar geld uit. | Ek kan **aflei** dat al hul advertensies oor gesonde eiers begin om te werk, want hulle het 'n klant na net 'n paar dae. |
| Nadat sy weg is, vra Rhulani vir Ouma wat hulle met die geld gaan doen. "Wel, ek dink ons moet ons besigheid uitbrei," sê Ouma. "Kom ons spaar en koop saad sodat ons groente kan verkoop wat vol gesonde vitamiene is. Watter tipe groente sal jy graag wil plant?" | Ek kan **aflei** dat om met een besigheid te begin, kan jy geld maak om nog een te begin! |

WEEK 6

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| --- | --- |
| Hoe kan ons aflei dat Rhulani en Rudzani van Ouma se idee hou? | • Omdat hulle beide haar wil help om die besigheid te begin.<br>• Omdat hulle beide tyd spandeer om haar te help om haar nuwe besigheid te adverteer. |
| Hoe het Rhulani, Rudzani en Ouma hul besigheid adverteer? | Hulle het 'n uithangbord en pamflette gemaak en mense vertel. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Dakalo se ma kom eiers koop? | • Omdat Dakalo van die vars, gesonde eiers van Ouma se hoenders hou.<br>• Omdat Ouma 'n besigheid begin het om haar ekstra eiers te verkoop.<br>• Omdat al die advertensies gewerk het! |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 6** het.
2. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - entrepreneur
   - besigheid
   - kliënt

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Om gesond te eet is belangrik, want jy kort brandstof vir jou lyf | *Maak asof jy eet* |
| Soetgoed en gemorskos smaak dalk vorentoe, maar dit is nie die beste brandstof vir 'n lyfie wat wil klim en klouter | *Maak of jy klim en klouter* |
| So wees gewaarsku! | *Waai jou wysvinger* |
| Eet gesond! | *Maak asof jy eet* |
| Of bly 'n klein kabouter! | *Wys met jou hand die hoogte van iemand baie Kleiner as jy.* |



### BESPREKING VAN GEDEELDE LEES TEKS

1 Skryf die besprekingsraamwerk op die swartbord:
In die storie ....
Ek dink Rhulani is...want...
Ek dink dat die storie geskryf is om my te leer dat...
2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepe.**
4 Sê aan die leerders dat elkeen 'n beurt moet neem om elke besprekingsvraag te antwoord.
5 Kry die hele klas se aandag.
6 Vra aan verskillende leerders, of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Woordsoek

Skryf die tabel op die swartbord van vorige klanke wat geleer is, sowel as die klanke geleer op Dinsdag en Woensdag. .

| | | |
|---|---|---|
| **k** | **u** | **a** |
| **s** | **t** | **p** |
| **n** | **o** | **m** |
| **d** | **i** | **g** |

**DEMONSTRASIE**

1 Herinner leerders aan die klanke van die week: **/k/**en **/u/**
2 Hersien al die klanke en samevoegings op die swartbord.
3 Gee leerders 3 minute om soveel as moontlik woorde wat hulle kan te maak deur die klanke en vermengings hierbo te gebruik.
4 Wys aan leerders hoe om 'n woord te maak deur die teikenklank te gebruik: **/k/-/a/-/m/= kam**
5 Herinner leerders dat hulle woorde kan maak deur enige klank te gebruik – hulle hoef nie net **/k/** of **/u/** te gebruik nie.
6 Wys leerders hoe om 'n ander woord te maak bv: **/m/-/a/-/t/ = mat**

**LEERDERS DOEN...**

1 Sê aan leerders om hulle boeke oop te maak en die Handskrif te skryf: **k, u**
2 Gee opdrag aan die leerders om te begin skryf.
3 Gee leerders 3 minute om soveel woorde as wat hulle kan, te vind en te bou.
4 Laat leerders toe om hulle eie werk te korrigeer.
5 Wys leerders hoe om hierdie woorde te bou (en ander): **kap, kis, kam, sus, mus, kus, sin, pit, sit, gom, sog, dag, mat, mas, mot, dan, dam, das, nat, pan, sap, son, pot, sop, pas, pap, tas**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

## Gedeelde Lees:


15 minute

## Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP**

**MONDELINGE OF GESKREWE OPSOMMING VAN DIE STORIE**

1. Verduidelik aan die leerders dat ons vandag aan die mees belangrike dele van die teks gaan dink.
2. Ons sal ook dink oor wat ons met die geld sal koop as ons Rhulani was.
3. Skryf die opsommingsraam op die swartbord.
4. Gee opdrag aan die leerders dat hulle die raam moet gebruik om die vraag te beantwoord:
   **Die storie handel oor...**
   **Ek het daarvan gehou...**
   **Ek dink Rhulani en sy Ouma moet...koop.**
5. Verduidelik aan die leerders dat hulle nie alles wat in die teks geskryf is kan oor vertel nie. Hulle moet die mees belangrikste dele uitsoek.
6. Demonstreer jou voorbeeld vir die leerders. Sê: ***Die storie handel oor*** *Rhulani en sy gesin wat hulle eie eier besigheid begin.* ***Ek het daarvan gehou*** *dat elkeen van hulle 'n rol gespeel het in die begin van die besigheid.* ***Ek dink Rhulani en sy Ouma moet*** *perskepitte* ***koop*** *sodat hulle perskebome kan plant.*
7. Wys aan die leerders die prente van die Grootboek storie.
8. Gee leerders 'n paar minute om oor die teks te dink.
9. Gee opdrag aan die leerders om **'te draai en te praat'** en hulle eie opsomming met 'n maat te deel. ***(Hulle moet nie dit wat die onderwyser gesê het memoriseer en herhaal nie. Dit moet die leerders se eie idees wees!)***
10. Kry die leerders se aandag.
11. Vra 1–2 leerders om hulle opsommings met die klas te deel.
12. Skep 'n klas opsomming, soos: ***Die storie handel oor*** *all die goed wat Rhulani se gesin gedoen het om hulle eier besigheid te begin.* ***Ons het daarvan gehou*** *dat Ouma, Rhulani en Rudzani so opgewonde was oor hulle nuwe besigheid.* ***Ons dink Rhulani en sy Ouma moet*** *verskillende groente saailinge* ***koop*** *sodat hulle vinniger groente kan kweek.*



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE: ____________________________**

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 6**.
2 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.



## Week-eind taal onderrig hersiening

15 minute

1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2 Voer die weeklikse taal-oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie aktiwiteit kombineer.
3 Onthou om die leerders toe te laat om om te 'Draai en Praat' en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
   a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   b **Watter stories het ons saam gelees?**
   c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

*Let wel: Hierdie proses van self-evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 2

## TERMYN 3

# Week 7

# TEMA:

## Bekommerd en Bang

## Voorbereiding Van Klaskamer

1. Aan die begin van die week maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Opdateer jou vertoonbord deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder en dit netjies en versigtig weg te bêre.
3. Volgende, berei die flitskaart woorde, tema woorde en illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
4. Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: prente van die leerders wat bekommerd of bang lyk; prente van goed wat ons bekommerd of bang laat voel.
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: maniere om kinders te help om hulle vrees en angs te beheer.
6. Maak seker dat alle leerders se Boeke / DBO Werkboeke netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.
8. Pas jou Groep Begeleide Lees groepe aan indien nodig.
9. Beplan jou formele en informele assesseringsaktiwiteite vir die week.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry of terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DBO Werkboek 2: Bladsy 30–34, Ons lees

**Aktiwiteit 2:** DBO Werkboek 2: Bladsy 36, Ons lees

**Aktiwiteit 3:** DBO Werkboek 2: Bladsy 37–39, Ons doen

**Aktiwiteit 4:** Teken ’n prent van iets wat jou bang laat voel.

# Maandag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### STEL DIE TEMA BEKEND: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1 Wys aan leerders die voorblad van die Grootboek storie: Zweli is bekommerd
2 Vertel aan leerders dat ons 'n nuwe tema begin: Bekommerd en Bang
3 Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
4 Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5 Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6 Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   a Wat laat jou bekommerd voel?
   b Wat laat jou bang voel?
   c Wie voel bekommerd?
   d Wie voel bang?

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - bekommerd
   - bekommer
   - bang

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Wanneer ek my bekommer | *Trek jou gesig op 'n plooi soos iemand wat hom bekommer* |
| Maak ek my oë toe en neem 'n diep asemteug | *Maak jou oë toe en sit jou hand op jou bors* |
| Ek trek my asem in | *Trek jou asem in* |
| Ek blaas my asem uit | *Blaas jou asem stadig uit* |
| En met elke asemteug laat vlieg ek my bekommer weg soos 'n brommer! | *Sit jou duim in die lug* |

WEEK 7

## Handskrif

15 minute

1 Vra die leerders moet hulle boeke oop maak.
2 Sê die volgende klanke/woorde sodat die leerders dit kan neerskryf.
   a **Kk Kk Kk...**
   b **Uu Uu Uu...**
   c **kap**
   d **kis**
   e **kam**
   f **sus**
   g **mus**
   h **kus**
3 Vra leerders om ’n gekleurde potleed te neem en hulle eie werk te merk.
4 Skryf die klanke en woorde duidelik op die bord..
5 Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: ______________________________________________

Woorde: ______________________________________________

______________________________________________________

Sin: _________________________________________________

______________________________________________________

## Gedeelde Lees:

15 minute

## Voorlees

### BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL

1 Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2 Maak die Grootboek oop by die storie: <u>Zweli is bekommerd</u>
3 Gaan deur die prente van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4 Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle ’n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5 Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6 Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan en Rofwerk/Opstel

**ONDERWERP:** Skryf oor 'n keer toe jy bekommerd of bang gevoel het.

**OPDRAG:** Skryf 2 paragrawe of 6–8 sinne wat bymekaar gesit gaan word vir 'n klasboek met die naam: Soms voel ons bekommerd en bang.

**BEPLANNINGSTRATEGIE:** Maak 'n lys

#### STEL DIE SKRYF ONDERWERP BEKEND

1 Wys aan leerders dat jy **dink voordat jy skryf.**
2 Verduidelik mondelings jou idees vir jou paragrawe soos:
*Ek het bekommerd gevoel toe my pa siek was. Hy was in die hospitaal. Ek het gedink hy gaan dalk sterf. Ek was elke dag bekommerd dat ek hom dalk nie weer gaan sien nie. Ek het nooit so bekommerd gevoel nie.*

#### DEMONSTREER DIE BEPLANNINGSTRATEGIE (EK DOEN)

1 Teken 'n beplannings raam aan die een kant van die swartbord.
2 Wys aan die leerders hoe jy die lys opstel deur die vrae te beantwoord.
3 Voltooi die lys op die ander kant van die swartbord.

| **Beplannings Vrae** | **Plan** |
|---|---|
| ***Paragraaf 1*** | ***Paragraaf 1*** |
| **1** Wat het jou bekommerd or bang laat voel?<br>**2** Waarom het jy bekommerd of bang gevoel?<br>**3** Waaroor het jy gedink toe jy bekommerd of bang gevoel het?<br>**4** Wat het jy gedink gaan dalk gebeur? | **1** My pa was siek. Hy was in die hospitaal.<br>**2** Ek was bekommerd om my pa so siek te sien.<br>**3** Ek het gedink dat ek my pa dalk nie weer sou sien nie.<br>**4** Ek het gedink dat hy dalk sou sterf. |
| ***Paragraaf 2*** | ***Paragraaf 2*** |
| **1** Wat het volgende gebeur?<br>**2** Wie of wat het jou kalmeer?<br>**3** Hoe het dit jou laat kalmeer?<br>**4** Wat het jou laat op hou om bekommerd of bang te voel?<br>**5** Hoe het dit gevoel om bekommerd of bang te wees? | **1** My pa het vir 'n paar dae in die hospitaal gebly vir behandeling. Hy het gesond geword.<br>**2** Toe my pa in die hospitaal was, het my ma en my suster my gekalmeer.<br>**3** Hulle het met my gesels en na my geluister.<br>**4** My pa het gesond geword en is uit die hospitaal onstlaan.<br>**5** Dit het sleg gevoel. |

**LEERDERS MAAK GEBRUIK VAN DUE BEPLANNINGSTRATEGIE (JY DOEN)**

1. Vertel leerders om hulle oë toe te maak en te dink aan <u>tyd toe hulle bekommerd of bang gevoel het.</u>
2. Sê aan leerders om te **draai en** met 'n **maat te praat** oor hulle eie idees.
3. Wys aan die leerders die breinkaart raam op die swartbord. Vertel leerders om die raam te gebruik om hulle skryfwerk te beplan net soos jy vir hulle gedemonstreer het.
4. Deel leerders se boeke uit.
5. Vertel leerders dat hulle hulle eie idees moet neerskryf – hulle moet nie die onderwyser se voorbeeld afskryf nie.
6. Terwyl leerders besig is om te skryf beweeg in die klas rond en hou mini konferensies.


<u>Plan</u>

<u>Paragraaf 1</u>

1. My broer het sy arm gebreek
2. Ek was bekommerd toe ek my broer sien huil het
3. Ek het gedink my broer se arm sal vir altyd seer wees
4. Ek het gedink hulle kan dit nie genees nie.

<u>Paragraaf 2</u>

1. My broer het 'n dokter gesien en moes 'n operasie aan sy arm ondergaan.
2. Terwyl my broer die operasie gehad het, het my ma en die verpleegster gehelp om my beter te laat voel
3. Hulle het verduidelik wat gaan gebeur en dat sy arm beter sal word.
4. My broer het 'n uitsonderlike verband op sy arm gehad en hy het my daarop laat skryf.
5. Dit het skrikkerig gevoel.accumsan lacus vel facilisis.



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 7** het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Bekendstelling Van Nuwe Klanke En Woorde

**BEKENDSTELLING VAN KLANK**

1 Sê die klank en hou die flitskaart op: **/e/**
2 Sê die klank en gee opdrag aan die leerders om dit 3 x te herhaal
3 Vra aan die leerders : Kan julle dink aan 'n woord waarin **/e/** voorkom?
4 Hou 'n dinkskrum met die leerders bv: **sebra, swem, spek**

**STEL NUWE WOORDE BEKEND**

1 Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys: **net, nek, pen**
2 Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3 Vra leerders om die woorde te herhaal.
4 Plak die flitskaart van die woorde op die klankemuur.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________


Woorde: ______________________________

______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skyf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1 Leer leerders om die hoofletter(s) en die kleinletter(s) te vorm: **Ee**
2 Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan aan linkshandige leerders.
3 Vra die leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe met hulle vingers te skryf.
4 Sê daarna aan die leerders om die letter(s) op hulle tafels met hulle vingers te skryf.
5 Wys weereens aan die leerders hoe om die letter(s) en woorde te vorm op die swartbord.
6 Leerders moet dan die klanke/woorde/sinne in hulle boeke afskryf.
7 Leerders moet nou die teikenklank in enige woord/sin onderstreep.




**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees: 15 Minute


### Aanvangslees

**BEGRIPSTRATEGIE: VISUALISEER**

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| **Zweli is bekommerd**<br>Zweli skrik wakker, hy voel dors. Die maan skyn nog helder buite sy venster. Hy hoor sy ma se stem in die kombuis.<br>"Ek wonder met wie praat mamma so laat?" wonder Zweli. Hy klim uit die bed en loer by sy deur uit.<br>"Ek is nie betaal nie," hoor hy sy ma sê.<br>"Agge nee," dink Zweli. "As mamma nie betaal is nie, hoe gaan ons kan eet?" | **Wat** het Zweli gehoor? Hy het gehoor sy ma sê sy is nie betaal nie. |
| Zweli klim terug in die bed. Hy maak sy oë toe, maar hy kan nie slaap nie. "As mamma nie betaal is nie, hoe gaan sy betaal vir al die goed wat ons nodig het?" dink Zweli bekommerd.<br>Zweli rol rond in sy bed. | **Hoekom** kan Zweli nie slaap nie? O, **ek lees** dat Zweli nie kan slaap nie, want hy lê en bekommer hom in sy bed! |
| Die oggend maak Zweli gereed vir skool. Hy trek sy trui aan. Hy kyk na die groot gat in sy mou.<br>"Hoe gaan ek ooit 'n nuwe trui kry?" dink Zweli bekommerd.<br>Zweli kyk af na sy skoene. Hulle druk hom 'n bietjie.<br>"Ek dink ek gaan binnekort nuwe skoene nodig hê," dink hy. "Hoe gaan ek ooit nuwe skoene kry as mamma nie betaal word nie?" dink hy bekommerd. | **Waaroor** is Zweli bekommerd? **Ek lees** dat Zweli bekommerd is dat sy ma nie vir hom 'n nuwe trui en skoene sal kan koop nie, want sy is nie betaal nie. |
| By die skool haal, Zweli sy potlood uit sy skooltas. Sy potlood is besig om klein te word.<br>"Een van die dae, gaan my potlood te klein wees om te gebruik!" dink hy. "Wat gaan ek maak as mamma nie vir my 'n nuwe potlood kan koop nie?" dink hy bekommerd | **Waaroor** is Zweli bekommerd? O, arme Zweli is bekommerd, want sy potlood is besig om baie klein te word! Hy is bekommerd dat sy ma nie 'n nuwe potlood vir hom sal kan koop nie, want sy is nie betaal nie. |

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Aan die einde van die dag, gee mnr. Maboya briewe vir sommige van die kinders.<br>“Hierdie briewe is vir julle ouers,” sê mnr. Manoya.<br>Zweli lees die opskrif: ”Skoolfonds”.<br>“Dit is amper die einde van die jaar!” sê mnr. Maboya. “Dink net, een van die dae gaan julle in ’n nuwe klas met ’n nuwe onderwyser wees.”<br>Die klok lui. | **Wat** het mnr. Maboya vir Zweli gegee? O, **ek lees** dat mnr. Maboya vir Zweli ’n brief gegee het om vir sy ma te neem! |
| Zweli loop huis toe.<br>“Hoe gaan mamma vir my skoolfonds betaal?” dink Zweli bekommerd. “Wat as ek nie volgende jaar kan skool toe gaan nie?” wonder hy.<br>Zweli is lief vir skool. Net die gedagte wil hom laat huil. | **Waaroor** is Zweli nou bekommerd? Zweli is bekommerd dat sy ma nie sy skoolfonds sal kan betaal nie. |
| Toe Zweli by die huis kom, gee hy die brief vir sy ma. “O, goed,” sê sy. “Ek is net vandag betaal.”<br>“Ek het gedink jy is nie betaal nie?” sê Zweli.<br>“Wanneer het jy dit gehoor?” vra Zweli se ma.<br>“Ek het jou op die foon hoor praat,” sê hy.<br>Zweli is bekommerd dat sy ma gaan kwaad wees.<br>“Zweli, ek is net ’n paar dae laat betaal,” verduidelik sy ma. | **Wanneer** is Zweli se ma betaal? **Ek lees** dat sy vandag betaal is! |
| Daardie aand, toe Zweli bed toe gaan, kom sy ma sy kamer binne. Sy sit haar hand op sy skouer.<br>“Zweli, ek sal vir jou sorg,” sê sy. “Jy moenie bekommerd wees nie. Jou werk is om hard te werk by die skool, jou goed op te pas en my te help in die huis. Gaan slaap nou.”<br>Toe gee Zweli se ma hom ’n soen.<br>Vir die eerste maal daardie dag, voel Zweli nie bekommerd nie. | **Wat** het Zweli se ma gesê moet hy hom oor bekommer? O! Zweli se ma wil nie hê hy moet hom bekommer nie. Sy wil hê hy moet hard werk en behulpsaam wees. |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Wie het op die telefoon gepraat? | Zweli se ma het op die telefoon gepraat. |
| Wat het Zweli sy ma hoor sê? | Hy het haar hoor sê dat sy nie betaal is nie. |
| Wat het mnr. Maboya vir sommige leerders gegee? | Hy het hulle 'n brief gegee wat sê "Skoolfonds". |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom is Zweli bekommerd? | • Zweli was bekommerd, want hy het gehoor sy ma sê sy is nie betaal nie.<br>• Hy was bekommerd, want sy ma betaal vir alles.<br>• Hy was bekommerd, dat hy nie 'n nuwe trui sou kon kry nie.<br>• Hy was bekommerd, want binnekort sou hy nuwe skoene nodig hê.<br>• Hy was bekommerd, want hy gaan 'n nuwe potlood nodig hê.<br>• Hy was bekommerd, want hy dink nie sy ma sal sy skoolfooie kan betaal nie.<br>• Hy was bekommerd dat hy nie sal kan skool toe gaan nie.<br>• Hy was bekommerd dat sy ma sal kwaad wees omdat hy na haar telefoongesprek geluister het. |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE: ____________________**

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 7** het.
2 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- troos
- vertrou
- gehoor

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Wanneer ek my bekommer | *Trek jou gesig op 'n plooi soos iemand wat hom bekommer* |
| Maak ek my oë toe en neem 'n diep asemteug | *Maak jou oë toe en sit jou hand op jou bors* |
| Ek trek my asem in | *Trek jou asem in* |
| Ek blaas my asem uit | *Blaas jou asem stadig uit* |
| En met elke asemteug laat vlieg ek my bekommer weg soos 'n brommer! | *Sit jou duim in die lug* |

### KREATIEWE STORIE VERTEL (EERSTE WEEK VAN DIE TEMA)



1 Verdeel leerders in hul klein groepe
2 Gee aan elkeen 'n afskrif van die kreatiewe storievertel prentjies.
3 Sê aan die leerders om te dink aan 'n storie wat pas by die prentjies.
4 Gee aan die leerders 'n minuut of twee om aan idees te dink.
5 Nou moet elke leerder in die groep 'n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.
6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
7 Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.
8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Stel Nuwe Woorde Bekend

**BEKENDSTELLING VAN KLANK**

1 Sê die klank en hou die flitskaart op: **/l/**
2 Sê die klank en gee opdrag aan die leerders om dit 3 x te herhaal
3 Vra aan die leerders : Kan julle dink aan ’n woord waarin **/l/** voorkom?
4 Hou ’n dinkskrum met die leerders bv: **leeu, bril, plek**

**STEL NUWE WOORDE BEKEND**

1 Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys**: lig, lip, los**
2 Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3 Vra leerders om die woorde te herhaal.
4 Plak die flitskaart van die woorde op die klankemuur.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________________________


Woorde: ______________________________________________

_______________________________________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1 Leer leerders hoe om hoofletter(s) en kleinletter(s) korrek te vorm: **Ll**
2 Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
3 Sê dan aan leerders om met ’n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vinger.
4 Sê daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
5 Wys weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die swartbord.
6 Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
7 Leerders moet nou die teikenklank in enige woord / sin onderstreep.



lig

lip

los

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

Sin: ____________________

____________________

## Skryfwerk:

30 minute

### Rofwerk / Opstel

**ONDERWERP:** Skryf oor 'n keer toe jy bekommerd of bang gevoel het.

**OPDRAG:** Skryf 2 paragrawe of 6–8 sinne wat bymekaar gesit gaan word vir 'n klasboek met die naam: Soms voel ons bekommerd en bang.

**SKRYFRAAMWERK:**

Ek het bekommerd / bang gevoel toe ... *(Skryf oor wat jou bekommerd of bang laat voel het).*

Ek het bekommerd / bang gevoel want... *(Verduidelik waarom jy bekommerd / bang gevoel het)*

Ek het gedink dat... *(Skryf waaroor jy gedink het)*

Aan die einde... *(Skryf oor wat volgende gebeur het)*

Ek het beter gevoel toe... *(Skryf oor wat jou beter laat voel het)*

Om bekommerd / bang te voel was... *(Skryf 'n afsluiting om jou ervaaring te beskryf)*

**VOORBEREIDING:** Skryf Maandag se plan op die swartbord voor die begin van die les.

## DEMONSTREER DIE SKRYFPROSES (EK DOEN)

1. Herinner leerders aan die plan wat jy Maandag opgestel het.
2. Lees deur jou plan wat op die swartbord geskryf is.
3. Lees die skryfraamwerk hardop vir die leerders.
4. Demonstreer hoe jy die skryfraamwerk voltooi met jou plan, soos:
   **Ek het bekommerd / bang gevoel toe** my pa siek was. Hy was so siek dat hy in die hospitaal opgeneem is. **Ek het bekommerd gevoel want** ek het gedink my pa sal dalk nooit onstlaan word nie. **Ek het gedink dat** hy dalk sal sterf.
   **Aan die einde** het my pa gesond geword en hy is uit die hospitaal ontslaan. **Ek het beter gevoel toe** my ma en my suster met my gesels het en na my geluister het. Dit het my gehelp om oor my gevoelens te praat. **Om bekommerd te voel was** 'n moeilike ervaring.

## LEERDERS VOLTOOI DIE SKRYFPROSES (JY DOEN)

1. Deel leerders se boeke uit.
2. Vertel leerders om die datum en opskrif neer te skryf: **My paragrawe:** Rofwerk / Opstel
3. Sê aan leerders om na die plan wat hulle Maandag voltooi het te blaai en aan hulle idees te dink.
4. Sê aan leerders om die skryfraamwerk te voltooi deur van hulle planne gebruik te maak.
5. Sê aan leerders dat hulle meer sinne kan byvoeg indien hulle genoeg tyd het.
6. Herinner leerders aan die strategieë wat hulle kan gebruik om hulle te help.
7. Terwyl leerders besig is om te skryf beweeg in die klas rond en help leerders wat sukkel.


Augustus, 19 2020

Partykeer voel ons bekommerd en bang

Ek het bekommerd/bang gevoel toe my broer sy arm gebreek het.
Ek was bekommerd/bang dat sy arm vir altyd gebreek sal wees.
ek het gedink die dokter sal nie sy arm kan genees nie.

Teen die nae het my broer n opera▯sie aan sy arm ondergan
Ek het beter gevoel toe my ma en die verpleegster aan my verduidelik het wat gaan gebeur en dat sy arm weer beter sal wees.
om bekommerd te voel is baie skrik▯kerig.

WEEK 7



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 7** het.
2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Segmentering En Vermenging

**EK DOEN...**

1 Begin met ’n woord van die Dinsdag les.
2 Sê die woord: **net**
3 Verdeel die woord in individuele klanke: **/n/-/e/-/t/**
4 Sê die beginklank van die woord**: /n/**
5 Sê die middelklank van die woord: **/e/**
6 Sê die eindklank van die woord: **/t/**
7 Skryf die woord op die swartbord: **net**
8 Demonstreer deur te wys en die klanke te vermeng om ’n nuwe woord te maak: **/n/-/e/-/k/** = **net**
9 Herhaal dit met ’n woord van die Woensdagles: **nek**

**ONS DOEN...**

1 Begin met ’n woord van die Dinsdag les.
2 Sê die woord: **pen**
3 Vra die leerders: Wat is die beginklank in die woord? **/p/**
4 Vra die leerders: Wat is die middelklank in die woord? **/e/**
5 Vra die leerders: Wat is die eindklank in die woord? **/n/**
6 Vra die leerders om die woord in individuele klanke te segmenteer: **/p/-/e/-/n/**
7 Skryf die woord: **pen**
8 Gee opdrag aan die leerders om die klanke in die woord saam met jou te segmenteer: **/p/-/e/-/n/** = **pen**
9 Herhaal dit met ’n woord van die Woensdagles: **pen**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

WEEK 7

# Gedeelde Lees: 15 minute


## Herhaalde Lees

### LEESSTRATEGIE: SOEK DIE TEKS

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| **Zweli is bekommerd**<br>Zweli skrik wakker, hy voel dors. Die maan skyn nog helder buite sy venster. Hy hoor sy ma se stem in die kombuis.<br>“Ek wonder met wie praat mamma so laat?” wonder Zweli. Hy klim uit die bed en loer by sy deur uit.<br>“Ek is nie betaal nie,” hoor hy sy ma sê.<br>“Agge nee,” dink Zweli. “As mamma nie betaal is nie, hoe gaan ons kan eet?” | **Wat** maak Zweli bekommerd? Hy hoor sy ma sê sy is nie betaal nie. Hy moet bekommerd wees hoe sy ma gaan betaal vir al die dinge wat hy nodig het sonder enige geld! |
| Zweli klim terug in die bed. Hy maak sy oë toe, maar hy kan nie slaap nie. “As mamma nie betaal is nie, hoe gaan sy betaal vir al die goed wat ons nodig het?” dink Zweli bekommerd.<br>Zweli rol rond in sy bed. | **Hoekom** rol Zweli rond in sy bed? Zweli moet seker ron rol, want hy is te bekommerd om te slaap. |
| Die oggend maak Zweli gereed vir skool. Hy trek sy trui aan. Hy kyk na die groot gat in sy mou.<br>“Hoe gaan ek ooit ’n nuwe trui kry?” dink Zweli bekommerd.<br>Zweli kyk af na sy skoene. Hulle druk hom ’n bietjie.<br>“Ek dink ek gaan binnekort nuwe skoene nodig hê,” dink hy. “Hoe gaan ek ooit nuwe skoene kry as mamma nie betaal word nie?” dink hy bekommerd. | **Hoekom** is Zweli bekommerd oor sy trui en sy skoene? Ek sien dat Zweli besig is om te groei en hy gaan binnekort ’n nuwe trui en skoene nodig hê. Hy moet bekommerd wees, want sy ma is die een wat vir hom nuwe goed koop wat hy nodig het, maar hy dink sy het nie geld nie! |
| By die skool haal, Zweli sy potlood uit sy skooltas. Sy potlood is besig om klein te word.<br>“Een van die dae, gaan my potlood te klein wees om te gebruik!” dink hy. “Wat gaan ek maak as mamma nie vir my ’n nuwe potlood kan koop nie?” dink hy bekommerd | **Hoekom** is Zweli bekommerd oor sy potlood? Zweli het ’n potlood nodig om te kan skryf. Hy moet bekommerd wees dat hy nie ’n nuwe potlood gaan kan kry wanneer hy dit nodig het nie! |

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Aan die einde van die dag, gee mnr. Maboya briewe vir sommige van die kinders.<br>"Hierdie briewe is vir julle ouers," sê mnr. Manoya.<br>Zweli lees die opskrif: "Skoolfonds".<br>"Dit is amper die einde van die jaar!" sê mnr. Maboya. "Dink net, een van die dae gaan julle in 'n nuwe klas met 'n nuwe onderwyser wees."<br>Die klok lui. | **-** |
| Zweli loop huis toe.<br>"Hoe gaan mamma vir my skoolfonds betaal?" dink Zweli bekommerd. "Wat as ek nie volgende jaar kan skool toe gaan nie?" wonder hy.<br>Zweli is lief vir skool. Net die gedagte wil hom laat huil. | **Hoekom** is Zweli bekommerd oor sy skoolfonds? O! Zweli is bekommerd dat hy dalk die skool sal moet verlaat as sy ma nie kan betaal nie. Hy dink aan die ergste dinge wat kan gebeur! |
| Toe Zweli by die huis kom, gee hy die brief vir sy ma. "O, goed," sê sy. "Ek is net vandag betaal."<br>"Ek het gedink jy is nie betaal nie?" sê Zweli.<br>"Wanneer het jy dit gehoor?" vra Zweli se ma.<br>"Ek het jou op die foon hoor praat," sê hy.<br>Zweli is bekommerd dat sy ma gaan kwaad wees.<br>"Zweli, ek is net 'n paar dae laat betaal," verduidelik sy ma. | **Hoekom** voel Zweli verras? Die hele dag lank was Zweli bekommerd, want hy het gehoor sy ma het gesê sy is nie betaal nie. Nou, vind hy uit sy is betaal! Daarom voel hy verras. |
| Daardie aand, toe Zweli bed toe gaan, kom sy ma sy kamer binne. Sy sit haar hand op sy skouer.<br>"Zweli, ek sal vir jou sorg," sê sy. "Jy moenie bekommerd wees nie. Jou werk is om hard te werk by die skool, jou goed op te pas en my te help in die huis. Gaan slaap nou."<br>Toe gee Zweli se ma hom 'n soen.<br>Vir die eerste maal daardie dag, voel Zweli nie bekommerd nie. | **Hoekom** is Zweli nie meer bekommerd nie? Zweli moet beter voel, want hy weet sy ma is betaal – dit was net laat! |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Hoekom het Zweli wakker geword? | Hy het wakker geword, want hy was dors. |
| Hoekom kon Zweli nie slaap nie? | Hy was bekommerd. Soms is dit moeilik om te slaap as jy bekommerd is. |
| Hoekom het Zweli se ma vir hom gesê "Ek sal vir jou sorg"? | Omdat sy wou hê Zweli moet ophou om hom te bekommer. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom was Zweli verras? | • Zweli was verras, want sy ma is betaal.<br>• Zweli was verras, want hy het gedink sy ma is nie betaal nie, maar toe is sy.<br>• Zweli was verras, want hy hoef nie bekommerd te wees dat sy ma nie sy skoolfonds kan betaal nie.<br>• Zweli was verras, want op die ou einde het hy niks gehad om oor bekommerd te wees nie. |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 7** het.
2. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - kalm
   - loer
   - rusteloos

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Wanneer ek my bekommer | *Trek jou gesig op 'n plooi soos iemand wat hom bekommer* |
| Maak ek my oë toe en neem 'n diep asemteug | *Maak jou oë toe en sit jou hand op jou bors* |
| Ek trek my asem in | *Trek jou asem in* |
| Ek blaas my asem uit | *Blaas jou asem stadig uit* |
| En met elke asemteug laat vlieg ek my bekommer weg soos 'n brommer! | *Sit jou duim in die lug* |

### BESPREKING VAN GEDEELDE LEES TEKS

1 Skryf die besprekingsraamwerk op die swartbord:
  In die storie...
  Die storie hou verband met die tema 'Bekommerd en Bang" want...
  Ek het net soos Zweli bekommerd gevoel toe...
2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepe.**
4 Sê aan die leerders dat elkeen 'n beurt moet neem om elke besprekingsvraag te antwoord.
5 Kry die hele klas se aandag.
6 Vra aan verskillende leerders, of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Woordsoek

Skryf die tabel op die swartbord van vorige klanke wat geleer is, sowel as die klanke geleer op Dinsdag en Woensdag. .

| | | |
|---|---|---|
| **e** | **l** | **a** |
| **s** | **t** | **p** |
| **n** | **o** | **m** |
| **d** | **i** | **g** |
| **k** | **u** | |

**DEMONSTRASIE**

1 Herinner leerders aan die klanke van die week: **/e/**en **/l/**
2 Hersien al die klanke en samevoegings op die swartbord.
3 Gee leerders 3 minute om soveel as moontlik woorde wat hulle kan te maak deur die klanke en vermengings hierbo te gebruik.
4 Wys aan leerders hoe om 'n woord te maak deur die teikenklank te gebruik: **/n/-/e/-/t/= net**
5 Herinner leerders dat hulle woorde kan maak deur enige klank te gebruik – hulle hoef nie net **/e/** of **/l/** te gebruik nie.
6 Wys leerders hoe om 'n ander woord te maak, bv: **/g/-/o/-/m/ = gom**

**LEERDERS DOEN…**

1 Sê aan leerders om hulle boeke oop te maak en die Handskrif te skryf: **e, l**
2 Gee opdrag aan die leerders om te begin skryf.
3 Gee leerders 3 minute om soveel woorde as wat hulle kan, te vind en te bou.
4 Laat leerders toe om hulle eie werk te korrigeer.
5 Wys leerders hoe om hierdie woorde te bou (en ander): **net, nek, pen, lig, lip, los, kap, kis, kam, sus, mus, kus, sin, pit, sit, gom, sog, dag, mat, mas, mot, dan, dam, das, nat, pan, sap, son, pot, sop, pas, pap, tas**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP VISUALISEER**

**ILLUSTREER DIE STORIE**

1 Laat die leerders by hulle banke gaan sit. Deel hulle boeke uit of ’n skoon vel papier. Hulle moet hulle potlode en kryte gereed hê.
2 **Verduidelik** aan die leerders dat hulle iets belangriks wat hulle visualiseer as hulle oor die storie dink **gaan teken en daaroor skryf**.
3 **Demonstreer** hoe jy **iets belangriks van die storie visualiseer** om oor te teken en te skryf, soos: *Zweli het gehoor toe sy ma op die foon praat. Wat hy gehoor het het hom bekommerd laat voel.*
4 Teken ’n prent op die swartbord van <u>Zweli wat bekommerd lyk terwyl hy luister hoe sy ma oor die foon praat.</u>
5 **Demonstreer** hoe jy ’n sin of twee by jou tekening byvoeg, soos: *Zweli luister na sy ma se telefoongesprek. Ek <u>**visualiseer**</u> hoe Zweli bekommerd lyk.*
6 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou <u>iets belangriks van die storie gaan **visualiseer** wanneer hulle oor die storie dink**.**</u>
7 Vertel die leerders om hul oë toe te maak en te ontspan. Lees die storie nog een keer vir die leerders.
8 Vertel die leerders om hulle oë oop te maak en hulle idees te teken.
9 Gee die leerders instruksie **om te draai en met ’n maat te praat** oor hul tekeninge.

## Groep Begeleide Lees 30 minute



**GROEPE: ___________________________**

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 7**.
2 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

## Week-eind taal onderrig hersiening 15 minute

1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2 Voer die weeklikse taal-oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie aktiwiteit kombineer.
3 Onthou om die leerders toe te laat om om te 'Draai en Praat' en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
   a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   b **Watter stories het ons saam gelees?**
   c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

*Let wel: Hierdie proses van self-evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 2

## TERMYN 3

# Week 8

# TEMA:

## Bekommerd en Bang

## Voorbereiding Van Klaskamer

1. Aan die begin van die week maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Opdateer jou vertoonborde deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder en dit netjies en versigtig weg te bêre.
3. Volgende, berei die flitskaart woorde, tema woorde en illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
4. Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: Leerders se tekeninge van goed wat hulle bekommerd of bang laat voel.
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Meditasie aktiwiteite wat kinders kan oefen om hulle te kalmeer.
6. Maak seker dat alle leerders se Boeke / DBO Werkboeke netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.
8. Pas jou Groep Begeleide Lees groepe aan indien nodig.
9. Beplan jou formele en informele assesseringsaktiwiteite vir die week.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry of terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DBO Werkboek 2: Bladsy 40, Ons skryf & Bladsy 41, Ons skryf

**Aktiwiteit 2:** DBO Werkboek 2: Bladsy 42 & 43, Ons doen

**Aktiwiteit 3:** DBO Werkboek 2: Bladsy 44 & 45, Ons lees

**Aktiwiteit 4:** Teken ’n prent van iets wat jou bekommerd laat voel.

# Maandag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### HERSIEN DIE TEMA BEKEND: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1. Wys aan leerders die prent van Khanani wat 'n masker dra in die Grootboek storie: Khanani se nuwe masker
2. Vertel aan leerders dat ons voortgaan met die tema: Bekommerd en Bang
3. Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
4. Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5. Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6. Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   - **a** Wat kan ons doen om onsself te kalmeer wanneer ons bekommerd voel?
   - **b** Wie troos ons as ons bang voel?
   - **c** Wat kan ons doen as ons bekommerd voel?
   - **d** Wat kan ons doen as ons bang voel?

### TEMA WOORDESKAT

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - gesigmasker
   - virus
   - pandemie

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Wanneer ek my bekommer | *Trek jou gesig op 'n plooi soos iemand wat hom bekommer* |
| Maak ek my oë toe en neem 'n diep asemteug | *Maak jou oë toe en sit jou hand op jou bors* |
| Ek trek my asem in | *Trek jou asem in* |
| Ek blaas my asem uit | *Blaas jou asem stadig uit* |
| En met elke asemteug laat vlieg ek my bekommer weg soos 'n brommer! | *Sit jou duim in die lug* |

WEEK 8

## Handskrif

15 minute

1. Vra die leerders moet hulle boeke oop maak.
2. Sê die volgende klanke/woorde sodat die leerders dit kan neerskryf.
   - a **Ee Ee Ee...**
   - b **Ll Ll Ll...**
   - c **net**
   - d **nek**
   - e **pen**
   - f **lig**
   - g **lip**
   - h **los**
3. Vra leerders om 'n gekleurde potleed te neem en hulle eie werk te merk.
4. Skryf die klanke en woorde duidelik op die bord..
5. Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees:

15 minute

### Voorlees

#### BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL

1. Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2. Maak die Grootboek oop by die storie: **Khanani se nuwe masker**
3. Gaan deur die prente van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4. Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5. Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6. Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.

## Skryfwerk: 30 minute

### Redigeer

**ONDERWERP:** Skryf oor 'n keer toe jy bekommerd of bang gevoel het.

**OPDRAG:** Skryf 2 paragrawe of 6–8 sinne wat bymekaar gesit gaan word vir 'n klasboek met die naam: Soms voel ons bekommerd en bang.

**VOORBEREIDING:**

- Skryf die redigerings kontrolelys op die swartbord voor die les begin.
- Skryf jou rofwerk/opstel op die swartbord voor die begin van die les. Sluit een of twee foute in.

**REDIGERING KONTROLELYS:**

1. Het ek ook 'n keer geskryf toe ek bekommerd of bang gevoel het?
2. Het ekdie verlede tyd gebruik?
3. Het ek ten minste 6 sinne geskryf?
4. Het ek al die woorde reg gespel?
5. Begin elke sin met 'n hoofletter?
6. Eindig elke sin met die regte leesteken?

#### DEMONSTREER DIE REDIGERINGSPROSES (EK DOEN)

1. Lees die redigering kontrolelys hardop vir die leerders.
2. Lees jou rofwerk/opstel haardop vir die leerders.
3. Werk deur die kontrolelys, wys aan die leerders waar jou rofwerk/opstel regs is, of waar jy verbeterings of regstellings moet maak.
4. Demonstreer die regstellingsproses vir die leerders.

#### LEERDERS VOLTOOI DIE REDIGERINGSPROSES (JY DOEN)


1. Deel leerders se boeke uit.
2. Sê aan leerders om na hulle rofwerk / opstel van die skryfopdrag te blaai.
3. Sê aan leerders om deur die redigering kontrolelys te werk en verbeterings of regstellings te maak.
4. Terwyl leerders besig is om te skryf beweeg in die klas rond en hou mini konferensies – maak seker jy werk saam met 'n verskillende groep leerders vir elke skryfopdrag.
5. Maak 'n nota van enige algemene foute wat leerders maak in hulle skryfwerk.
6. Kry die leerders se aandag en skryf die algemene foute op die swartbord neer.
7. Wys vir die leerders hoe om die foute reg te stel.

Augustus, 19 2020

Partykeer voel ons bekommerd en bang

Ek het bekommerd/bang gevoel toe my broer sy arm gebreek het. Ek was bekommerd/bang dat sy arm vir altyd gebreek sal wees. ek het gedink die dokter sal nie sy arm kan genees nie.

Teen die nde het my broer n operasie aan sy arm ondergan Ek het beter gevoel toe my ma en die verpleegster aan my verduelik het wat gaan gebeur en dat sy arm weer beter sal wees. Om bekommerd te voel is baie skrikkerig.



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 8** het.
2. Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Bekendstelling Van Nuwe Klanke En Woorde

**BEKENDSTELLING VAN KLANK**

1 Sê die klank en hou die flitskaart op: **/b/**
2 Sê die klank en gee opdrag aan die leerders om dit 3 x te herhaal
3 Vra aan die leerders : Kan julle dink aan 'n woord waarin **/b/** voorkom?
4 Hou 'n dinkskrum met die leerders bv: **blaar, bank, berg**

**STEL NUWE WOORDE BEKEND**

1 Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys: **bak, bel, bes**
2 Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3 Vra leerders om die woorde te herhaal.
4 Plak die flitskaart van die woorde op die klankemuur.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________


Woorde: ______________________________

______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skyf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1 Leer leerders om die hoofletter(s) en die kleinletter(s) te vorm: **Bb**
2 Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan aan linkshandige leerders.
3 Vra die leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe met hulle vingers te skryf.
4 Sê daarna aan die leerders om die letter(s) op hulle tafels met hulle vingers te skryf.
5 Wys weereens aan die leerders hoe om die letter(s) en woorde te vorm op die swartbord.
6 Leerders moet dan die klanke/woorde/sinne in hulle boeke afskryf.
7 Leerders moet nou die teikenklank in enige woord/sin onderstreep.




**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees: 15 Minute

### Aanvangslees


**BEGRIPSTRATEGIE: MAAK AFLEIDINGS**

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| **Khanani se nuwe masker**<br><br>Khanani en haar ma klim in die taxi. Gewoonlik moet Khanani op haar ma se skoot, of ingedruk tussen die ander passasiers sit, maar vandag is die taxi nie vol nie. Khanani sien dat sommige van die mense in die taxi gesigmaskers dra. Khanani dink hulle lyk nogal skrikwekkend. | Ek **lei af** dat Khanani nie gewoond is daaraan om mense met gesigmaskers te sien nie. Soms kan dinge waaraan ons nie gewoond is nie ons bang maak. |

| **Teks** | **Aanvangslees (Dink hardop)** |
| --- | --- |
| Khanani en haar ma loop na die winkel. Hulle moet in 'n lang ry wag. Toe hulle uiteindelik by die deur is, is daar 'n man met 'n masker en 'n spuitbottel. Khanani dink hy lyk nogal skrikwekkend. | -- |
| Khanani trek aan haar ma se mou. "Wat is dit?" vra sy.<br><br>"Dit is handreiniger," sê haar ma en hou haar hande uit. Die man met die masker spuit handreiniger op haar ma se hande. Toe kyk hy na Khanani. Khanani hou haar hande versigtig uit en die man spuit ook haar hande. | Ek **lei af** dat daar nie gewoonlik iemand met handreiniger by die winkel is nie. Soms, maak nuwe goed ons bang. |
| Soos Khanani en haar ma deur die winkel loop, sien sy dat die meeste mense gesigmaskers dra. Sy het nog nooit vantevore mense sien gesigmaskers dra nie, so hoekom dra soveel mense dit vandag, het sy gewonder. | Ek **lei af** dat Khanani nie verstaan hoekom mense gesigmaskers dra nie. Soms maak dinge wat ons nie verstaan nie ons bang. |
| Oppad huis toe, vra Khanani haar ma oor die maskers. "Mamma, hoekom het soveel mense vandag daardie maskers gedra?"<br><br>"Ek is nie seker nie," antwoord haar ma, "ek dink hulle lyk nogal skrikkerig!"<br><br>Khanani was bly dat haar ma met haar saamgestem het. Tog, was sy verward. Sy wens haar ma het geweet wat die rede is vir al die maskers. | Selfs Khanani se ma dink die maskers maak mens bang! Ek **lei af** dat grootmense ook bang kan wees vir dinge wat hulle nie verstaan nie – nie net kinders nie. |
| Later daardie middag is Khanani buite besig om in die sand te teken, toe sy sien hoe 'n man met 'n gesigmaskers na haar toe loop. Sy dink hy lyk skrikwekkend. Sy hardloop huis toe.<br><br>Khanani stop toe sy hoor iemand roep haar naam. Sy draai om en kyk rond. Die enigste mens wat sy sien is die man wat haar bangemaak het met sy masker. Hy kom al hoe nader. Khanani sien sy bekende kierie en ou bruin skoene. "O! Hallo, mnr. Maluka! Ek het nie besef dit is jy met daardie skrikkerige masker op nie!" giggel sy. | Ek **lei af** dat een van die redes hoekom 'n masker mens bangmaak, is dat jy nie so maklik kan sien wie dit dra nie! |

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Khanani hardloop na mnr. Maluka om hom teen sy stoep op te help, maar hy hou sy hand uit en sê, "Stop hier! Jy weet ons moet ons afstand van mekaar af hou terwyl daar 'n virus is wat versprei – om mekaar veilig te hou," sê hy.<br>"Hoekom dra jy nie 'n masker nie?" vra mnr. Maluka ernstig.<br>"Ek?" vra Khanani verward.<br>"Ja, ek dra 'n masker om jou teen kieme te beskerm, jy moet ook een dra om my teen jou te beskerm!" sê hy.<br>"Ek het nie geweet nie!" erken Khanani. "Waar moet ek een kry?"<br>"Wag hier," sê mnr. Maluka en hy loop na sy huis. | O! Khanani verstaan uiteindelik hoekom mense maskers dra – om hulself en ander teen kieme te beskerm! Ek **lei af** dat hierdie maskers haar nie meer so bang gaan maak noudat sy dit weet nie. |
| Mnr. Maluka kom terug van sy huis af met 'n sakdoek en twee rekkies. Hy gaan sit op sy stoep en wys Khanani hoe om die sakdoek te vou met die rekkies om 'n gesigmasker te maak. | -- |
| "Hier is skoon sakdoeke en rekkies vir jou en jou ma," sê mnr. Maluka en sit dit op die stoep neer vir Khanani. "Julle moet dit albei dra wanneer julle uitgaan. Ek beskerm julle en julle beskerm my!"<br>Toe mnr. Maluka in sy huis ingaan, gaan haal Khanani die sakdoeke en rekkies.<br>"Mamma," sê sy, "ek moet vir jou iets belangrik wys! Ek het mnr. Maluka gesien en hy het 'n gesigmasker gedra om ons te beskerm. Hy sê ons moet maskers dra om te help om hom ook te beskerm!" | Ek **wonder** of Khanani en haar ma gesigmaskers gaan dra wanneer hulle weer winkel toe gaan? |
| Khanani wys haar ma hoe om die sakdoek te vou met rekkies om 'n gesigmasker te maak, net soos mnr. Maluka gedoen het. Toe, wys sy haar ma hoe om die gesigmasker aan te sit. | -- |
| Khanani en haar ma kyk in die spieël. Khanani dink hoe haar nuwe masker gaan help om mnr. Maluka en al die ander bure te beskerm. Sy besluit gesigmaskers maak haar eintlik nie meer so bang nie. | Ek **lei af** dat Khanani gesigmaskers nou beter verstaan, so nou maak hulle haar nie meer bang nie! |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| Wie het Khanani van maskers geleer? | Khanani se buurman, mnr. Maluka, het haar van maskers geleer. |
| Wat het mnr. Maluka vir Khanani gegee? | Hy het vir haar rekkies en sakdoeke gegee om haar eie masker te maak. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Khanani weggehardloop toe sy mnr. Maluka sien? | • Omdat sy nie geweet het dit is mnr. Maluka nie.<br>• Omdat mnr. Maluka ’n masker gedra het en Khanani hom nie herken het nie.<br>• Omdat Khanani gedink het mense met maskers is skrikwekkend.<br>• Omdat Khanani gedink het dit was ’n vreemdeling met ’n skrikkerige masker. |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 8** het.
2. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- handontsmettingsmiddel
- sproei
- herken
- beskerm

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Wanneer ek my bekommer | *Trek jou gesig op 'n plooi soos iemand wat hom bekommer* |
| Maak ek my oë toe en neem 'n diep asemteug | *Maak jou oë toe en sit jou hand op jou bors* |
| Ek trek my asem in | *Trek jou asem in* |
| Ek blaas my asem uit | *Blaas jou asem stadig uit* |
| En met elke asemteug laat vlieg ek my bekommer weg soos 'n brommer! | *Sit jou duim in die lug* |

### KREATIEWE STORIE VERTEL (TWEEDE WEEK VAN DIE TEMA)

1 Verdeel leerders in hul klein groepe
2 Gee aan elkeen 'n afskrif van die kreatiewe storievertel prentjies.
3 Sê aan die leerders om te dink aan 'n storie wat pas by die prentjies.
4 Gee aan die leerders 'n minuut of twee om aan idees te dink.
5 Nou moet elke leerder in die groep 'n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.
6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
7 Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.
8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.



WEEK 8

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Stel Nuwe Woorde Bekend

#### STEL KLANK BEKEND

1. Sê die klank en hou die flitskaart op: **/h/**
2. Sê die klank en gee opdrag aan die leerders om dit 3 x te herhaal
3. Vra aan die leerders : Kan julle dink aan ’n woord waarin **/h/** voorkom?
4. Hou ’n dinkskrum met die leerders bv: **hart, help, haan**

#### STEL NUWE WOORDE BEKEND

1. Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys**: hek, hak, hen**
2. Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3. Vra leerders om die woorde te herhaal.
4. Plak die flitskaart van die woorde op die klankemuur.

#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ____________________


Woorde: ____________________

____________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1. Leer leerders hoe om hoofletter(s) en kleinletter(s) korrek te vorm: **Hh**
2. Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
3. Sê dan aan leerders om met ’n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vinger.
4. Sê daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
5. Wys weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die swartbord.
6. Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
7. Leerders moet nou die teikenklank in enige woord / sin <u>onderstreep</u>.



hek

hak

hen

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________________________

Woorde: ______________________________________________

______________________________________________________

Sin: _________________________________________________

______________________________________________________

## Skryfwerk: 30 minute

### Publiseer en bied aan

**ONDERWERP:** Skryf oor 'n keer toe jy bekommerd of bang gevoel het.

**OPDRAG:** Skryf 2 paragrawe of 6–8 sinne wat bymekaar gesit gaan word vir 'n klasboek met die naam: Soms voel ons bekommerd en bang.

**SKRYFRAAMWERK:**

Ek het bekommerd / bang gevoel toe ... *(Skryf oor wat jou bekommerd of bang laat voel het).*

Ek het bekommerd / bang gevoel want... *(Verduidelik waarom jy bekommerd / bang gevoel het)*

Ek het gedink dat... *(Skryf waaroor jy gedink het)*

Aan die einde... *(Skryf oor wat volgende gebeur het)*

Ek het beter gevoel toe... *(Skryf oor wat jou beter laat voel het)*

Om bekommerd / bang te voel was... *(Skryf 'n afsluiting om jou ervaaring te beskryf)*

**VOORBEREIDING:** Skryf die opstel wat jy Maandag geredigeer het op die swartbord voor die begin van die les.

## DEMONSTREER DIE PUBLISERINGSPROSES (EK DOEN)

1 Herinner die leerders dat hulle Maandag die redigering kontrolelys gebruik het om hulle werk te verbeter en reg te stel.
2 Sê aan die leerders dat hulle vandag hulle voltooide werk gaan publiseer en aan bied.
3 Wys aan die leerder hoe jy jou rofwerk / opstel herskryf met die titel en die datum.

## LEERDERS VOLTOOI DIE REDIGERINGSPROSES (JY DOEN)

1 Deel leerders se boeke uit.
2 Vertel leerders om die datum en opskrif neer te skryf: **Die keer toe ek bekommerd / bang gevoel het**
3 Sê aan leerders dat hulle, hulle finale skryfwerk sonder enige foute moet neer skryf.
4 Sê aan leerders dat hulle ’n prent kan teken indien hulle genoeg tyd het.
5 Terwyl leerders besig is om te skryf beweeg in die klas rond en help leerders wat sukkel.

## LEERDERS BIED HULLE SKRYFWERK AAN


1 In die laaste 5 minute van die les vertel leerders om hulle penne en potlode neer te sit en te luister.
2 Sê aan leerders om te **‘draai en te praat’** en hulle skryfwerk vir hulle maat te lees.
3 Roep een of twee leerders na vore om hulle skryfwerk hardop vir die klas te lees.
4 Stel al die leerders se werk in ’n klasboek saam. Plaas die boek in die leeshoekie vir die leerders om te lees.

Augustus, 27 2020

Partykeer voel ons bekommerd en bang

Ek het bekommerd/bang gevoel toe my broer sy arm gebreek het.
Ek was bekommerd/bang dat sy arm vir altyd gebreek sal wees.
Ek het gedink die dokter sal nie sy arm kan genees nie.

Teen die einde het my broer 'n operasie aan sy arm ondergaan.
Ek het beter gevoel toe my ma en die verpleegster aan my verduidelik het wat gaan gebeur en dat sy arm weer beter sal wees.
Om bekommerd te voel is baie skrikkerig.



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 8** het.
2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Segmentering En Vermenging

**EK DOEN…**

1 Begin met 'n woord van die Dinsdag les.
2 Sê die woord: **bel**
3 Verdeel die woord in individuele klanke: **/b/-/e/-/l/**
4 Sê die beginklank van die woord**: /b/**
5 Sê die middelklank van die woord: **/e/**
6 Sê die eindklank van die woord: **/l/**
7 Skryf die woord op die swartbord: **bel**
8 Demonstreer deur te wys en die klanke te vermeng om 'n nuwe woord te maak: **/b/**-/**e**/-/**s**/ = **bes**
9 Herhaal dit met 'n woord van die Woensdagles: **hen**

**ONS DOEN…**

1 Begin met 'n woord van die Dinsdag les.
2 Sê die woord: **bes**
3 Vra die leerders: Wat is die beginklank in die woord? **/b/**
4 Vra die leerders: Wat is die middelklank in die woord? **/e/**
5 Vra die leerders: Wat is die eindklank in die woord? **/s/**
6 Vra die leerders om die woord in individuele klanke te segmenteer: **/b/-/e/-/s/**
7 Skryf die woord: **bes**
8 Gee opdrag aan die leerders om die klanke in die woord saam met jou te segmenteer: **/b/**-/**e**/-/**s**/ = **bes**
9 Herhaal dit met 'n woord van die Woensdagles: **hak**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

## Gedeelde Lees: 15 minute


### Herhaalde Lees

**LEESSTRATEGIE: MAAK AFLEIDINGS**

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| **’n Verhaal van drie troues**<br><br>Hannah, Zodwa en Lerisha het saam onder die groot akkerboom gesit en hulle middagete geëet.<br><br>“Ek het die naweek ’n troue bygewoon!” het Hannah aangekondig. “Dit was so mooi! Die bruid het ’n wit rok en ’n sluier gedra. Eendag wil ek in net so ’n sluier trou!” | Ek het geleer dat tradisies dikwels spesiale betekenis kan dra. Ek **wonder** hoekom bruide in hierdie kultuur sluiers dra? Ek **wonder** of daar ’n spesiale rede is vir ’n bruid om ’n sluier te dra? |
| “My ouer suster het verlede jaar getrou,” het Zodwa geantwoord, “maar sy het nie ’n wit rok gedra nie.” Sy het ’n pragtige, kleurvolle kombers en baie krale gedra. As ek ooit trou, wil ek ook ’n kombers en krale dra, net soos my suster. Sommige mense in my kultuur het ook ’n tweede troue. Dan dra hulle ’n wit rok. Miskien sal ek beide hê wanneer ek trou.” | Ek **wonder** hoekom die bruid ’n kombers dra? Miskien as ’n bruid ’n kombers dra, beteken dit iets spesiaal? |
| “Ek was een keer by my niggie se troue in Durban,”het Lerisha gesê. “Sy het nie ’n wit sluier, kombers of krale gedra nie. Sy het ’n helderrooi sari gedra en haar hande was versier met mehndi. As ek trou, wil ek ook ’n helderrooi sari dra, net soos sy!”<br><br>“O! Ek het nie geweet dat daar verskillende klere by troues aangetrek word nie,” het Hannah ingedagte gesê. | Ek **wonder** hoekom bruide in hierdie kultuur rooi dra? Ek dink as ’n bruid ’n rooi sari dra, beteken dit iets speisiaal. |
| “My gunsteling deel van my suster se troue was dat my ma en al die ander getroude vrouens pragtige, kleurvolle gekraalde hooftooisels gedra het,” sê Zodwa. | Ek **wonder** wat beteken die tradisie? Dikwels, hou tradisies spesiale betekenis. |
| “Niemand het hooftooisels by die troue wat ek bygewoon het aangetrek nie,” het Lerisha geantwoord. “My gunsteling deel was toe my niggie en haar man hande vasgehou het en in sirkels om ’n klein vuur geloop het,” het sy gesê. | Ek **wonder** hoekom hulle om ’n vuur loop? Ek **wonder** wat die betekenis hiervan is? |

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| "By die troue wat ek bygewoon het, het al die mans Yarmulkes op hul koppe gedra. Die vrouens het niks op hulle koppe gedra nie! Dit was nie my gunsteling deel nie. My gunsteling oomblik was toe die bruidegom op 'n glas getrap het om dit te breek!" het Hannah gesê.<br><br>"Ek het nie besef dat verskillende mense verskillende goed by troues doen nie," het Zodwa ingedagte gesê. | Ek **wonder** hoekom die bruidegom op die glas trap? Ek **wonder** wat die betekenis hiervan is?<br><br>Hierdie storie maak my so nuuskierig oor al die verskillende tradisies by troues! |
| "Die kos by my niggie se troue was heerlik. Daar was 'n groot buffet met kerrie en rys en samoesas. Dit is my gunsteling kos!" het Lerisha vertel. | O! Ek weet dat verskillende kulture verskillende kos bedien. Ek **wonder** of spesiale kos altyd deel van 'n troue is? |
| "Ons het nie kerrie of samoesas by die troue wat ek bygewoon het gehad om te eet nie. Daar was 'n groot troukoek wat met blomme versier was. Die bruid en die bruidegom het die koek gesny en koek op mekaar se gesigte gesmeer. Dit was so snaaks," het Hannah laggend gesê. | Ek **wonder** wat dit beteken om by 'n troue mekaar koek te voer? |
| "O, dit klink soos pret! Daar was nie kerrie, samoesas of koek by my suster se troue nie," het Zodwa gesê. "My ooms het 'n bees geslag. Toe het ons vleis en pap geëet en sorghummelk gedrink. Dit was heerlik."<br><br>"Ek het nooit daaraan gedink dat verskillende mense verskillende kos by troues eet nie," het Lerisha in gedagte gesê. | Ek **wonder** hoekom daar 'n bees geslag word? Ek **wonder** wat die betekenis van hierdie tradisie is? |
| "Dit was nou pret," het Hannah gesê. "Ek is mal daaroor om van verskillende tradisies te leer."<br><br>"O! Volgende week is dit Diwali, die fees van ligte," het Lerisha vertel. "Hoekom kom julle nie na my huis toe om oor te slaap nie?"<br><br>Die drie meisies het gelukkig klas toe gestap, terwyl hulle aan al die tradisies wat hulle kon deel gedink het. | Ek **wonder** hoe ek meer kan leer oor die betekenis van troutradisies? Miskien as ek op die internet navorsing doen, sal ek meer kan leer? |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Hoe het Khanani gevoel wanneer sy mense met maskers sien? | Sy het bang gevoel. |
| Kan jy dink aan 'n keer wat jy bang gevoel omdat jy iets nie verstaan het nie? | |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoe kan ons aflei dat hierdie storie oor die 2020 Coronavirus gaan? | • Omdat gedurende die pandemie, is taxis nie toegelaat om te vol te wees nie.<br>• Omdat gedurende die pandemie, is mense gevra om maskers te dra.<br>• Omdat gedurende die pandemie, is nie almal op dieselfde tyd in die winkel toegelaat nie – daar was 'n ry om in te gaan.<br>• Omdat gedurende die pandemie, moes mense gereeld hulle hande skoon maak. Daar was mense met handreiniger by die deur van elke winkel.<br>• Omdat gedurende die pandemie, was daar baie nuwe reëls. |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 8** het.
2. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- sakdoek
- afstand
- opmerk

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Wanneer ek my bekommer | *Trek jou gesig op 'n plooi soos iemand wat hom bekommer* |
| Maak ek my oë toe en neem 'n diep asemteug | *Maak jou oë toe en sit jou hand op jou bors* |
| Ek trek my asem in | *Trek jou asem in* |
| Ek blaas my asem uit | *Blaas jou asem stadig uit* |
| En met elke asemteug laat vlieg ek my bekommer weg soos 'n brommer! | *Sit jou duim in die lug* |

### BESPREKING VAN GEDEELDE LEES TEKS

1 Skryf die besprekingsraamwerk op die swartbord:
In die storie ....
Die storie hou verband met die tema 'Bekommerd en Bang' want...
Die eerste keer dat ek 'n persoon met 'n masker gesien het, het ek...
2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepe.**
4 Sê aan die leerders dat elkeen 'n beurt moet neem om elke besprekingsvraag te antwoord.
5 Kry die hele klas se aandag.
6 Vra aan verskillende leerders, of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Woordsoek

Skryf die tabel op die swartbord van vorige klanke wat geleer is, sowel as die klanke geleer op Dinsdag en Woensdag.

| | | |
|---|---|---|
| **b** | **h** | **a** |
| **s** | **t** | **p** |
| **n** | **o** | **m** |
| **e** | **i** | **l** |
| **k** | **u** | |

**DEMONSTRASIE**

1. Herinner leerders aan die klanke van die week: **/b/**en **/h/**
2. Hersien al die klanke en samevoegings op die swartbord.
3. Gee leerders 3 minute om soveel as moontlik woorde wat hulle kan te maak deur die klanke en vermengings hierbo te gebruik.
4. Wys aan leerders hoe om 'n woord te maak deur die teikenklank te gebruik: **/b/-/a/-/k/= bak**
5. Herinner leerders dat hulle woorde kan maak deur enige klank te gebruik – hulle hoef nie net **/b/** of **/h/** te gebruik nie.
6. Wys leerders hoe om 'n ander woord te maak, bv: **/n/-/e/-/t/** = **net**

**LEERDERS DOEN...**

1. Sê aan leerders om hulle boeke oop te maak en die Handskrif te skryf: **b, h**
2. Gee opdrag aan die leerders om te begin skryf.
3. Gee leerders 3 minute om soveel woorde as wat hulle kan, te vind en te bou.
4. Laat leerders toe om hulle eie werk te korrigeer.
5. Wys leerders hoe om hierdie woorde te bou (en ander): **bak, bel, bes, hek, hak, hen, net, nek, pen, lig, lip, los, kap, kis, kam, sus, mus, kus, sin, pit, sit, mat, mas, mot, nat, pan, sap, son, pot, sop, pas, pap, tas**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

## Gedeelde Lees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP**

**MONDELINGE OF GESKREWE OPSOMMING VAN DIE STORIE**

1. Verduidelik aan die leerders dat ons vandag aan die mees belangrike dele van die teks gaan dink.
2. Skryf die opsommingsraam op die swartbord.
3. Gee opdrag aan die leerders dat hulle die raam moet gebruik om die vraag te beantwoord:
   **Die storie handel oor...** (2–3 sinne)
   **Ek het daarvan gehou...**
   **Ek het geleer dat dit belangrik is om 'n masker te dra want...**
4. Verduidelik aan die leerders dat hulle nie alles wat in die teks geskryf is kan oor vertel nie. Hulle moet die mees belangrikste dele uitsoek.
5. Demonstreer jou voorbeeld vir die leerders. Sê: ***Die storie handel oor*** *die eerste keer dat Khanani mense gesien het wat maskers dra asook die eerste keer dat sy self 'n masker gedr het.* ***Ek het daarvan gehou*** *dat Khanani haar eie masker gemaak het.* ***Ek het geleer dat dit belangrik is om 'n masker te dra want*** *dit beskerm ander mense teen ons kieme.*
6. Wys aan die leerders die prente van die Grootboek storie.
7. Gee leerders 'n paar minute om oor die teks te dink.
8. Gee opdrag aan die leerders om **'te draai en te praat'** en hulle eie opsomming met 'n maat te deel. ***(Hulle moet nie dit wat die onderwyser gesê het memoriseer en herhaal nie. Dit moet die leerders se eie idees wees!)***
9. Kry die leerders se aandag.
10. Vra 1–2 leerders om hulle opsommings met die klas te deel.
11. Skep 'n klas opsomming, soos: ***Die storie handel oor*** *die eerste keer dat Khanani 'n masker dra.* ***Ons het daarvan gehou*** *dat Khanani haar ma gewys het hoe om 'n masker te maak net soos Mnr Maluka vir haar gewys het.* ***Ons het geleer dat dit belangrik is om 'n masker te dra want*** *dit beskerm ander mense teen ons kieme.*

WEEK 8



## Groep Begeleide Lees 30 minute

**GROEPE: ______________________**

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 8**.
2. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.



## Week-eind taal onderrig hersiening 15 minute

1. Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2. Voer die weeklikse taal-oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie aktiwiteit kombineer.
3. Onthou om die leerders toe te laat om om te ‘Draai en Praat’ en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan ’n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4. Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
   - a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   - b **Watter stories het ons saam gelees?**
   - c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   - d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   - e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   - f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   - g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   - h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5. Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

*Let wel: Hierdie proses van self-evaluasie en refleksie is ’n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 2

## TERMYN 3

# Week 9

# TEMA:

## Ander Plekke

## Voorbereiding Van Klaskamer

1 Aan die begin van die week maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2 Opdateer jou vertoonbord deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder en dit netjies en versigtig weg te bêre.
3 Volgende, berei die flitskaart woorde, tema woorde en illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
4 Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind byvoorbeeld: prente or pskaarte van ander plekke, reisbrosjures, prente van gewilde reisbestemmings in Suid-Afrika – soos Tafelberg, die Kruger Wildtuin.
5 Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: redes waarom mense reis.
6 Maak seker dat alle leerders se Boeke / DBO Werkboeke netjies gebêre is waar hulle hoort.
7 Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.
8 Pas jou Groep Begeleide Lees groepe aan indien nodig.
9 Beplan jou formele en informele assesseringsaktiwiteite vir die week.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry of terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DBO Werkboek 2: Bladsy 46 & 47, Ons doen

**Aktiwiteit 2:** DBO Werkboek 2: Bladsy 48, Ons lees & Bladsy 49, Ons skryf

**Aktiwiteit 3:** DBO Werkboek 2: Bladsy 50 & 51, Ons doen

**Aktiwiteit 4:** Teken 'n prent van 'n plek waarvan jy hou om te besoek.

# Maandag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### STEL DIE TEMA BEKEND: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1 Wys aan leerders die voorblad van die Grootboek storie: Die wintervakansie
2 Vertel aan leerders dat ons 'n nuwe tema begin: Ander Plekke
3 Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
4 Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5 Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6 Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   a Waar woon ons?
   b Watter lande grens aan Suid-Afrika?
   c Van watter ander plekke is jy bewus van?

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - land
   - reis
   - besoek
   - poskaart

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Ons gaan met vakansie, vakansie, vakansie<br>Ons gaan met vakansie na die see! | *Maak asof jy 'n stuurwiel vashou en ry* |
| Ons gaan swem, swem, swem<br>Ons gaan swem in die see! | *Maak asof jy swem* |
| Daarna gaan ons roomys eet, roomys eet, roomys eet<br>Ons gaan daarna roomys eet by die see! | *Maak asof jy 'n roomys vashou en dit lek* |

## Handskrif

15 minute

1. Vra die leerders moet hulle boeke oop maak.
2. Sê die volgende klanke/woorde sodat die leerders dit kan neerskryf.
   a **Bb Bb Bb...**
   b **Hh Hh Hh...**
   c **bak**
   d **bel**
   e **bes**
   f **hek**
   g **hak**
   h **hen**
3. Vra leerders om ’n gekleurde potleed te neem en hulle eie werk te merk.
4. Skryf die klanke en woorde duidelik op die bord..
5. Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees:

15 minute

## Voorlees

### BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL

1. Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2. Maak die Grootboek oop by die storie: <u>Die wintervakansie</u>
3. Gaan deur die prente van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4. Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle ’n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5. Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6. Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan en Rofwerk/Opstel

**ONDERWERP:** Verbeel jou jy besoek 'n verafgeleë plek. Skryf 'n poskaart aan jou geliefde waarin jy hulle van jou reis te vertel. Gebruik jou verbeelding.

**OPDRAG:** Skryf 'n brief wat uit 6–8 sinne bestaan.

**BEPLANNINGSTRATEGIE:** Maak 'n lys

#### STEL DIE SKRYF ONDERWERP BEKEND

1 Wys aan leerders dat jy **dink voordat jy skryf.**
2 Verduidelik mondelings jou idees vir 'n poskaart soos:
*Daar is soveel wonderlike plekke wat ek graag wil besoek maar ek weet ek kan slegs een kies...Ek dink ek sal kies om die piramides in Egipte te gaan besoek want ek dink dit sal baie interessant wees.*

#### DEMONSTREER DIE BEPLANNINGSTRATEGIE (EK DOEN)

1 Teken 'n beplannings raam aan die een kant van die swartbord.
2 Wys aan die leerders hoe jy die lys opstel deur die vrae te beantwoord.
3 Voltooi die lys op die ander kant van die swartbord.

| **Beplannings Vrae** | **Plan** |
|---|---|
| **1** Vir wie gaan jy skryf? | **1** My vriend Pieter |
| **2** Watter bestemming het jy gekies? | **2** Die piramides in Egipte |
| **3** Wat is interessant oor die bestemming? | **3** Dek dink die piramides is interessant want hulle is baie groot en oud. Die piramides is raaiselagtig want on sweet nie hoe hulle gebou is nie. |
| **4** Wat sou jy doen as jy die plek kon besoek? | **4** Ek sou op 'n kameel se rug ry en binne in die piramides gaan kyk. |
| **5** Hoe dink jy sal jy voel as jy die plek besoek? | **5** Verbaas, gelukkig, beïndruk |
| **6** Hoekom skryf jy vir die persoon? | **6** Ek wens hy kon saam kom |


#### LEERDERS MAAK GEBRUIK VAN DUE BEPLANNINGSTRATEGIE (JY DOEN)

1 Vertel leerders om hulle oë toe te maak en te dink aan 'n bestemming wat hulle graag wil besoek.
2 Sê aan leerders om **te draai** en met 'n maat **te praat** oor hulle eie idees.
3 Wys aan die leerders die breinkaart raam op die swartbord. Vertel leerders om die raam te gebruik om hulle skryfwerk te beplan, net soos jy vir hulle gedemonstreer het.
4 Deel leerders se boeke uit.

5 Vertel leerders dat hulle hulle eie idees moet neerskryf – hulle moet nie die onderwyser se voorbeeld afskryf nie.
6 Terwyl leerders besig is om te skryf beweeg in die klas rond en hou mini konferensies.

Plan

1. My vriendin Rachel
2. Sun City
3. Sun City het baie glybane en 'n strand
4. Ek sal by al die glybane afgaan, in die sand speel en swem
5. Opgewonde en bly
6. Ek wens sy kan saam met my kom.



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 9** het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Bekendstelling Van Nuwe Klanke En Woorde

#### BEKENDSTELLING VAN KLANK

1. Sê die klank en hou die flitskaart op: **/y/**
2. Sê die klank en gee opdrag aan die leerders om dit 3 x te herhaal
3. Vra aan die leerders : Kan julle dink aan ’n woord waarin **/y/** voorkom?
4. Hou ’n dinkskrum met die leerders bv: **ys, lys, kryt**

#### STEL NUWE WOORDE BEKEND

1. Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys: **sy, hy, my, rym**
2. Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3. Vra leerders om die woorde te herhaal.
4. Plak die flitskaart van die woorde op die klankemuur.

#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skyf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1. Leer leerders om die hoofletter(s) en die kleinletter(s) te vorm: **Yy**
2. Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan aan linkshandige leerders.
3. Vra die leerders om met ’n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe met hulle vingers te skryf.
4. Sê daarna aan die leerders om die letter(s) op hulle tafels met hulle vingers te skryf.
5. Wys weereens aan die leerders hoe om die letter(s) en woorde te vorm op die swartbord.
6. Leerders moet dan die klanke/woorde/sinne in hulle boeke afskryf.
7. Leerders moet nou die teikenklank in enige woord/sin onderstreep.




**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees: 15 Minute


### Aanvangslees

**BEGRIPSTRATEGIE: MAAK VERBINDINGS**

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| **Die wintervakansie**<br>Môre sal die eerste dag terug by die skool wees na die wintervakansie. Zweli poets sy skoene. Hy pak sy skooltas. Zweli kan nie wag dat die dag moet aanbreek nie. | Wanneer ek opgewonde is, kry ek ook myself vroeg gereed, **net soos** Zweli. |
| Die oggend hardloop Zweli skool toe.<br>Toe hy daar aankom sien hy vir Simone op die swaaie.<br>"Hi Zweli! Waarheen het jy die vakansie gegaan?" vra sy hom<br>"Ek het by die huis gebly," sê Zweli. "Waarheen het jy gegaan?"<br>"Ek het vir my tannie in Maputo gaan kuier," sê sy. "Was jy al ooit daar?" "Nee," sê Zweli. "Hoe is dit?"<br>"Daar is hoë geboue," sê sy. "Die strand is baie naby! Ek het selfs die see gesien!"<br>"Wow!" sê Zweli. "Ek wil ook gaan." | Kyk na die strand! Dit is pragtig. Ek wil eerder strand toe gaan as om by die huis te bly! |
| Toe kom Tafadzwa aangehardloop na die swaaie. "Hallo julle!" sê hy.<br>"Waar was jy die vakansie?" vra Zweli.<br>"Ek was Zimbabwe toe," sê Tafadzwa. "Ek het vir my ouma gaan kuier. Ons het ver met die bus gery. Ons het na die groot watervalle gaan kyk," sê hy. "Hulle word die Victoria Watervalle genome!"<br>"Wow!" sê Zweli. "Ek wil ook gaan." | Wow, ek het nog nooit sulke watervalle gesien nie! Ek wil eerder na sulke groot watervalle toe gaan as om by die huis te bly! |
| Uiteindelik kom Ayanda na die swaaie, sy dra 'n nuwe rugsak. "Kyk ek het hierdie nuwe sak in Johannesburg gekry," sê sy. "Daar is so baie winkels daar!" sê sy. "Daar is groot winkelsentrums!"<br>"Wow!" sê Zweli. "Ek wil ook gaan." | Om na 'n winkelsentrum te gaan klink opwindend. Ek sal eerder na 'n winkelsentrum gaan as om by die huis te bly! |

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Zweli voel nie meer so goed om terug te wees by die skool nie. “Ek wens ek kon iewers nuuts gaan,” dink Zweli. “Al wat ek gedoen het was om by die huis te bly.” Die klok lui.<br><br>Dit was tyd vir Kreatiewe Skryfwerk. “Vandag gaan ons skryf oor wat ons die vakansie gedoen het!” sê mnr. Maboya.<br><br>Zweli is ontsteld. “Waaroor kan ek skryf? Ek wil nie hê iemand moet my vervelige skryfwerk sien nie,” dink hy. | Al die dinge wat Zweli se vriende gedoen het klink meer opwindend as om tuis te gebly het! As ek Zweli was, sou ek gewens het ek was ook êrens nuut en opwindend soos al sy vriende. |
| Mnr. Maboya wys die leerders wat om te doen, Hy teken homself op die bord. Hy vertel die leerders van sy vakansie. “Ek het by die huis gebly en baie boeke gelees,” sê mnr. Maboya. “Ek het nuwe tamaties in my tuin geplant. Ek het tyd saam met my familie spandeer,” sê hy.<br><br>“Mnr. Maboya het by die huis gebly, net soos ek!” dink Zweli. | O! Mnr. Maboya herinner my aan al die dinge wat ek by die huis wil doen. Ek is mal daaroor om te ontspan en tyd met my familie te spandeer. Dit is dalk nie so opwindend nie, maar dit bly my gunsteling ding om te doen! |
| Toe sê mnr. Maboya, die leerders moet dink oor hulle vakansies. Zweli maak sy oë toe. Hy dink hoe hy by sy ma gesit en lees het. Hy dink hoe hy ure saam met sy klein sussie geteken het. Hy dink aan die dag toe sy ouer broer huis toe gekom het en saam met hom sokker gespeel het. | Ek sien mnr.Maboya **herinner** Zweli dat hy steeds ’n lekker vakansie gehad het, al het hy nie iets nuuts en opwindends gedoen nie! |
| Aan die einde van hul skryfwerk vra mnr. Maboya wie hulle storie wil deel. Zweli se hand is eerste in die lug. | - |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| Waarheen het Simone gegaan vir die wintervakansie? | Sy het Mosambiek toe gegaan. |
| Waarheen het Tafadzwa gegaan vir die wintervakansie? | Hy het Zimbabwe toe gegaan. Hy het na die Victoria Watervalle gegaan. |
| Waarheen het Ayanda gegaan vir die wintervakansie? | Sy het Johannesburg toe gegaan. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Kan jy ’n **verband** sien? Hoe sal jy voel as al jou vriende na opwindende plekke gaan vir die vakansies? | • Ek dink ek sal …… voel.<br>• As my vriende weggegaan het, sal ek … gevoel het. |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 9** het.
2 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

WEEK 9

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- vakansie
- waterval
- strand
- oseaan

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Ons gaan met vakansie, vakansie, vakansie<br>Ons gaan met vakansie na die see! | *Maak asof jy 'n stuurwiel vashou en ry* |
| Ons gaan swem, swem, swem<br>Ons gaan swem in die see! | *Maak asof jy swem* |
| Daarna gaan ons roomys eet, roomys eet, roomys eet<br>Ons gaan daarna roomys eet by die see! | *Maak asof jy 'n roomys vashou en dit lek* |

### KREATIEWE STORIE VERTEL (EERSTE WEEK VAN DIE TEMA)

1 Verdeel leerders in hul klein groepe
2 Gee aan elkeen 'n afskrif van die kreatiewe storievertel prentjies.
3 Sê aan die leerders om te dink aan 'n storie wat pas by die prentjies.
4 Gee aan die leerders 'n minuut of twee om aan idees te dink.
5 Nou moet elke leerder in die groep 'n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.
6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
7 Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.
8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.



## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Stel nuwe klanke en woorde bekend

**BEKENDSTELLING VAN KLANK**

1. Sê die klank en hou die flitskaart op: **/r/**
2. Sê die klank en gee opdrag aan die leerders om dit 3 x te herhaal
3. Vra aan die leerders : Kan julle dink aan 'n woord waarin **/r/** voorkom?
4. Hou 'n dinkskrum met die leerders bv: **rooi, blaar, praat**

**STEL NUWE WOORDE BEKEND**

1. Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys**: rot, ram, rug, rek**
2. Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3. Vra leerders om die woorde te herhaal.
4. Plak die flitskaart van die woorde op die klankemuur.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________


Woorde: ______________________________

______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1. Leer leerders hoe om hoofletter(s) en kleinletter(s) korrek te vorm: **Rr**
2. Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
3. Sê dan aan leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vinger.
4. Sê daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
5. Wys weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die swartbord.
6. Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
7. Leerders moet nou die teikenklank in enige woord / sin onderstreep.



rot

ram

rug

rek

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Skryfwerk: 30 minute

### Rofwerk / Opstel

**ONDERWERP:** Verbeel jou jy besoek 'n verafgeleë plek. Skryf 'n poskaart aan jou geliefde waarin jy hulle van jou reis te vertel. Gebruik jou verbeelding.

**OPDRAG:** Skryf 'n brief wat uit 6–8 sinne bestaan.

**SKRYFRAAMWERK:**

Liewe...

Ek skryf vanaf...

I het... gesien

Het jy geweet dat...

Ek het kans gekry om...

Ek voel...

Ek wens...

Liefde

....

**VOORBEREIDING:** Skryf Maandag se plan op die swartbord voor die begin van die les.

#### DEMONSTREER DIE SKRYFPROSES (EK DOEN)

1. Herinner leerders aan die plan wat jy Maandag opgestel het.
2. Lees deur jou plan wat op die swartbord geskryf is.
3. Lees die skryfraamwerk hardop vir die leerders.
4. Demonstreer hoe jy die skryfraamwerk voltooi met jou plan, soos:
   Liewe Pieter
   **Ek skryf vanaf** Egipte. **het** die ongelooflike piramides **gesien. Het jy geweet dat** die piramides duisende jare gelede gebou is? Hulle is raaiselagtig want hulle is baie groot en ons is nie seker hoe hulle gebou is nie.
   **Ek het kans gekry om** om op 'n kameel se rug om die piramides te ry. Dit was fantasties! **Ek voel** baie gelukkig en beïndruk met my besoek aan Egipte. **Ek wens** jy kon saam met my hier gewees het.
   Liefde
   Sannie

#### LEERDERS VOLTOOI DIE SKRYFPROSES (JY DOEN)

1. Deel leerders se boeke uit.
2. Vertel leerders om die datum en opskrif neer te skryf: **My poskaart:** Rofwerk / Opstel

**3** Sê aan die leerders om na die plan wat hulle Maandag voltooi het te blaai en aan hulle idees te dink.
**4** Sê aan leerders om die skryfraamwerk te voltooi deur van hulle planne gebruik te maak.
**5** Sê aan leerders dat hulle meer sinne kan byvoeg indien hulle genoeg tyd het.
**6** Herinner leerders aan die strategieë wat hulle kan gebruik om hulle te help.
**7** Terwyl leerders besig is om te skryf beweeg in die klas rond en help leerders wat sukkel.

September, 2 2020

My poskaart konsep

Beste Rachel
Ek skryf vir jou van Sun City af.

Ek het so baie glybane gesien en daar is tot n strand hier!

het jy geweet dat e k by al die glybane af is, selfs die skrikkeriges.


Ek het in die sand gespel en geswem.

Ek voel opgewonde un gelukkig om heer te kan wees

Ek wens jy was hier saam met my. ons sow soveel pret saam gehad het.

Groete/Liefde

Isabella



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 9** het.
2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Segmentering En Vermenging

**EK DOEN...**

1 Begin met 'n woord van die Dinsdag les.
2 Sê die woord: **my**
3 Verdeel die woord in individuele klanke: **/m/-/y/**
4 Sê die beginklank van die woord**: /m/**
5 Sê die eindklank van die woord: **/y/**
6 Skryf die woord op die swartbord: **my**
7 Demonstreer deur te wys en die klanke te vermeng om 'n nuwe woord te maak: **/m/-/y/ = my**
8 Herhaal dit met 'n woord van die Woensdagles: **rug**

**ONS DOEN...**

1 Begin met 'n woord van die Dinsdag les.
2 Sê die woord: **rym**
3 Vra die leerders: Wat is die beginklank in die woord? **/r/**
4 Vra die leerders: Wat is die middelklank in die woord? **/y/**
5 Vra die leerders: Wat is die eindklank in die woord? **/m/**
6 Vra die leerders om die woord in individuele klanke te segmenteer: **/r/-/y/-/m/**
7 Skryf die woord: **rym**
8 Gee opdrag aan die leerders om die klanke in die woord saam met jou te segmenteer: **/r/-/y/-/m/ = rym**
9 Herhaal dit met 'n woord van die Woensdagles: **rek**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

# Gedeelde Lees: 15 minute

## Herhaalde Lees


### LEESSTRATEGIE: MAAK VERBINDINGS

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| **Die wintervakansie**<br>Môre sal die eerste dag terug by die skool wees na die wintervakansie. Zweli poets sy skoene. Hy pak sy skooltas. Zweli kan nie wag dat die dag moet aanbreek nie. | Dit **herinner** my hoe ek voel as ek moet teruggaan skool toe na die vakansie! Ek voel altyd opgewonde om al die leerders en my kollegas te sien! |
| Die oggend hardloop Zweli skool toe.<br>Toe hy daar aankom sien hy vir Simone op die swaaie.<br>"Hi Zweli! Waarheen het jy die vakansie gegaan?" vra sy hom<br>"Ek het by die huis gebly," sê Zweli. "Waarheen het jy gegaan?"<br>"Ek het vir my tannie in Maputo gaan kuier," sê sy. "Was jy al ooit daar?" "Nee," sê Zweli. "Hoe is dit?"<br>"Daar is hoë geboue," sê sy. "Die strand is baie naby! Ek het selfs die see gesien!"<br>"Wow!" sê Zweli. "Ek wil ook gaan." | Dit **herinner** my hoe ek gevoel het toe my suster met 'n vliegtuig Knysna toe kon gaan met vakansie. Ek was jaloers dat sy die see kon sien en ek kon nie! |
| Toe kom Tafadzwa aangehardloop na die swaaie. "Hallo julle!" sê hy.<br>"Waar was jy die vakansie?" vra Zweli.<br>"Ek was Zimbabwe toe," sê Tafadzwa. "Ek het vir my ouma gaan kuier. Ons het ver met die bus gery. Ons het na die groot watervalle gaan kyk," sê hy. "Hulle word die Victoria Watervalle genome!"<br>"Wow!" sê Zweli. "Ek wil ook gaan." | Wow, daardie watervalle lyk so mooi! Dit **herinner** my toe ek vriende se foto's op facebook gesien het waar hulle in Egipte was. Toe ek daardie foto's sien, wou ek ook reis! |
| Uiteindelik kom Ayanda na die swaaie, sy dra 'n nuwe rugsak. "Kyk ek het hierdie nuwe sak in Johannesburg gekry," sê sy. "Daar is so baie winkels daar!" sê sy. "Daar is groot winkelsentrums!"<br>"Wow!" sê Zweli. "Ek wil ook gaan." | Dit **herinner** my hoe ek gevoel het toe my suster 'n mooi nuwe rok huis toe gebring het na haar vakansie. Ek was so jaloers dat sy kon reis en nuwe goed koop en ek kon nie! |

WEEK 9

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
| --- | --- |
| Zweli voel nie meer so goed om terug te wees by die skool nie. "Ek wens ek kon iewers nuuts gaan," dink Zweli. "Al wat ek gedoen het was om by die huis te bly." Die klok lui.<br><br>Dit was tyd vir Kreatiewe Skryfwerk. "Vandag gaan ons skryf oor wat ons die vakansie gedoen het!" sê mnr. Maboya.<br><br>Zweli is ontsteld. "Waaroor kan ek skryf? Ek wil nie hê iemand moet my vervelige skryfwerk sien nie," dink hy. | Dit **herinner** my! Zweli moet voel dat almal iets beters as hy gedoen het! Dit **herinner** my hoe ek gevoel het toe al my vriende nuwe rokke aangehad het met die eerste dag van skool, maar ek het nie 'n nuwe rok gehad om te dra nie. Ek was jaloers, want almal het iets nuwer as ek gehad. |
| Mnr. Maboya wys die leerders wat om te doen, Hy teken homself op die bord. Hy vertel die leerders van sy vakansie. "Ek het by die huis gebly en baie boeke gelees," sê mnr. Maboya. "Ek het nuwe tamaties in my tuin geplant. Ek het tyd saam met my familie spandeer," sê hy.<br><br>"Mnr. Maboya het by die huis gebly, net soos ek!" dink Zweli. | Zweli sien 'n verband tussen hom en mnr. Maboya. Hy voel beter, want hy en mnr. Maboya het dieselfde ding die vakansie gedoen! |
| Toe sê mnr. Maboya, die leerders moet dink oor hulle vakansies. Zweli maak sy oë toe. Hy dink hoe hy by sy ma gesit en lees het. Hy dink hoe hy ure saam met sy klein sussie geteken het. Hy dink aan die dag toe sy ouer broer huis toe gekom het en saam met hom sokker gespeel het. | - |
| Aan die einde van hul skryfwerk vra mnr. Maboya wie hulle storie wil deel. Zweli se hand is eerste in die lug. | Zweli sien dat hy nie jaloers hoef te voel nie! Hy het ook iets spesiaals gedoen, selfs al was dit nie iets nuuts nie! |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
| --- | --- |
| Waarheen wou Zweli gaan? | Hy wil na al die plekke waar sy vriende was gaan. Hy wil Mosambiek, Zimbabwe en Johannesburg toe gaan. |
| Wat het mnr. Maboya gedurende sy vakansie gedoen? | Hy het tuis gebly. Hy het tamaties in sy tuin geplant. Hy het baie boeke gelees. Hy het tyd met sy familie spandeer. |
| Hoe het Zweli gevoel toe hy uitvind mnr. Maboya het by die huis gebly soos hy? | Hy het beter gevoel. Hy het nie meer so sleg gevoel dat hy by die huis gebly het, net soos onderwyser nie |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Kan jy 'n **verband sien**? Zweli voel jaloers oor al die nuwe goed wat sy vriende gedoen het. Kan jy dink aan 'n keer toe jy jaloers gevoel het? | • Ek het jaloers gevoel soos Zweli toe…<br>• Dit herinner my aan … |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 9** het.
2. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- jaloers
- heimwee
- duur

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Ons gaan met vakansie, vakansie, vakansie<br>Ons gaan met vakansie na die see! | *Maak asof jy 'n stuurwiel vashou en ry* |
| Ons gaan swem, swem, swem<br>Ons gaan swem in die see! | *Maak asof jy swem* |
| Daarna gaan ons roomys eet, roomys eet, roomys eet<br>Ons gaan daarna roomys eet by die see! | *Maak asof jy 'n roomys vashou en dit lek* |

### BESPREKING VAN GEDEELDE LEES TEKS

1 Skryf die besprekingsraamwerk op die swartbord:
In die storie...
As ek Zweli was, sou ek...gevoel het want....
Van die plekke in die storie sou ek ... wou besoek.
2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepe.**
4 Sê aan die leerders dat elkeen 'n beurt moet neem om elke besprekingsvraag te antwoord.
5 Kry die hele klas se aandag.
6 Vra aan verskillende leerders, of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Woordsoek

Skryf die tabel op die swartbord van vorige klanke wat geleer is sowel as die klanke wat geleer is op Dinsdag en Woensdag. .

| | | |
|---|---|---|
| **y** | **r** | **a** |
| **s** | **t** | **b** |
| **h** | **o** | **m** |
| **e** | **i** | **l** |
| **k** | **u** | |

#### DEMONSTRASIE

1. Herinner leerders aan die klanke van die week: **/y/**en **/r/**
2. Hersien al die klanke en samevoegings op die swartbord.
3. Gee leerders 3 minute om soveel as moontlik woorde wat hulle kan, te maak deur die klanke en vermengings hierbo te gebruik.
4. Wys aan leerders hoe om 'n woord te maak deur die teikenklank te gebruik: **/r/-/y/-/m/= rym**
5. Herinner leerders dat hulle woorde kan maak deur enige klank te gebruik – hulle hoef nie net **/y/** of **/r/** te gebruik nie.
6. Wys leerders hoe om 'n ander woord te maak, bv: **/b/-/a/-/k/** = **bak**

#### LEERDERS DOEN...

1. Sê aan leerders om hulle boeke oop te maak en die Handskrif te skryf: **y, r**
2. Gee opdrag aan die leerders om te begin skryf.
3. Gee leerders 3 minute om soveel woorde as wat hulle kan, te vind en te bou.
4. Laat leerders toe om hulle eie werk te korrigeer.
5. Wys leerders hoe om hierdie woorde te bou (en ander): **sy, hy, my, rym, rot, ram, rug, rek, bak, bel, bes, hek, hak, lig, los, kis, kam, sus, mus, kus, sit, mat, mas, mot, tas**

#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________


## Gedeelde Lees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP, MAAK VERBINDINGS**

**MONDELINGE OF GESKREWE OPSOMMING VAN DIE STORIE**

1. Verduidelik aan die leerders dat ons vandag aan die mees belangrike dele van die teks gaan dink.
2. Ons gaan ook dink oor 'n verbinding wat ons kan maak met die teks.
3. Skryf die opsommingsraam op die swartbord.
4. Gee opdrag aan die leerders dat hulle die raam moet gebruik om die vraag te beantwoord:
   **Die storie handel oor...** (2–3 sinne)
   **Ek het daarvan gehou...**
   **Ek het een keer soos Zweli jaloers gevoel toe...**
5. Verduidelik aan die leerders dat hulle nie alles wat in die teks geskryf is kan oor vertel nie. Hulle moet die mees belangrikste dele uitsoek.
   Demonstreer jou voorbeeld vir die leerders. Sê: ***Die storie handel oor*** *Zweli wat van al die interessante plekke wat sy maats tydens die vakansie besoek het geleer het.* ***Ek het daarvan gehou*** *dat Zweli beter gevoel het toe hy uitgevind het dat sy onderwyser ook by die huis gebly het.* ***Ek het een keer net soos Zweli jaloers gevoel toe*** *my suster nuwe klere gekry het en ek het net haar ou klere gekry.*
6. Wys aan die leerders die prente van die Grootboek storie.
7. Gee leerders 'n paar minute om oor die teks te dink.
8. Gee opdrag aan die leerders om **'te draai en te praat'** en hulle eie opsomming met 'n maat te deel. ***(Hulle moet nie dit wat die onderwyser gesê het memoriseer en herhaal nie. Dit moet die leerders se eie idees wees!)***
9. Kry die leerders se aandag.
10. Vra 1–2 leerders om hulle opsommings met die klas te deel.
11. Skep 'n klas opsomming, soos: ***Die storie handel oor*** *Zweli wat van al die interessante plekke wat sy maats tydens die vakansie besoek het geleer het. Eers het Zweli jaloers gevoel want hy het by die huis gebly. Hy het nie soos sy maatsnuwe plekke besoek nie.* ***Ons het daarvan gehou*** *dat Zweli beter gevoel het en dat hy sy storie van by die huis bly wou deel.*



## Groep Begeleide Lees 30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 9**.
2 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.



## Week-eind taal onderrig hersiening 15 minute

1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2 Voer die weeklikse taal-oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie aktiwiteit kombineer.
3 Onthou om die leerders toe te laat om om te ‘Draai en Praat’ en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan ’n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
   a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   b **Watter stories het ons saam gelees?**
   c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

*Let wel: Hierdie proses van self-evaluasie en refleksie is ’n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 2

## TERMYN 3

# Week 10

# TEMA:

## Ander Plekke

## Voorbereiding Van Klaskamer

1. Aan die begin van die week maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Opdateer jou vertoonborde deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder en dit netjies en versigtig weg te bêre.
3. Volgende, berei die flitskaart woorde, tema woorde en illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
4. Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: prente van die Sewe Wonders (soos in die storie), feite oor die Sewe Wonders.
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Hoe die Sewe Wonders gekies is, plekke wat voorheen as een van die Wonders beskou was.
6. Maak seker dat alle leerders se Boeke / DBO Werkboeke netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.
8. Pas jou Groep Begeleide Lees groepe aan indien nodig.
9. Beplan jou formele en informele assesseringsaktiwiteite vir die week.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry of terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DBO Werkboek 2: Bladsy 52, Ons lees & Bladsy 53, Ons doen

**Aktiwiteit 2:** DBO Werkboek 2: Bladsy 54 & 55, Ons skryf

**Aktiwiteit 3:** DBO Werkboek 2: Bladsy 56 & 57, Ons skryf

**Aktiwiteit 4:** Teken ’n prent van ’n plek wat jy nog nie besoek het nie maar graag wil besoek.

# Maandag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### HERSIEN DIE TEMA BEKEND: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1. Wys aan leerders die prent van Mashudu en sy pa wat lees in die Grootboek storie: Mashudu se reise
2. Vertel aan leerders dat ons voortgaan met die tema: Ander Plekke
3. Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
4. Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5. Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6. Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   - **a** Watter gewilde plekke is julle bewus van?
   - **b** Waarom besoek mense ander plekke?
   - **c** Wat is die voordeel om ander plekke te besoek?

### TEMA WOORDESKAT

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - verbeelding
   - antieke
   - wonder

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Ons gaan met vakansie, vakansie, vakansie<br>Ons gaan met vakansie na die see! | *Maak asof jy 'n stuurwiel vashou en ry* |
| Ons gaan swem, swem, swem<br>Ons gaan swem in die see! | *Maak asof jy swem* |
| Daarna gaan ons roomys eet, roomys eet, roomys eet<br>Ons gaan daarna roomys eet by die see! | *Maak asof jy 'n roomys vashou en dit lek* |

## Handskrif

15 minute

1. Vra die leerders moet hulle boeke oop maak.
2. Sê die volgende klanke/woorde sodat die leerders dit kan neerskryf.
   - **a** **tas**

- **b** **pan**
- **c** **son**
- **d** **mat**
- **e** **sit**
- **f** **das**
- **g** **gom**
- **h** **kis**
- **i** **kus**
- **j** **bel**

3 Vra leerders om 'n gekleurde potleed te neem en hulle eie werk te merk.
4 Skryf die klanke en woorde duidelik op die bord..
5 Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

Sin: ____________________

____________________

## Gedeelde Lees: 15 minute

## Voorlees

### BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL

1 Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2 Maak die Grootboek oop by die storie: **Mashudu se reise**
3 Gaan deur die prente van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4 Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5 Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6 Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.

## Skryfwerk: 30 minute

### Redigeer

**ONDERWERP:** Verbeel jou jy besoek 'n verafgeleë plek. Skryf 'n poskaart aan jou geliefde waarin jy hulle van jou reis te vertel. Gebruik jou verbeelding.

**OPDRAG:** Skryf 'n brief wat uit 6–8 sinne bestaan.

**VOORBEREIDING:**
- Skryf die redigerings kontrolelys op die swartbord voor die les begin.
- Skryf jou rofwerk/opstel op die swartbord voor die begin van die les. Sluit een of twee foute in.

**REDIGERING KONTROLELYS:**
1. Het ek geskryf asof ek met iemand gesels?
2. Het ek my verbeelding gebruik om 'n interessante bestemming te kies?
3. Het ek interessante besonderhede oor die bestemming ingesluit?
4. Het ek 'n groet en afsluiting in gesluit?
5. Het ek al die woorde reg gespel?
6. Begin elke sin met 'n hoofletter?
7. Eindig elke sin met die regte leesteken?

#### DEMONSTREER DIE REDIGERINGSPROSES (EK DOEN)

1. Lees die redigering kontrolelys hardop vir die leerders.
2. Lees jou rofwerk/opstel haardop vir die leerders.
3. Werk deur die kontrolelys, wys aan die leerders waar jou rofwerk/opstel regs is, of waar jy verbeterings of regstellings moet maak.
4. Demonstreer die regstellingsproses vir die leerders.

#### LEERDERS VOLTOOI DIE REDEGERINGSPROSES (JY DOEN)

1. Deel leerders se boeke uit.
2. Sê aan leerders om na hulle rofwerk / opstel van die skryfopdrag te blaai.
3. Sê aan leerders om deur die redigerings kontrolelys te werk en verbeterings of regstellings te maak.
4. Terwyl leerders besig is om te skryf, beweeg in die klas rond en hou mini konferensies – maak seker jy werk saam met 'n verskillende groep leerders vir elke skryfopdrag.
5. Maak 'n nota van enige algemene foute wat leerders maak in hulle skryfwerk.
6. Kry die leerders se aandag en skryf die algemene foute op die swartbord neer.
7. Wys vir die leerders hoe om die foute reg te stel.

September, 2 2020

My poskaart konsep

Beste Rachel
Ek skryf vir jou van Sun City af.

Ek het so baie glybane gesien en daar is tot n strand hier!

het jy geweet dat ek by al die glybane af is, selfs die skrikkeriges.


Ek het in die sand gespel en geswem.

Ek voel opgewonde un gelukkig om heer te kan wees

Ek wens jy was hier saam met my. ons soy soveel pret saam gehad het.

Groete/Liefde

Isabella



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 10** het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Hersiening van klanke en woorde

**HERSIEN KLANKE**

1 Sê die klank en hou die flitskaarte op van al die klanke wat in die termyn gedek is: **/a/ /s/ /t/ /p/ /n/ /o/ /m/ /d/ /i/ /g/ /k/ /u/ /e/ /l/ /b/ /h/ /y/ /r/**
2 Wys die flitskaarte in verskillende volgordes en vra individuele leerders om die klanke te lees.
3 Plaas die klankekaarte op die swartbord.
4 Vra verskillende leerders om woorde op die swartbord te kom bou met die klankekaarte.
5 Vra dan die leerders om so veel as moontlik woorde te bou en in hulle skrifte te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________________

## Handskrif: 15 minute

### Hersien nuwe letter(s) / woorde / sinne

1 Wys die leerders hoe om kort sinne te skryf op die swartbord.
2 Herinner hulle daaraan dat sinne met hoofletters begin en ’n punt aan die einde kry.
3 Die leerders moet dan die sinne in hulle skrifte skryf.

*Ons sien ’n tier.*

*Hy snak na sy asem.*

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

Sin: ____________________

____________________

## Gedeelde Lees: 15 Minute

### Aanvangslees


**BEGRIPSTRATEGIE: SOEK DIE TEKS**

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| **Mashudu se reise**<br><br>Mashudu se pa kom terug huis toe vanaf die biblioteek, hy het 'n boek met die titel "Die Nuwe Sewe Wonders van die Wêreld" by hom. | **Watter** boek het Mashudu se pa huis toe gebring? O! Hy het 'n boek met die titel "Die Nuwe Sewe Wonders van die Wêreld" huistoe gebring. |
| Na aandete gaan sit Mashudu en sy pa saam op die bank. "Kom ons sien wat het ons hier!" sê Mashudu se pa, soos hy die boek oopmaak.<br><br>"Kom ons besluit watter van die sewe wonders wil ons die graagste besoek!" sê Mashudu opgewonde. | -- |
| Die titel op die eerste blad sê, 'Die Groot Muur van China'. Mashudu se pa lees hardop die beskrywing:<br><br>*Die Groot Muur van China is meer as 2000 jaar gelede gebou om die Chinese van hul vyande te beskerm. Die Groot Muur is die langste struktuur wat ooit deur mense gebou is.* Mashudu bestudeer die prentjie van die pragtige muur. "Sjoe! Ek dink dit is die Wonder wat ek die graagste wil besoek!" sê Mashudu. | **Wat** is die eerste Wonder van die wêreld? O! Ek lees hier dit is Die Groot Muur van China. |
| Mashudu se pa lees die titel van die tweede bladsy, "Christus die Verlosser Standbeeld, Brasilië". Toe lees hy die beskrywing onder die prent van die reusagtige standbeeld: *Christus die Verlosser Standbeeld is gebou bo-op die Corcovado Berge in Rio de Janeiro, Brasilië. Dit toring uit bo die stad. Die is 30 meter hoog.*<br><br>"Sjoe! Ek dink dit is die Wonder wat ek die graagste wil besoek!" sê Mashudu. | **Waar** is die tweede Wonder van die wêreld? O! Ek lees hier dit is in Brasilië. |

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Mashudu se pa blaai die bladsy om om die derde Wonder van die Wêreld te wys.<br>"Sjoe!" roep Mashudu uit, "Ek dink dit is die Wonder wat ek die graagste wil besoek!"<br>"Dit is Machu Picchu," sê sy pa, "dit is in Peru!" Sy pa lees die beskrywing: *Machu Picchu is 'n antieke stad hoog in die Andes Gebergtes in Peru, Suid-Amerika. Die stad is ongeveer 600 jaar gelede, deur die Inkas, gebou.* | **Wat** is die derde Wonder van die wêreld? O! Ek lees hier dit is 'n antieke stad met die naam Machu Picchu. |
| Mashudu lees die titel van die vierde Wonder, 'Chichen Itza, Mexico'.<br>"Is dit ook antiek?" vra Mashudu.<br>"Hoekom lees jy nie om uit te vind nie," sê sy pa.<br>Mashudu lees: Chichen Itza was 'n antieke Maya stad. Een van die bekendste geboue in die stad is die piramide wat El Caracol genoem word. In antieke tye, is dit gebruik om snags na die sterrehemel te kyk.<br>"Sjoe! Miskien is dit die Wonder wat ek die graagste wil besoek!" sê Mashudu. | **Waar** is die vierde Wonder van die wêreld? Ek lees dit is in Mexico. |
| "Kyk, dit is die Kolosseum in Rome, Italië!" sê Mashudu se pa. "Dit is meer as 2000 jaar gelede gebou. Daar was sitplek vir meer as 50 000 mense vir openbare geleenthede.<br>"Dit sê hier dat gladiators geveg het!" roep Mashudu uit. "Miskien is dit die Wonder wat ek die graagste wil besoek!" | **Wanneer** is die Kolosseum gebou? Ek lees hier dat dit meer as 2000 jaar gelede gebou is. Ek leer in hierdie storie dat baie van die Wonders van die wêreld antiek is. |
| "Ek ken daardie een!" sê Mashudu toe sy pa die bladsy omblaai. "Dit is die Taj Mahal in Indië." Mashudu onthou hy het daaroor gelees in 'n boek oor Indië. "Ek onthou die heerser het dit as 'n grafkelder vir sy vrou gebou," sê hy.<br>"Ek wou nog altyd na die Taj Mahal gaan! Dit is die Wonder wat ek die graagste wil besoek!" sê Mashudu. | **Wie** het die Taj Mahal gebou? Ek lees hier dit was 'n Indiese heerser wat dit as 'n grafkelder vir sy vrou gebou het. |
| Uiteindelik, kom hul by die sewende Wonder uit. Mashudu se pa lees die titel, "Petra, Jordanië," en die beskrywing: *Petra is 'n pragtige stad uitgekerf in rooi rots deur 'n antieke Arabiese stam. Die stad is in die woestyn gebou. Die mense het egter 'n ingewikkelde metode ontwerp om reën – en vloedwaters op te vang en op hierdie manier het hulle altyd water gehad."*<br>"Sjoe! Miskien is dit die Wonder wat ek die graagste wil besoek!" sê Mashudu. | **Wat** is die sewende Wonder van die wêreld? O! Ek lees hier dit is 'n antieke stad met die naam Petra. Daar is 'n paar antieke stede op die lys van Sewe Wonders! |

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Mashudu se pa maak die boek toe en gee vir hom 'n klein stukkie papier en 'n potlood.<br>"Skryf neer watter van die Wonders jy die graagste wil besoek," sê hy. Hulle neem 'n oomblik om te skryf. Toe vou hulle hul papiertjies op en ruil dit uit.<br>"'Is jy reg? 1–2-3...maak oop!" | Mmm, ek **wonder** watter Wonder ek sou neerskryf? |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| Wat was die titel van die boek wat Mashudu se pa huis toe gebring het? | Die boek is genoem, "Die Nuwe Sewe Wonders van die Wêreld". |
| Watter Wonder het Mashudu al vantevore gesien? | Hy het al die Taj Mahal in 'n boek oor Indië gesien. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Watter Wonder sou jy op die klein stukkie papier neergeskryf het?<br>Hoekom? | *Ek sou .... neergeskryf het, want ...* |



## Groep Begeleide Lees 30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 10** het.
2. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - beskrywing
   - onthul
   - pragtige

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Ons gaan met vakansie, vakansie, vakansie<br>Ons gaan met vakansie na die see! | *Maak asof jy 'n stuurwiel vashou en ry* |
| Ons gaan swem, swem, swem<br>Ons gaan swem in die see! | *Maak asof jy swem* |
| Daarna gaan ons roomys eet, roomys eet, roomys eet<br>Ons gaan daarna roomys eet by die see! | *Maak asof jy 'n roomys vashou en dit lek* |

### KREATIEWE STORIE VERTEL (TWEEDE WEEK VAN DIE TEMA)

1. Verdeel leerders in hul klein groepe
2. Gee aan elkeen 'n afskrif van die kreatiewe storievertel prentjies.
3. Sê aan die leerders om te dink aan 'n storie wat pas by die prentjies.
4. Gee aan die leerders 'n minuut of twee om aan idees te dink.
5. Nou moet elke leerder in die groep 'n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.
6. Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
7. Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.
8. Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.



## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Hersiening van klanke en woorde

**HERSIEN WOORDE**

1. Jy moet jou klankekaarte gereed hê vir hierdie les.
2. Vertoon elke woord apart en vra verskillende leerders om dit te lees.
3. As leerders nie ’n woord kan lees nie, help hulle om die woord te klank.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________


Woorde: ______________________________

______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Hersien nuwe letters/ woorde/ en sinne

1. Wys die leerders hoe om kort sinne te skryf op die swartbord.
2. Herinner hulle daaraan dat sinne met hoofletters begin en ’n punt aan die einde kry.
3. Die leerders moet dan die sinne in hulle skrifte skryf.




**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

# Skryfwerk:

## Publiseer en bied aan

**ONDERWERP:** Verbeel jou jy besoek 'n verafgeleë plek. Skryf 'n poskaart aan jou geliefde waarin jy hulle van jou reis te vertel. Gebruik jou verbeelding.

**OPDRAG:** Skryf 'n brief wat uit 6–8 sinne bestaan.

**SKRYFRAAMWERK:**

Liewe...

Ek skryf vanaf...

I het... gesien

Het jy geweet dat...

Ek het kans gekry om...

Ek voel...

Ek wens...

Liefde

....


**VOORBEREIDING:**

Maak 'n voorbeeld poskaart voor die begin van die les.

Doen dit deur 'n vel A4 papier in die helfte te sny.

Teken 'n prent aan die een kant en jou redigeer die boodskap aan die anderkant.

Teken twee reghoeke op die swartbord soos volg:



## DEMONSTREER DIE PUBLISERINGSPROSES (EK DOEN)

1. Herinner die leerders dat hulle Maandag die redigering kontrolelys gebruik het om hulle werk te verbeter en reg te stel.
2. Sê aan die leerders dat hulle vandag hulle voltooide werk gaan publiseer en aan bied.
3. Wys aan die leerders jou voorbeeld poskaart. Verduidelik dat daar ’n prent aan die een kant van die poskaart is en ’n boodskap en die ontvanger se adres aan die anderkant.

## LEERDERS VOLTOOI DIE REDEGERINGSPROSES (JY DOEN)

1. Deel ’n A5 vel papier uit vir elke leerder
2. Vertel leerders om hulle boodskap aan die een kant van die poskaart te skryf. Verduidelik dat hulle hul verbeeldings moet gebruik vir die adres.
3. Verduidelik aan die leerders dat hulle ’n prent van hulle bestemming aan die anderkant van die poskaart moet teken.
4. Vertel die leerders dat hulle, hulle boodskap netjies moet neer te skryf sonder enige foute.
5. Terwyl leerders besig is om te skryf beweeg in die klas rond en help leerders wat sukkel.

## LEERDERS BIED HULLE SKRYFWERK AAN

1. In die laaste 5 minute van die les se aan die leerders om hulle penne en potlode neer te sit en te luister.
2. Sê aan leerders om te **‘draai en te praat’** en hulle skryfwerk vir hulle maat te lees.
3. Roep een of twee leerders na vore om hulle skryfwerk hardop vir die klas te lees.
4. Vertoon die leerders se werk ooral in die klas of op die tematafel vir die leerders om te lees.




Beste Rachel,

Ek skryf vir jou van Sun City af.
Ek het so baie glybane gesien
en daar is tot 'n strand hier!
Het jy geweet dat ek by al die
glybane af is, selfs die
skrikkeriges.

Ek het in die sand gespeel en
geswem.
Ek voel opgewonde en gelukkig
om hier te kan wees.
Ek wens jy was hier saam met
my. Ons sou soveel pret saam
gehad het.

Liefde
Isabella

Rachel Gosani
22 Haven Street
Johannesburg
Gauteng
2045



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 10** het.
2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Segmentering En Vermenging – Hersiening

**EK DOEN...**

1 Gebruik 2 woorde wat dieselfde klink: **pan; dan**
2 Sê die woord: **pan**
3 Breek die woord op in individuele klanke: **/p/-/a/-/n/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/p/**
5 Sê die middelklank van die woord: **/a/**
6 Sê die eindklank van die woord: **/n/**
7 Skryf nou die woord op die swartbord: **pan**
8 Demonstreer deur te wys en die klanke te vermeng om 'n nuwe woord te maak: **/p/-/a/-/n/** = **pan**
9 Herhaal dit met die volgende woord: **dan**

**ONS DOEN...**

1 Gebruik 2 ander woorde wat dieselfde klink, byvoorbeeld: **mat; mot**
2 Sê die woord: **mat**
3 Vra die leerders: Wat is die beginklank in die woord? **/m/**
4 Vra die leerders: Wat is die middelklank in die woord? **/a/**
5 Vra die leerders: Wat is die eindklank in die woord? **/t/**
6 Vra die leerders om die woord in individuele klanke te segmenteer: **/m/-/a/-/t/**
7 Skryf die woord: **mat**
8 Gee opdrag aan die leerders om die klanke in die woord saam met jou te segmenteer: **/m/-/a/-/t/** = **mat**
9 Herhaal dit met die volgende woord: **mat**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

# Gedeelde Lees:

15 minute


## Herhaalde Lees

### LEESSTRATEGIE: SOEK DIE TEKS

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| **Mashudu se reise**<br>Mashudu se pa kom terug huis toe vanaf die biblioteek, hy het 'n boek met die titel "Die Nuwe Sewe Wonders van die Wêreld" by hom. | **Hoekom** het Mashudu se pa 'n boek oor die Sewe Wonders huistoe gebring? O! Sodat hulle van nuwe plekke in die wêreld kan leer. |
| Na aandete gaan sit Mashudu en sy pa saam op die bank. "Kom ons sien wat het ons hier!" sê Mashudu se pa, soos hy die boek oopmaak.<br>"Kom ons besluit watter van die sewe wonders wil ons die graagste besoek!" sê Mashudu opgewonde. | **Hoe** voel Mashudu toe hulle die boek gaan lees? O! Die woord '*opgewonde*' wys vir my hy voel opgewonde! |
| Die titel op die eerste blad sê, 'Die Groot Muur van China'. Mashudu se pa lees hardop die beskrywing:<br>*Die Groot Muur van China is meer as 2000 jaar gelede gebou om die Chinese van hul vyande te beskerm. Die Groot Muur is die langste struktuur wat ooit deur mense gebou is.* Mashudu bestudeer die prentjie van die pragtige muur. "Sjoe! Ek dink dit is die Wonder wat ek die graagste wil besoek!" sê Mashudu. | **Hoekom** is Die Groot Muur van China gebou? O! Ek lees hier dit is gebou om die antieke Chinese van hulle vyande te beskerm. |
| Mashudu se pa lees die titel van die tweede bladsy, "Christus die Verlosser Standbeeld, Brasilië". Toe lees hy die beskrywing onder die prent van die reusagtige standbeeld: *Christus die Verlosser Standbeeld is gebou bo-op die Corcovado Berge in Rio de Janeiro, Brasilië. Dit toring uit bo die stad. Die is 30 meter hoog.*<br>"Sjoe! Ek dink dit is die Wonder wat ek die graagste wil besoek!" sê Mashudu. | -- |
| Mashudu se pa blaai die bladsy om om die derde Wonder van die Wêreld te wys.<br>"Sjoe!" roep Mashudu uit, "Ek dink dit is die Wonder wat ek die graagste wil besoek!"<br>"Dit is Machu Picchu," sê sy pa, "dit is in Peru!" Sy pa lees die beskrywing: *Machu Picchu is 'n antieke stad hoog in die Andes Gebergtes in Peru, Suid-Amerika. Die stad is ongeveer 600 jaar gelede, deur die Inkas, gebou.* | **Wat** was die doel van Machu Picchu? O! Ek lees hier dat dit 'n stad was. Dit moet beteken dat dit gebou is vir mense om in te bly. |

<table>
<tr><th>Teks</th><th>Herhaalde lees (Dink hardop)</th></tr>
<tr><td>Mashudu lees die titel van die vierde Wonder, ‘Chichen Itza, Mexico’.<br><br>“Is dit ook antiek?” vra Mashudu.<br><br>“Hoekom lees jy nie om uit te vind nie,” sê sy pa.<br><br>Mashudu lees: Chichen Itza was ’n antieke Maya stad. Een van die bekendste geboue in die stad is die piramide wat El Caracol genoem word.<br>In antieke tye, is dit gebruik om snags na die sterrehemel te kyk.<br><br>“Sjoe! Miskien is dit die Wonder wat ek die graagste wil besoek!” sê Mashudu.</td><td>Wat is die bekendste deel van Chichen Itza? Ek lees hier dit is die piramide wat El Caracol genoem word.</td></tr>
<tr><td>“Kyk, dit is die Kolosseum in Rome, Italië!” sê Mashudu se pa. “Dit is meer as 2000 jaar gelede gebou. Daar was sitplek vir meer as 50 000 mense vir openbare geleenthede.<br><br>“Dit sê hier dat gladiators geveg het!” roep Mashudu uit. “Miskien is dit die Wonder wat ek die graagste wil besoek!”</td><td>Wat dink Mashudu is interessant van die Kolosseum? Ek dink hy vind dit interessant dat gladiators eens op ’n tyd hier geveg het!</td></tr>
<tr><td>“Ek ken daardie een!” sê Mashudu toe sy pa die bladsy omblaai. “Dit is die Taj Mahal in Indië.” Mashudu onthou hy het daaroor gelees in ’n boek oor Indië. “Ek onthou die heerser het dit as ’n grafkelder vir sy vrou gebou,” sê hy.<br><br>“Ek wou nog altyd na die Taj Mahal gaan! Dit is die Wonder wat ek die graagste wil besoek!” sê Mashudu.</td><td>Hoe weet ons Mashudu wil graag reis? O! Dit moet wees omdat hy sê hy al die Wonders wil sien!</td></tr>
<tr><td>Uiteindelik, kom hul by die sewende Wonder uit. Mashudu se pa lees die titel, “Petra, Jordanië,” en die beskrywing: Petra is ’n pragtige stad uitgekerf in rooi rots deur ’n antieke Arabiese stam. Die stad is in die woestyn gebou. Die mense het egter ’n ingewikkelde metode ontwerp om reën – en vloedwaters op te vang en op hierdie manier het hulle altyd water gehad.”<br><br>“Sjoe! Miskien is dit die Wonder wat ek die graagste wil besoek!” sê Mashudu.</td><td>Waarheen wil Mashudu die graagste gaan? Ons weet nie, want hy wil na al die Wonders in die boek gaan!</td></tr>
<tr><td>Mashudu se pa maak die boek toe en gee vir hom ’n klein stukkie papier en ’n potlood.<br><br>“Skryf neer watter van die Wonders jy die graagste wil besoek,” sê hy. Hulle neem ’n oomblik om te skryf. Toe vou hulle hul papiertjies op en ruil dit uit.<br><br>“‘Is jy reg? 1–2-3...maak oop!”</td><td>--</td></tr>
</table>

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Hoekom is die Groot Muur van China gebou? | Dit is gebou om die Chinese teen hul vyande te beskerm. |
| Hoekom is die Taj Mahal gebou? | Dit is gebou as 'n grafkelder vir die heerser se vrou. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Mashudu se pa die boek "Die Nuwe Sewe Wonders van die Wêreld" huistoe gebring? | • Sodat hul van nuwe plekke kon leer.<br>• Sodat hul van interessante plekke regoor die wêreld kon leer.<br>• Sodat hulle van plekke ver van hier kan leer, selfs al het hulle nie die geld om te reis nie.<br>• Sodat hulle nuwe plekke deur middel van prente kan besoek. |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ___________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 10** het.
2 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

WEEK 10

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- keiser
- vyand
- gladiator

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Ons gaan met vakansie, vakansie, vakansie<br>Ons gaan met vakansie na die see! | *Maak asof jy 'n stuurwiel vashou en ry* |
| Ons gaan swem, swem, swem<br>Ons gaan swem in die see! | *Maak asof jy swem* |
| Daarna gaan ons roomys eet, roomys eet, roomys eet<br>Ons gaan daarna roomys eet by die see! | *Maak asof jy 'n roomys vashou en dit lek* |

### BESPREKING VAN GEDEELDE LEES TEKS

1 Skryf die besprekingsraamwerk op die swartbord:
In die storie ....
Ek dink Mashudu sal...kies...want...
Ek dink dat die storie geskryf is om my te leer dat...
2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepe.**
4 Sê aan die leerders dat elkeen 'n beurt moet neem om elke besprekingsvraag te antwoord.
5 Kry die hele klas se aandag.
6 Vra aan verskillende leerders, of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: Woordsoek

15 minute

Teken die tabel op die swartbord en sluit al die klanke in wat ons hierdie termyn geleer het.

| | | |
|---|---|---|
| **a** | **s** | **t** |
| **p** | **n** | **o** |
| **m** | **d** | **i** |
| **g** | **k** | **u** |
| **e** | **l** | **b** |
| **h** | **y** | **r** |

### WYS HOE

1. Hersien al die klanke wat op die swartbord is.
2. Gee die leerders 3 minute om so veel woorde as monntlik te bou met die klanke op die swartbord.

### LEERDERS DOEN.

1. Leerders maak hulle boeke oop.
2. Sê dat hulle kan begin skryf.
3. Gee die leerders 3 minute om so veel woorde as moontlik te bou met die klanke op die swartbord.
4. Laat die leerders hulle eie werk merk.
5. Vra die leerders om hulle woorde met die klas te deel en dit op die swartbord te skryf.


### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

WEEK 10




## Gedeelde Lees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP, VISUALISEER**

**ILLUSTREER DIE STORIE**

1. Laat die leerders by hulle banke gaan sit. Deel hulle boeke of ’n skoon vel papier uit. Hulle moet hulle potlode en kryte gereed hê.
2. **Verduidelik** aan die leerders dat hulle ’n Wonder in die storie wat gaan teken en daaroor skryf.
3. **Demonstreer** hoe jy **die wonder wat jy sou kies visualiseer**, soos: Ek so graag na Petra wou reis want dit is ’n antieke stad in die woestyn. Dit klink interessant en raaiselagtig!
4. Teken ’n prent op die swartbord van Petra.
5. **Demonstreer** hoe jy ’n sin by jou tekening byvoeg, soos: As ek Mashudu was, sou ek Petra kies.
6. Verduidelik aan die leerders dat hulle nou een van die Wonders van die storie gaan kies.
7. Vertel die leerders om hul oë toe te maak en te ontspan. Lees die storie nog een keer vir die leerders.
8. Vertel die leerders om hulle oë oop te maak en hulle idees te teken.
9. Gee die leerders instruksie **om te draai en met ’n maat te praat** oor hul tekeninge.



## Groep Begeleide Lees 30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 10**.
2. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

## Week-eind taal onderrig hersiening

15 minute

1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2 Voer die weeklikse taal-oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie aktiwiteit kombineer.
3 Onthou om die leerders toe te laat om om te 'Draai en Praat' en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
   a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   b **Watter stories het ons saam gelees?**
   c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

*Let wel: Hierdie proses van self-evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*